

1 SAMUEL

Inleiding 1 en 2 Samuel

1 en 2 Samuel is een boek maar is in twee gedeeltes, omdat een boekrol nie al die materiaal kon bevat nie. Die naam *Samuel* is ontleen aan een van die hooffigure in die eerste deel van die geskrif.

1 en 2 Samuel vorm deel van die groep (*Josua, Rigters, 1 en 2 Samuel, en 1 en 2 Konings*), wat bekend staan as die Vroeë Profete. In die Septuagint word *1 en 2 Samuel* en *1 en 2 Konings* as een geskiedenis beskou, en word dit *1, 2, 3 en 4 Konings* genoem.

Die skrywer of samestellers van *1 en 2 Samuel* is onbekend. Aangesien Samuel se dood, asook gebeure ná sy dood in die boeke beskryf word, kon hy nie die skrywer gewees het nie. Daar klink twee verskillende stemme op in die werk *1 en 2 Samuel*. Dawid word byvoorbeeld verskillend beoordeel: In 1 Samuel 22 — 30; 26:10-11 en 2 Samuel 8:1-15 kry die leser 'n positiewe beeld van Dawid, maar in 2 Samuel 16:7-8 en 11:1 — 20:6 word hy negatief voorgestel. Dieselfde geld vir die koningskap. In 1 Samuel 8:1-21 word die koningskap negatief beoordeel, maar in 1 Samuel 9:1-17 word die koningskap voorgehou as God se antwoord op die volk se hulpgeroep. Hierdie verskille het daartoe aanleiding gegee dat die ontstaan van die werk as 'n proses in twee fases gesien word: 'n Aanvanklike vertelling waarin Dawid en die positiewe verwagtinge van sy dinastie die botoon voer, maar 'n verwerking van daardie eerste vertellings in 'n tyd toe die koningskap misluk het. Hierdie werk sou dan sy finale vorm gekry het in die tyd van die Babiloniese ballingskap in kringe wat die boek *Deuteronomium* hoog geag het en negatief gestaan het teenoor die koningskap. Die finale samestellers van die werk moet waarskynlik in

profetiese kringe gesoek word (vgl bv die rol van Samuel as profeet).

Die eerste lesers van die werk in sy huidige vorm was dan vermoedelik Judese ballinge in Babel. Die lesers word daarop gewys dat die ballingskap die gevolg was van ongehoorsaamheid aan God en die verbreking van sy verbond.

Die *Samuel*-boeke is geskiedsvertelling in prosastyl. Poësie is in die vertellings ingebed in die vorm van lofliedere (2 Sam 22:1-51), treurliedere (2 Sam 1:19-27; 3:33-34), gebede (1 Sam 2:1-10; 2 Sam 7:18-29), profetespreuke (1 Sam 15:22-23,33; 16:6; 2 Sam 23:1-7) en ander kort spreuke (1 Sam 18:7; 24:4). Verder kom naamlyste ook voor (2 Sam 5:14-16; 23:24-39). Die vertellings dek die tydperk vanaf die begin van die koningskap tot by die gebeure wat aanleiding gegee het tot die bou van die tempel.

Die Hebreeuse teks van veral *1 Samuel* is nie goed oorgelewer nie. Die teks bevat heelwat probleme, waarvoor van die Qumrangeskrifte en die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint) dikwels oplossings bied. Sulke gevalle word in die voetnote vermeld.

In *1 en 2 Samuel* is die vestiging van die koningskap in Israel die belangrikste tema. Aanvanklik misluk Saul as koning en neem Dawid ná baie stryd by hom oor. Hy is die voorbeeld van 'n goeie koning, maar faal ook uiteindelik wanneer hy egbreuk pleeg en sy getrouste volgeling laat doodmaak (2 Sam 11:1 — 12:25). Die vraag oor wie Dawid gaan opvolg, word dan die oorheersende tema (2 Sam 13:1 — 21:14). Soos in die voorafgaande boeke is gehoorsaamheid aan God die maatstaf waaraan almal se optrede gemeet word.

Die boeke kan soos volg ingedeel word:

1 Sam 1 — 8 Samuel, die laaste rigter

1 Sam 9 — 15 Saul, die eerste koning

1 Sam 16 — 31 Dawid en Saul

2 Sam 1 — 6 Dawid vestig sy koningskap

2 Sam 7 Die verbond met Dawid

2 Sam 8 — 10 Gebeure ná die vestiging van Dawid se koninkryk

2 Sam 11 — 12 Dawid se sonde

2 Sam 13 — 20 Die stryd om die opvolging

2 Sam 21 — 24 Verdere gebeure tydens Dawid se koningskap

1

Samuel se geboorte

¹ Daar was 'n sekere man uit Ramatajim Sofim,^a in die heuweland van Efraim.* Sy naam was Elkana, seun van Jerogam,* seun van Elihu, seun van Togu, seun van Suf, uit Efraim.^b ² Hy het twee vroue gehad.* Die eerste vrou se naam was Hanna en die tweede vrou se naam was Peninna. Peninna het kinders gehad, maar Hanna het geen kinders gehad nie.*

³ Hierdie man het jaar ná jaar uit sy dorp opgegaan om te aanbid en vir die HERE, Heerser oor alle magte, offers te bring in Silo,* waar die twee seuns van Eli, Hofni en Pinehas, priesters van die HERE was.*

^a**1:1 man ... Sofim:** Word ook vertaal “'n man uit Ramatajim, die Suffiete” of “'n man uit Ramatajim, 'n Suffiet”.

* **1:1 heuweland van Efraim:** Jos 24:33; Rig 2:9; 17:1

* **1:1 Elkana ... Jerogam:** 1 Kron 6:27,35

^b**1:1 Efraim:** Die bronteks lui “Efratiet”; vgl Rig 12:5.

* **1:2 Hy ... vroue gehad:** Vgl Deut 21:15-17

* **1:2 geen kinders ... nie:** Vgl Gen 11:30; Rig 13:2; Luk 1:7

* **1:3 jaar ná ... Silo:** Deut 12:5; Jos 18:1; 1 Sam 1:21

* **1:3 twee ... was:** 1 Sam 2:12-17

⁴*Wanneer Elkana die dag geoffer het, het hy vir sy vrou Peninna en vir al haar seuns en dogters dele van die offervleis gegee. ⁵Maar vir Hanna kon hy net een deel gee^c — al het hy haar liefgehad — want die HERE het haar moederskoot gesluit. ⁶Haar mededinger het haar ook erg getreiter om haar seer te maak, omdat die HERE haar moederskoot gesluit het.

⁷So het dit jaar ná jaar gegaan. Elke keer as Hanna opgegaan het na die huis van die HERE, het Peninna haar só getreiter dat sy gehuil het en nie wou eet nie. ⁸Elkana, haar man, het op 'n keer vir haar gesê: “Hanna, hoekom huil jy? Hoekom eet jy nie? Hoekom is jy hartseer? Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?*

⁹Nadat hulle daar in Silo klaar geëet en gedrink het, het Hanna opgestaan. Eli, die priester, het op die stoel by die deurkosyn van die tempel van die HERE gesit. ¹⁰*Sy was bitter ongelukkig en het tot die HERE gebid terwyl sy onbedaarlik huil. ¹¹*Sy het 'n gelofte afgelê* en gesê: “HERE, Heerser oor alle magte, as U tog net die ellende van u slavin wil raaksien* en aan my sal dink en u slavin nie sal vergeet nie, en as U aan u slavin 'n manlike nasaat sal gee, dan sal ek hom aan U, HERE, teruggee so lank hy leef. 'n Skeermes sal nooit oor sy kop gaan nie.^d”

¹²Terwyl Hanna so aanhou bid voor die HERE, het Eli haar mond

*1:4 Deut 12:17-18

^c1:5 een deel gee: Die •Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, letterlik ‘een deel gee, 'n dubbele aangesig’. Dit word dan ook vertaal “'n dubbele deel”.

*1:8 Is ... seuns nie: Rut 4:15

*1:10-11 1 Sam 2:1-10

*1:11 Luk 1:13-15

*1:11 gelofte afgelê: Rig 11:30

*1:11 ellende ... raaksien: Vgl Gen 29:12

^d1:11 Skeermes ... gaan nie: Dit beteken dat die seun 'n •nasireër sou wees; vgl Num 6:2-5; Rig 13:5.

dopgehou. ¹³ Maar Hanna self was besig om in haar hart te praat — net haar lippe het beweeg en haar stem was onhoorbaar. Eli het gedink sy is dronk. ¹⁴ Eli sê toe vir haar: “Hoe lank nog gaan jy dronk bly? Raak ontslae van jou wyn!”

¹⁵ Maar Hanna het geantwoord en gesê: “Nee, my heer! Ek is 'n vrou met 'n swaar gemoed. Wyn of sterk drank het ek nie gedrink nie, maar ek het my hart voor die HERE uitgestort.* ¹⁶ Moet my, u slavin, nie as 'n slegte vrou beskou nie, want dit is oor my kommer en ontsteltenis wat ek so lank gepraat het.”

¹⁷ Eli het haar geantwoord en gesê: “Gaan in vrede! Die God van Israel sal jou versoek, dit wat jy van Hom gevra het, toestaan.*”

¹⁸ “Mag u slavin genade vind in u oë,” het sy gesê.

Die vrou is toe daar weg. Sy het geëet, en haar gesig was nie meer droewig nie. ¹⁹ Hulle het vroeg die volgende môre opgestaan, voor die HERE in aanbidding gebuig, en weer na hulle huis in Rama gegaan.

Elkana het met sy vrou Hanna gemeenskap gehad, en die HERE het aan haar gedink. ²⁰ Met die draai van die jaar^e was Hanna swanger en het sy aan 'n seun geboorte gegee. Sy het hom Samuel genoem, “want,” het sy gesê, “van die HERE het ek hom gevra”.^f

Wyding van Samuel aan die HERE

²¹ *Hierdie man, Elkana, en sy hele gesin het weer opgegaan om aan die HERE die jaarlikse offer te bring en sy gelofte na te kom. ²² Hanna het nie

* **1:15 hart ... uitgestort:** Ps 42:5; 62:9; Klaagl 2:19

* **1:17 jou versoek ... toestaan:** Ps 20:5-6

^e**1:20 Met ... jaar:** Dit verwys na die begin van die jaar in die herfs, wanneer hulle na die tempel opgegaan het vir die jaarlikse offer.

^f**1:20 Samuel ... gevra:** Die naam “Samuel” word hier in verband gebring met die Hebreeuse woord ‘gevraagde’.

* **1:21** 1 Sam 1:3

saam opgegaan nie, maar het vir haar man gesê: “Nadat die seun gespeen is, sal ek hom bring, sodat hy voor die HERE kan verskyn en vir altyd daar bly.”*

²³ Haar man, Elkana, het vir haar gesê: “Maak soos jy goedvind. Bly maar totdat jy hom gespeen het. Mag die HERE net sy woord gestand doen.” Die vrou het toe tuis gebly en haar seun gevoed totdat sy hom gespeen het.

²⁴ Nadat sy hom gespeen het, het sy met hom opgegaan, met 'n driejaaroud bul,^g 'n efa^h meel en 'n kruik wyn. Sy het hom as 'n jong seuntjie na die huis van die HERE in Silo geneem. ²⁵ Hulle het die bul geslag en die seuntjie na Eli geneem.

²⁶ Sy het gesê: “Asseblief, my heer! So seker as wat u leef, my heer, ek is die vrou wat hier by u gestaan het om tot die HERE te bid. ²⁷ Vir hierdie seun het ek gebid, en die HERE het my versoek, dit wat ek van Hom gevra het, toegestaan. ²⁸ Op my beurt staan ek hom nou aan die HERE af. Solank as wat hy leef, is hy geleen aan die HERE.”

Hulleⁱ het toe daar voor die HERE in aanbidding gebuig.

2

Hanna se gebed

¹ *Hanna het gebid en gesê:

“My hart juig in die HERE,
ek is sterk in die HERE.^j”

* **1:22 Nadat ... bly:** 1 Sam 1:11,28

^g**1:24 driejaaroud bul:** Een van die •Qumrangeskrifte en die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “drie bulle”; vgl egter 1 Sam 1:25.

^h**1:24 efa:** Ongeveer 22 ℓ koring of gars of meel; •Inhoudsmate.

ⁱ**1:28 Hulle:** Verskillende Hebreeuse mss en ou vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “Hy”.

* **2:1-10** Luk 1:46-55

^j**2:1 ek ... HERE:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “my horing is hoog in die HERE”. 'n Horing was die simbool van krag en aansien.

Ek spog luidkeels teenoor my vyande,^k
want ek verheug my in u verlossing.

² “Niemand is heilig soos die HERE nie,
ja, daar is niemand buiten U nie;^{*}
daar is geen rots soos ons God nie.

³ Julle moet nie verwaand bly praat nie,
nie vermetelee woorde oor julle lippe laat kom nie;
want 'n God van kennis is die HERE;^{*}
deur Hom word dae geweeg.

⁴ “Die boë van helde is verpletter,^{*}
maar dié wat struikel, omgord hulleself met krag.^{*}

⁵ Hulle wat versadig was, verhuur hulleself vir brood,
maar hulle wat honger was, het oorvloed.^{*}
Selfs die onvrugbare gee geboorte aan sewe,
maar die vrou met baie seuns kwyn weg.^{*}

⁶ “Die HERE maak dood
en Hy maak lewend;
Hy laat na die doderyk afdaal
en Hy laat daaruit opkom.

^k2:1 Ek ... vyande: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “My mond is wyd oop teenoor my vyande”.

^{*}2:2 daar ... U nie: Deut 4:35; Jes 45:6

^{*}2:3 'n God ... HERE: Ps 147:5; Rom 11:33

^{*}2:4 boë ... verpletter: Ps 37:15; 46:10; 76:4

^{*}2:4 dié ... krag: Jes 40:30-31

^{*}2:5 Hulle ... oorvloed: Luk 1:53

^{*}2:5 Selfs ... weg: Jes 54:1

⁷ Die HERE maak arm
en Hy maak ryk;
Hy verneder,
ook verhoog Hy.

⁸ Hy laat armes uit die stof opstaan,
van die ashoop af hef Hy behoeftiges op
om hulle by vooraanstaande mense te laat sit
en 'n ereplek hulle erfdeel te maak.*

Ja, aan die HERE behoort die pilare van die aarde,¹
Hy het die wêreld daarop geplaas.

⁹ “Die voete van sy troue volgelinge beskerm Hy,*
maar goddeloses — in duisternis word hulle vernietig.

“Ja, dit is nie deur krag
dat iemand seëvier nie.

¹⁰ Die HERE — wie teen Hom te staan kom,
word verpletter;
oor hulle laat Hy dit dreun uit die hemel.
Die HERE spreek reg
tot by die uithoeke van die aarde.
Hy gee krag aan sy koning,
Hy gee sterkte aan sy gesalfde.^m”

*2:8 Hy laat ... maak: Ps 113:7-8

¹2:8 pilare ... aarde: Volgens die antieke wêreldbeeld was die aarde 'n plat skyf wat deur middel van pilare in 'n groot watermassa begrond is.

*2:9 Die ... Hy: Ps 121:3

^m2:10 Hy gee sterkte ... gesalfde: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “Hy verhoog die horing van sy gesalfde.”

¹¹ Daarna het Elkana na Rama gegaan, na sy huis toe. Die seuntjie was in diens van die HERE onder toesig van Eli, die priester.*

Eli se seuns

¹² Eli se seuns was deugniete. Hulle het die HERE nie geken nie. ¹³ Die reg van die priesters teenoor die volk was so dat, wanneer enigiemand 'n offer slag, die priester se handlanger met 'n drietandvurk in sy hand kom terwyl die vleis kook. ¹⁴ Dan steek hy dit in die kastrol, pot, kookpot of erdepot. Alles wat die vurk optrek, neem die priester daarmee weg. So het hulle gewoonlik gemaak met die hele Israel wat daar in Silo aangekom het.

¹⁵ Maar selfs voordat die vet verbrandⁿ is, het die priester se handlanger gekom en vir die man wat slag, gesê: “Gee vir die priester vleis om te braai. Hy sal nie gekookte vleis van jou aanvaar nie, net rou vleis.” ¹⁶ As die man vir hom sê, “Laat hulle net eers die vet heeltemal verbrand, dan kan jy vir jou vat wat jy graag wil hê,” dan antwoord hy: “Nee, jy moet dit nou gee, anders vat ek dit met geweld!”

¹⁷ Hierdie sonde van die jong manne was baie groot in die oë van die HERE, want die manne het die offer aan die HERE met minagting behandel.

Samuel se familie

¹⁸ Samuel het voor die HERE diens gedoen — 'n seuntjie wat 'n efod^o van linne aangehad het ¹⁹ en 'n klein manteltjie^p wat sy ma vir hom gemaak en

***2:11 Die ... priester:** 1 Sam 1:11,28

ⁿ**2:15 voordat ... verbrand:** Die vet het aan die HERE behoort en moes verbrand word voordat die res van die offer gaargemaak en geëet is; vgl Lev 3:1-5.

^o**2:18 efod:** 'n Soort voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

^p**2:19 klein manteltjie:** 'n Deel van die priester se kleredrag wat oor die efod gedra is; vgl Eks 28:4,31.

vir hom geneem het wanneer sy jaar ná jaar saam met haar man opgegaan het om die jaarlikse offer te slag. ²⁰ Dan het Eli vir Elkana en sy vrou geseën. Hy het gesê: “Mag die Here vir jou uit hierdie vrou 'n nageslag vestig in die plek van hom wat van die HERE gevra is.⁹” Daarna het hulle na hulle woonplek gegaan.

²¹ Omdat die HERE na Hanna omgesien het, het sy swanger geword.* Sy het aan nog drie seuns en twee dogters geboorte gegee.

Maar die seuntjie Samuel het by die HERE grootgeword.

Veroordeling van Eli se seuns

²² Eli was al baie oud. Toe hy hoor wat sy seuns alles aan die hele Israel doen,* en dat hulle gemeenskap het met die vroue wat diens doen by die ingang van die ontmoetingstent, ²³ sê hy vir hulle: “Waarom doen julle hierdie dinge, dat ek telkens van julle slegte gedrag moet hoor by hierdie hele volk? ²⁴ Nee, my seuns! Want die gerug wat ek hoor besig is om onder die volk van die HERE te versprei, is nie goed nie. ²⁵ As een mens teen 'n ander mens sondig, kan God die saak vir hom beslis. Maar as dit teen die HERE is wat 'n mens sondig, wie sal dan sy saak behartig?” Hulle het egter nie na hulle pa geluister nie, want die HERE wou hulle om die lewe bring. ²⁶ Die seuntjie Samuel, daarenteen, het in aansien en guns gegroei, by sowel die HERE as by mense.*

²⁷ 'n Man van God het na Eli toe gekom en vir hom gesê: “So sê die HERE, ‘Het Ek My nie duidelik geopenbaar aan die huis van jou voorvader toe hulle in Egipte onderdanig was aan die huis van die farao nie? ²⁸ *En het Ek hom nie vir My as priester gekies uit al die stamme van Israel om op te

⁹2:20 gevra is: Die •bronteks lui “wat hy gevra het”.

*2:21 Omdat ... geword: Vgl Gen 21:1

*2:22 wat ... Israel doen: 1 Sam 2:13-17

*2:26 aansien ... mense: Luk 2:52

*2:28 Eks 28:1-4

gaan na my altaar, om reukwerk te brand, en om die efod^r te dra in My teenwoordigheid nie? Ek het aan die familie van jou voorvader al die offergawes van die Israëliete gegee. ²⁹ Waarom vertrap julle my slagoffers en •graanoffers wat Ek vir my woning beveel het? Jy betoon meer eer aan jou seuns as aan My deur julleself vet te maak met die keur van al die graanoffers van Israel, my volk.’

³⁰ “Daarom is die uitspraak van die HERE, die God van Israel, ‘Ek het uitdruklik gesê: “Jou huis en die huis van jou vader sal vir altyd in my teenwoordigheid diens doen.”’* Maar nou is die uitspraak van die HERE, ‘Ek sal dit nie toelaat nie! Want mense wat My eer, sal Ek eer; maar mense wat My minag, sal veragtelik wees.’

³¹ “ ‘*Kyk, die tyd kom dat Ek jou mag^s en die mag van jou vader se huis sal kortknip, sonder dat daar 'n bejaarde in jou huis sal wees. ³² Jy sal met angs, met jaloesie,^t al die goeie wat Hy aan Israel doen, moet aanskou, terwyl daar nooit meer 'n bejaarde in jou huis sal wees nie. ³³ En as Ek iemand wat aan jou behoort van my altaar nie afsny nie, sal dit net wees om jou oë te laat verdof en jou lewenskrag te laat wegkwyn. En almal wat by jou huis gevoeg word, sal deur die swaard van mense sterf.^u ³⁴ En dit wat met jou twee seuns Hofni en Pinehas sal gebeur, sal reeds vir jou 'n teken wees: Op een dag sal hulle albei sterf.*

^r**2:28 efod:** Vgl voetnoot in 1 Sam 2:18.

^{*}**2:30 Jou ... doen:** Eks 29:9; Num 25:10-13

^{*}**2:31** 1 Sam 4:11,17-18,20; 1 Kon 2:27

^s**2:31 mag:** Die bronteks lui “arm”.

^t**2:32 met jaloesie:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van enkele vokale. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, wat lui “Jy sal (met) die angs van 'n woning”.

^u**2:33 sal deur ... sterf:** Die •Septuagint en een van die •Qumrangeskrifte word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle sal (as) mans sterf”.

^{*}**2:34 Op ... sterf:** 1 Sam 4:11

³⁵ “ ‘Ek sal vir My 'n betroubare priester aanstel* wat volgens my wil en wens sal optree. Ek sal vir hom 'n bestendige huis bou, sodat hy altyd voor my gesalfde sal diens doen. ³⁶ En elkeen wat oorbly in jou familie, sal kom om diep voor hom te buig vir 'n stukkie silwer en 'n rondbrood. En hulle sal sê: “Stel my asseblief aan by een van die priesterlike take, sodat ek 'n stukkie brood het om te eet.” ’ ’ ”

3

Roeping van Samuel as profeet

¹ Die seun Samuel was in diens van die HERE onder toesig van Eli. 'n Woord van die HERE was seldsaam in daardie dae; geen visioene het voorgekom nie.*

² In daardie tyd het Eli op sy gewone plek gelê. Sy oë het al begin swak word, hy kon nie meer sien nie. ³ Die lamp van God* was nog nie dood nie, en Samuel het al gaan lê in die tempel van die HERE waar die ark van God was. ⁴ Toe roep die HERE na Samuel en hy het geantwoord: “Hier is ek!”

⁵ Hy hardloop toe na Eli en sê: “Hier is ek, want u het na my geroep.” Maar Eli sê: “Ek het nie geroep nie. Gaan lê maar weer.” Hy het toe gaan lê.

⁶ Die HERE roep toe weer: “Samuel!” Samuel het opgestaan, na Eli gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het na my geroep.” Maar hy antwoord: “Ek het nie geroep nie, my seun. Gaan lê maar weer.” ⁷ Samuel het nog nie die HERE geken nie, en die woord van die HERE was nog nie aan hom geopenbaar nie.

⁸ Die HERE roep toe weer na Samuel vir die derde maal. Hy staan toe op, gaan na Eli en sê: “Hier is ek, want u het na my geroep.” Eli besef toe dat dit die HERE is wat na die seun roep. ⁹ Eli sê toe vir Samuel: “Gaan lê, en

*2:35 Ek ... aanstel: 2 Sam 8:17; 1 Kon 2:27,35

*3:1 'n Woord ... nie: Ps 74:9; Am 8:11

*3:3 lamp van God: Eks 27:20-21; Lev 24:2

as Hy jou roep, moet jy sê, ‘Spreek, HERE, want u dienskneg luister.’ ”

Samuel gaan toe en gaan lê op sy plek.

¹⁰ Die HERE het gekom en gaan staan, en geroep soos die vorige kere: “Samuel! Samuel!” Samuel het geantwoord: “Spreek, want u dienskneg luister.” ¹¹ Die HERE sê toe vir Samuel: “Kyk, Ek gaan iets doen in Israel wat elkeen wat dit hoor, se twee ore sal laat tuit. ¹² Op daardie dag sal Ek teenoor Eli alles vervul wat ek oor sy huis aangekondig het,* van die begin tot die einde. ¹³ Ek wil aan hom bekend maak dat Ek vir altyd sy huis gaan oordeel oor die sondeskuld waarvan hy geweet het. Want terwyl sy seuns God gelaster het,^v het hy hulle nie tereggewys nie. ¹⁴ Daarom lê Ek 'n eed af teenoor die huis van Eli: Die sondeskuld van Eli se huis sal vir ewig nie versoen kan word deur slagoffer en •graanoffer nie.*”

¹⁵ Samuel het bly lê tot die oggend, en hy het die deure van die huis van die HERE oopgemaak. Maar Samuel was bang om vir Eli van die verskyning te vertel. ¹⁶ Eli roep toe na Samuel en sê: “Samuel, my seun!” Hy het geantwoord: “Hier is ek!” ¹⁷ Toe sê Eli: “Wat is dit wat Hy vir jou gesê het? Moet dit tog nie vir my wegsteek nie. Mag God jou swaar straf^w as jy enigiets vir my wegsteek van alles wat Hy vir jou gesê het.”

¹⁸ Samuel het toe alles vir hom vertel. Hy het niks vir hom weggesteek nie. Daarop sê Eli: “Hy is die HERE — wat goed is in sy oë, sal Hy doen.”*

¹⁹ Samuel het grootgeword. Die HERE was met hom en het nie een van sy

***3:12 vervul ... het:** 1 Sam 2:27-36

^v**3:13 God gelaster het:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •Masorete het die •bronteks doelbewus gewysig om te lui “hulle het hulle geminag”.

***3:14 vir ewig ... nie:** Jes 22:14

^w**3:17 Mag ... straf:** In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking wat letterlik vertaal kan word “So sal God aan jou doen en so sal Hy byvoeg”.

***3:18 Hy is ... doen:** Ps 39:10

woorde onvervuld gelaat nie.²⁰ *Die hele Israel, van Dan tot Berseba,^x het gewet dat Samuel betroubaar was as 'n profeet van die HERE.²¹ Die HERE het daarna weer in Silo verskyn; ja, die HERE het Hom in Silo deur sy woord aan Samuel geopenbaar.

4

¹ En Samuel se boodskap was tot die hele Israel gerig.

Ondergang van Eli en sy seuns

Israel het die Filistyne tegemoetgetrek vir die oorlog, en hulle het kamp opgeslaan by Eben-Haeser.^y Die Filistyne weer het kamp opgeslaan by Afek.*² Die Filistyne het hulle gevegslinies teen Israel opgestel, en toe die geveg uitbrei,^z is Israel voor die Filistyne uit verslaan. Hulle het op die gevegsterrein ongeveer vierduisend man neergevel.

³ Toe die manskappe by die kamp aankom, vra die oudstes van Israel: “Waarom het die HERE ons vandag voor die Filistyne uit verslaan? Ons moet die verbondsark van die HERE uit Silo na ons toe bring, sodat Hy tussen ons kan inkom en ons verlos uit die greep van ons vyande.*”⁴ Die manskappe stuur toe mense na Silo, en hulle het die verbondsark van die HERE, Heerser oor alle magte, wat op die gerubs^a troon, van daar af

***3:20** Hand 13:20

3:20 Dan tot Berseba: Die mees noordelike en suidelike dorpe van Israel. Die uitdrukking beteken ‘die hele gebied van Israel’.

^y**4:1 Eben-Haeser:** Die naam beteken ‘klip van die hulp’.

***4:1 Filistyne ... Afek:** Vgl 1 Sam 29:1

^z**4:2 toe ... uitbrei:** Die •Septuagint word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit lui “toe die geveg laat vaar is”.

***4:3 verbondsark ... vyande:** Num 10:35; 14:44

^a**4:4 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

gebring. Die twee seuns van Eli, Hofni en Pinehas, was daar by die verbondsark van God.

⁵ Die oomblik toe die verbondsark van die HERE by die kamp aankom, het die hele Israel so 'n harde strydkreet aangehef dat die aarde gedreun het. ⁶ Die Filistyne het die geluid van die strydkreet gehoor en gevra: “Wat beteken hierdie harde strydkreet in die kamp van die Hebreërs?^b” Toe besef hulle dat die ark van die HERE by die kamp aangekom het. ⁷ Die Filistyne was bang, “want,” het hulle gesê, “'n god het by die kamp aangekom”. Hulle sê toe ook: “Wee ons, want so iets het nog nooit voorheen gebeur nie. ⁸ *Wee ons! Wie sal ons red uit die hand van hierdie magtige gode? Dit is dieselfde gode wat die Egiptenare in die woestyn^c met allerhande plaë getref het. ⁹ Wees dapper, gedra julle soos manne, Filistyne! Anders gaan julle die Hebreërs dien, soos hulle julle gedien het. Gedra julle soos manne en veg!”

¹⁰ *Die Filistyne het gaan veg en Israel is verslaan. Hulle het gevlug, elkeen na sy tente toe. Dit was 'n baie groot slagting: Dertigduisend voetsoldate van Israel het geval. ¹¹ Die ark van God is weggevoer, en die twee seuns van Eli, Hofni en Pinehas, het gesterf.

¹² 'n Man van Benjamin het van die gevegslinies af gehardloop en dieselfde dag nog in Silo aangekom met geskeurde klere en grond op sy kop.^d ¹³ Toe hy daar aankom, sit Eli juis op 'n stoel* langs die pad, in afwagting op nuus, want sy hart was aan die bewe oor die ark van God.

^b**4:6 Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

* **4:8** Op 11:6

^c**4:8 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

* **4:10** Ps 78:60-64

^d**4:12 geskeurde ... kop:** 'n Uitdrukking van rou.

* **4:13 Eli ... stoel:** 1 Sam 1:9; 4:18

Toe die man die stad binnegaan om die nuus bekend te maak, het die hele stad om hulp geroep.

¹⁴ Eli het die uitroep gehoor en gevra: “Wat beteken hierdie geraas?” Die man het toe gou die nuus vir Eli gaan vertel. ¹⁵ *Eli was agt-en-negentig jaar oud en sy oë was al star, sodat hy nie meer kon sien nie. ¹⁶ Die man het vir Eli gesê: “Ek is die een wat van die gevegslynies af gekom het. Ek het pas van die gevegslynies af gevlug.” Eli vra toe: “Wat het dan gebeur, my seun?” ¹⁷ Die boodskapper het geantwoord en gesê: “Israel het voor die Filistyne gevlug. Daar was nie net 'n groot slagting onder die manskappe nie, maar ook u twee seuns, Hofni en Pinehas, het gesneuwel, en die ark van God is weggevoer.”

¹⁸ Die oomblik toe hy die ark van God noem, val Eli reg agteroor van sy stoel* af langs die stadspoort. Sy nek het gebreek en hy het gesterf, want hy was 'n ou man en hy was swaar. Hy het Israel veertig jaar lank gerig.^e

¹⁹ Sy skoondogter, die vrou van Pinehas, was swanger en op die punt om geboorte te gee. Toe sy die tyding kry oor die ark van God wat weggevoer is, en haar skoonpa en man wat dood is, het sy ineengekrimp en geboorte gegee, want haar geboortepyne het haar oorweldig. ²⁰ Toe sy besig was om te sterf, het die vroue wat haar bystaan, gesê: “Moenie bang wees nie, want jy het 'n seun in die wêreld gebring!”* Sy het egter nie daarop geantwoord of dit ter harte geneem nie. ²¹ Sy het die seuntjie Ikabod^f genoem en, met verwysing na die wegvoering van die ark van God, en na haar skoonpa en man, gesê: “Die eer is weggevoer uit Israel.” ²² Sy het gesê: “Die eer is

* **4:15** 1 Sam 3:2

* **4:18** Eli ... stoel: 1 Sam 4:13

^e**4:18** gerig: Die Hebreeuse woord dui onder meer op beslissings gee, as leier of aanvoerder optree; •Rigter.

* **4:20** Moenie ... gebring: Vgl Gen 35:17

^f**4:21** Ikabod: Die naam beteken ‘Waar is die eer?’

weggevoer uit Israel,” omdat die ark van God weggevoer is.

5

God se ark tussen die Filistyne

¹ Toe die Filistyne die ark van God weggevoer het, het hulle dit van Eben-Haeser^g af na Asdod* toe gebring. ² Die Filistyne het die ark van God geneem, dit in die tempel van Dagon* ingebring en langs Dagon neergesit.

³ Toe die mense van Asdod vroeg die volgende môre opstaan — daar lê Dagon met sy gesig teen die grond voor die ark van die HERE! Hulle het Dagon geneem en hom op sy plek teruggesit. ⁴ Maar toe hulle die oggend daarna vroeg opstaan — daar lê Dagon met sy gesig teen die grond voor die ark van die HERE! Dagon se kop en sy twee hande lê toe afgekap op die drumpel. Net Dagon se lyf het van hom oorgebly. ⁵ Daarom trap die priesters van Dagon, en almal wat die tempel van Dagon binnegaan, tot vandag toe nie op die drumpel van Dagon in Asdod nie.*

⁶ Die hand van die HERE was swaar op die mense van Asdod.* Hy het paniek gesaai onder hulle, en Hy het hulle, dit is Asdod en sy omliggende gebied, getref met swelsels.^h ⁷ Toe die manne van Asdod sien wat gebeur, sê hulle: “Die ark van die God van Israel kan nie by ons bly nie, want sy hand rus swaar op ons en op Dagon, ons god.”

⁸ Hulle het al die Filistynse regeerders* ontbied en by hulle byeengebring. Hulle vra toe: “Wat moet ons doen met die ark van die God

^g5:1 Eben-Haeser: Die naam beteken ‘klip van die hulp’.

*5:1 ark ... Asdod: 1 Sam 5:5-8; 6:17

*5:2 tempel van Dagon: Rig 16:23; 1 Sam 5:5

*5:5 nie op ... nie: Vgl Sef 1:9

*5:6 hand ... van Asdod: 1 Sam 5:11

^h5:6 swelsels: Volgens die •Masoretiese leestradisie is dit aambeie.

*5:8 Filistynse regeerders: Jos 13:3

van Israel?” Hulle antwoord was: “Die ark van die God van Israel moet na Gat* verskuif word.” Hulle het toe die ark van die God van Israel verskuif.

⁹Maar nadat hulle dit verskuif het, was die hand van die HERE teen die stad. Daar het baie groot paniek geheers. Hy het die mense van die stad getref, klein en groot, en swelsels het op hulle uitgebreek. ¹⁰Toe stuur hulle die ark van God na Ekron; maar die oomblik toe die ark van God by Ekron aankom, het die mense van Ekron uitgeskreeu: “Hulle het die ark van die God van Israel na ons verskuif om ons en ons volk dood te maak!”

¹¹Hulle het al die Filistynse regeerders ontbied, hulle byeengebring en vir hulle gesê: “Stuur die ark van die God van Israel weg, sodat dit na sy plek kan teruggaan en nie ons en ons volk doodmaak nie.” Daar het immers 'n doodspaniek in die hele stad geheers. Die hand van God was baie swaar daarop.* ¹²Die mense wat nie dood is nie, is getref met swelsels; en die noodkreet van die stad het na die hemel gestyg.

6

Terugkeer van die ark

¹Toe die ark van die HERE sewe maande in die Filistynse gebied was, ²het die Filistyne die priesters en waarsêers ontbied* en gesê: “Wat moet ons met die ark van die HERE maak? Maak aan ons bekend waarmee ons dit na sy plek toe moet terugstuur.” ³Hulle het geantwoord: “As julle die ark van die God van Israel terugstuur, moet julle dit nie sonder iets terugstuur nie, maar julle moet dit beslis met skadevergoeding vir die HERE laat teruggaan. Dan sal julle gesond word en dit sal vir julle duidelik word waarom sy hand nie van julle wyk nie.”

⁴Die Filistyne vra toe: “Wat is die skadevergoeding wat ons vir Hom

*5:8 Gat: Vgl 1 Sam 17:4

*5:11 hand ... daarop: 1 Sam 1:6

*6:2 waarsêers ontbied: Gen 41:8; Eks 7:11; Dan 2:2

moet terugstuur?” Hulle antwoord was: “In ooreenstemming met die getal Filistynse heersers,* vyf swelsels van goud en vyf muise van goud, want een en dieselfde plaag het julle almalⁱ en ook al julle regeerders getref.* ⁵ Maak dan nou afbeeldings van julle swelsels en van die muise wat julle land verniel en betoon daardeur eer aan die God van Israel. Miskien maak Hy dan sy hand ligter oor julle, julle gode en julle land.* ⁶ Waarom sou julle onversetlik wees^j soos die Egiptenare en die farao onversetlik was?* Was dit nie toe die HERE hulle vir die gek gehou^k het, dat hulle die Israeliete laat gaan het, en hulle getrek het nie? ⁷ Kry dan nou 'n nuwe wa* gereed, asook twee koeie in die melk wat nog nie onder die juk was nie.* Span die koeie dan voor die wa in, maar keer hulle kalwers agter hulle weg huis toe. ⁸ Neem dan die ark van die HERE en plaas dit op die wa. Die goue voorwerpe wat julle vir die HERE as skadevergoeding teruggee, moet julle langsaan in 'n saalsak neersit. Stuur die ark dan weg, laat dit gaan; ⁹ maar hou dit dop: As dit met die pad na sy gebied opgaan, na Bet-Semes toe, is dit Hy wat hierdie groot ramp oor ons gebring het. Indien nie, sal ons weet dat dit nie sy hand was wat ons getref het nie; dit het dan toevallig met ons gebeur.”

¹⁰ Die manne het toe so gemaak. Hulle het twee koeie wat in die melk

* 6:4 getal ... heersers: Jos 13:3

ⁱ6:4 julle almal: Verskillende Hebreëuse mss en die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “hulle almal”.

* 6:4 swelsels ... getref: 1 Sam 5:6,9

* 6:5 Miskien ... land: 1 Sam 5:11

^j6:6 onversetlik wees: Die Hebreëuse idioom kan vertaal word “julle harte swaar maak”.

* 6:6 Egiptenare ... was: Eks 8:15,32; 9:7,34; 10:20,27

^k6:6 vir ... gehou: Kan ook vertaal word “hardhandig behandel”.

* 6:7 nuwe wa: 2 Sam 6:3

* 6:7 twee koeie ... was nie: Vgl Num 19:2

was, geneem en voor 'n wa ingespan, maar hulle kalwers is teruggehou by die huis. ¹¹ Hulle het die ark van die HERE op die wa gesit, en ook die saalsak met die goue muise en die afbeeldings van hulle swelsels. ¹² Die koeie het met die pad langs reguit in die rigting van Bet-Semes geloop. Met die een hoofpad het hulle geloop, al bulkende, maar hulle het nie links of regs afgedraai nie, terwyl die Filistynse heersers agter hulle aan loop tot by die grens van Bet-Semes.

¹³ Die mense van Bet-Semes was besig om die koringoes in die vallei in te samel. Toe hulle opkyk, sien hulle die ark. Hulle was bly om dit te sien. ¹⁴ Toe die wa aankom by die land van Josua, 'n man van Bet-Semes, het dit daar gaan staan. Daar was 'n groot klip, en hulle het die hout van die wa opgekap en die koeie as 'n brandoffer aan die HERE geoffer.

¹⁵ Die Leviëte het eers die ark van die HERE afgelaai en daarmee saam die saalsak waarin die goue voorwerpe was. Hulle het dit by die groot klip neergesit, en die manne van Bet-Semes het brandoffers gebring. Hulle het daardie dag vir die HERE maaltydoffers geslag. ¹⁶ Die vyf heersers van die Filistyne* het dit gesien en dieselfde dag nog teruggegaan na Ekron.

¹⁷ Dit was die goue swelsels wat die Filistyne as skadevergoeding aan die HERE gestuur het: een vir Asdod, een vir Gasa, een vir Askelon, een vir Gat en een vir Ekron. ¹⁸ Die goue muise stem ooreen met die getal van al die Filistynse stede wat aan die vyf heersers behoort, die versterkte stede saam met die nedersettings. As 'n getuienis is die groot klip¹ waarop die ark van die HERE tot rus gekom het, tot vandag toe nog daar in die land van Josua, die man van Bet-Semes.

* **6:16 vyf ... Filistyne:** 1 Sam 6:4

¹**6:18 As ... klip:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal vir die woord “getuienis”. Verder volg die vertaling 'n paar Hebreeuse mss en die Septuagint. Die •bronteks lui “en tot by groot Abel”.

¹⁹*Maar die HERE het van die inwoners van Bet-Semes getref, omdat hulle die ark van die HERE bekyk het. Hy het sewentig man^m van die bevolking getref. Die volk het getreur, omdat die HERE so 'n groot slagting onder die volk aangerig het.

²⁰Die manne van Bet-Semes sê toe: “Wie kan voor hierdie heilige God, die HERE, staande bly? Na wie toe kan die ark van ons af gaan?”* ²¹Hulle stuur toe boodskappers na die inwoners van Kirjat-Jearim* met die versoek: “Die Filistyne het die ark van die HERE teruggebring. Kom af hierheen en neem dit op na julle.”

7

¹Die manne van Kirjat-Jearim* het toe gekom. Hulle het met die ark van die HERE opgegaan en dit na die huis van Abinadab op die heuwel* geneem. Hulle het Eleasar, sy seun, gewy om die ark van die HERE op te pas.

Samuel as rigter

²Vanaf die dag dat die ark in Kirjat-Jearim 'n tuiste gevind het, het daar 'n lang tyd verloop — twintig jaar. Die hele huis van Israel wou toe weer die HERE volg.ⁿ

*6:19 Vgl Num 4:15,20

^m6:19 70 man: Sommige Hebreëuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “sewentig man, vyftigduisend man”. Die Septuagint, die •Siriese vertaling en die •Vulgaat lui “sewentig man en vyftigduisend man”.

*6:20 Wie kan ... gaan: Vgl 2 Sam 6:9

*6:21 Kirjat-Jearim: Jos 9:17; 2 Kron 1:4

*7:1 Kirjat-Jearim: Jos 9:17; 1 Sam 6:21; 2 Kron 1:4

*7:1 huis ... heuwel: 2 Sam 6:3

ⁿ7:2 volg: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreëuse woord. Dit word ook vertaal met “kla” of “verlang na”.

³ Samuel het toe vir die hele huis van Israel gesê: “As julle met julle hele hart na die HERE wil terugkeer,* verwyder dan die vreemde gode uit julle midde, en ook die Astartes.^o Rig julle hart op die HERE en dien Hom alleen,* sodat Hy julle kan red uit die hand van die Filistyne.” ⁴ Die Israeliete het toe die Baäls^p en die Astartes verwyder en net die HERE gedien.

⁵ Samuel sê toe: “Bring die hele Israel by Mispa^q byeen, dan sal ek vir julle tot die HERE bid.” ⁶ Hulle het by Mispa byeengekom, water geskep en dit voor die HERE uitgegiet. Hulle het daardie dag gevas en daar bely: “Ons het teen die HERE gesondig.” Samuel het die Israeliete by Mispa gerig.^r

⁷ Toe die Filistyne hoor dat die Israeliete by Mispa byeengekom het, het die heersers van die Filistyne teen Israel opgetrek. Die Israeliete het dit gehoor en bang geword vir die Filistyne. ⁸ Die Israeliete sê toe vir Samuel: “Moet tog nie oor ons stilbly en ophou om tot die HERE om hulp te roep nie, sodat Hy ons uit die hand van die Filistyne kan verlos.”

⁹ Samuel het toe 'n suiplam geneem en dit as 'n volledige •brandoffer aan die HERE gebring. Samuel het tot die HERE om hulp geroep ter wille van Israel, en die HERE het hom verhoor. ¹⁰ Terwyl Samuel nog die brandoffer bring, het die Filistyne nader beweeg vir die geveg teen Israel. Maar die

*7:3 As ... terugkeer: Deut 30:2-10; Jes 55:7

^o7:3 Astartes: 'n Vrugbaarheidsgodin wat met liefde en oorlog geassosieer is. Die meervoud “Astartes” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die godin.

*7:3 dien Hom alleen: Deut 6:13; 10:20; Matt 4:10; Luk 4:8

^p7:4 Baäls: 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^q7:5 Mispa: 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

^r7:6 gerig: Die Hebreeuse woord dui onder meer op beslissings gee, as leier of aanvoerder optree; •Rigter.

HERE het op daardie dag harde donderslae laat dreun oor die Filistyne en hulle verwar. Hulle is toe voor Israel uit verslaan.* ¹¹ Die manskappe van Israel het uit Mispa getrek en die Filistyne agtervolg en bly neerverel, tot onderkant Bet-Kar. ¹² Toe het Samuel 'n klip geneem en dit tussen Mispa en Sen opgerig.* Hy het dit Eben-Haesers^s genoem en gesê: “Tot hiertoe het die HERE ons gehelp”.

¹³ *Die Filistyne is op hulle knieë gedwing en hulle het nie weer in die gebied van Israel gekom nie. Die hand van die HERE was teen die Filistyne so lank as wat Samuel geleef het. ¹⁴ Die stede wat die Filistyne van Israel afgeneem het, van Ekron af tot by Gat,* het weer teruggeval na Israel. Ook die omliggende gebiede het Israel uit die hand van die Filistyne geruk. Daar was toe vrede tussen Israel en die Amoriëte.

¹⁵ Samuel het Israel gerig so lank as wat hy geleef het. ¹⁶ Hy het van jaar tot jaar rondgegaan by Bet-el,* Gilgal* en Mispa, en Israel op al hierdie plekke gerig ¹⁷ voordat hy teruggekeer het na Rama; want sy huis was daar.* Daar het hy Israel gerig en daar het hy vir die HERE 'n altaar gebou.

8

Versoek om 'n koning

¹ Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns as rigters oor Israel aangestel.* ² Sy eersgebore seun se naam was Joël en sy tweede seun se

*7:10 hulle verwar ... verslaan: Vgl Jos 10:10

*7:12 klip ... opgerig: Gen 28:18; Jos 4:9; 24:26

^s7:12 Eben-Haeser: Die naam beteken ‘klip van die hulp’.

*7:13 Rig 13:1

*7:14 Gat: 1 Sam 17:4

*7:16 Bet-el: Gen 28:18-19

*7:16 Gilgal: Jos 5:9

*7:17 Rama ... daar: 1 Sam 1:19

*8:1 hy ... aangestel: Deut 16:18

naam was Abia. Hulle was rigters in Berseba.* ³ Sy seuns het egter nie in sy voetspore gevolg nie. Hulle was uit op winsbejag, het omkoopgeskenke* aanvaar en het die reg verdraai.

⁴ Al die oudstes van Israel het toe byeengekom en na Samuel in Rama* gegaan. ⁵ Hulle het vir hom gesê: “Kyk, u het oud geword, en u seuns volg nie in u voetspore nie. Stel dan nou vir ons 'n koning aan om ons te rig, soos dit by al die nasies is.*”

⁶ Dit was egter verkeerd in die oë van Samuel dat hulle gesê het: “Gee vir ons 'n koning om ons te rig.” Samuel het toe tot die HERE gebid. ⁷ Die HERE het vir Samuel gesê: “Luister na die volk in alles wat hulle vir jou sê, want dit is nie jou wat hulle verwerp het nie, maar My het hulle verwerp om oor hulle koning te wees.* ⁸ Dit stem ooreen met al die dade wat hulle gedoen het, van die dag dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe: Hulle het My verlaat en ander gode gedien. Presies so maak hulle nou ook met jou. ⁹ Luister dan nou na hulle. Maar jy moet hulle net ernstig waarsku, en aan hulle die regte verduidelik van die koning wat oor hulle gaan regeer.*”

¹⁰ Samuel het al die woorde van die HERE oorgedra aan die volk wat van hom 'n koning gevra het. ¹¹ Hy het gesê: “Dit sal die regte van die koning wees wat oor julle gaan regeer: Julle seuns sal hy vat en hulle vir hom aanstel* by sy strydwa en sy span perde. Hulle sal voor sy strydwa uit moet hardloop. ¹² Hy sal hulle vir hom aanstel as opsieners oor duisend en opsieners oor vyftig, om sy ploegland te ploeg, sy oes in te samel en om

* **8:2 Berseba:** Gen 21:31

* **8:3 omkoopgeskenke:** Spr 17:23

* **8:4 Rama:** 1 Sam 1:1,19

* **8:5 Stel ... nasies is:** Deut 17:14; Hos 13:10; Hand 13:21

* **8:7 want ... wees:** Vgl Eks 16:8

* **8:9 regte ... regeer:** 1 Sam 10:25; vgl Deut 17:16-20

* **8:11 Julle seuns ... aanstel:** 1 Sam 14:52

toerusting vir sy oorloë en vir sy strydwaens te maak. ¹³ Julle dogters sal hy vat as salfmengers en as kokke en bakkers. ¹⁴ *Julle beste landerye, wingerde en olyfboorde sal hy vat en aan sy amptenare gee. ¹⁵ Van julle graanoes en wingerdoes sal hy 'n tiende vat en vir sy paleis personeel^t en amptenare gee. ¹⁶ Julle slawe en slavinne, die keur van julle jong manne^u en donkies sal hy vat en vir sy eie werk gebruik. ¹⁷ Van julle kleinvee sal hy 'n tiende vat. Julle self sal sy slawe wees. ¹⁸ *Julle sal op daardie dag om hulp roep oor julle koning wat julle vir julle verkies het, maar die HERE sal julle op daardie dag nie verhoor nie.”

¹⁹ *Die volk het egter geweier om na Samuel te luister. “Nee,” het hulle gesê, “maar daar moet 'n koning oor ons wees! ²⁰ Ons wil ook soos al die nasies wees, ons koning moet oor ons regeer, hy moet voor ons uit trek en ons oorloë vir ons voer.”

²¹ Samuel het na al die woorde van die volk geluister en dit aan die HERE voorgelê. ²² Die HERE het vir Samuel gesê: “Luister na hulle en stel vir hulle 'n koning aan.”

Samuel het daarna vir die mense van Israel gesê: “Gaan elkeen dan nou na sy stad toe!”

9

Salwing van Saul as koning

¹ Daar was 'n man uit Benjamin. * Sy naam was Kis, 'n seun van Abiël,*

*8:14 1 Kon 21:7; vgl Eseg 46:18

^t8:15 **paleis personeel:** Belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

^u8:16 **jong manne:** Die •Septuagint lui “beeste”.

*8:18 Spr 1:28; Jes 8:21

*8:19 1 Sam 8:5; Hand 13:21

*9:1 **uit Benjamin:** Vgl Jos 18:11-28

*9:1 **Kis ... Abiël:** 1 Sam 14:51

seun van Seror, seun van Bekorat, seun van Afiag. Hy was 'n Benjaminiet, 'n vermoënde man. ² Hy het 'n seun gehad met die naam Saul, 'n mooi jong man. Onder die Israëliete was daar niemand aantrekliker as hy nie. Hy het kop en skouers uitgestaan^v bo die hele volk.

³ Donkiemerries van Kis, Saul se pa, het soek geraak. Kis het vir sy seun Saul gesê: “Neem een van die handlangers saam met jou, maak self gereed en gaan soek die donkiemerries.”

⁴ Hulle het oor die heuweland van Efraim gegaan, ook deur die Salisastreek, maar niks gekry nie. Toe het hulle deur die Saälimstreek gegaan, maar ook daar was niks. Hulle het deur die landstreek van Benjamin^w gegaan, maar niks gekry nie. ⁵ Toe hulle in die Sufstreek kom, het Saul vir die handlanger wat by hom was, gesê: “Kom ons gaan terug, anders bekommer my pa hom nie meer oor die donkies nie, maar raak besorg oor ons.” ⁶ Die handlanger antwoord hom toe: “Kyk, in hierdie dorp is daar 'n man van God,^{*} en dié man word hoog geag. Alles wat hy sê, gebeur werklik.^{*} Kom ons gaan nou daarheen. Miskien kan hy vir ons die pad aandui waarop ons moet gaan.”

⁷ Saul sê toe vir sy handlanger: “Kyk, as ons gaan, wat bied ons vir die man aan? Want die brood in ons sakke is gedaan. Hier is ook geen geskenk om vir die man van God aan te bied nie.^{*} Wat het ons?” ⁸ Die handlanger het Saul weer geantwoord en gesê: “Kyk, ek het nog 'n kwart sikkel^x silwer by my. Ek sal dit vir die man van God gee, sodat hy vir ons die pad kan aandui.”

^v9:2 kop ... uitgestaan: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “van sy skouers boontoe hoër as”; vgl 1 Sam 10:23.

^w9:4 landstreek van Benjamin: Die •bronteks lui “land van Jemini”.

^{*}9:6 man van God: Deut 33:1; 2 Kon 5:8

^{*}9:6 Alles ... werklik: Vgl 1 Sam 3:19

^{*}9:7 geskenk ... bied nie: 1 Kon 14:3; 2 Kon 4:42; 5:15; 8:8

^x9:8 ¼ sikkel: Ongeveer 3 g silwer; •Geldeenrede.

^{9y}Vroeër het die mense in Israel so gesê wanneer hulle gaan om God te raadpleeg: “Kom, laat ons na die siener gaan.” Want die profeet van vandag is vroeër “siener” genoem.*

¹⁰Saul sê toe vir sy handlanger: “Jou voorstel is goed. Kom ons gaan.” Hulle gaan toe na die dorp waar die man van God was.

¹¹Terwyl hulle oploop na die dorp, teen die opdraand uit, kom hulle meisies teen wat uitgaan om water te skep.* Hulle vra toe vir hulle: “Is die siener hier?” ¹²Die meisies het hulle geantwoord en gesê: “Hy is. Kyk, daar voor u! Maak nou gou! Want hy het juis vandag na die dorp gekom, omdat daar vandag vir die volk 'n •maaltydoffer op die offerhoogte^z is.*

¹³Sodra u die dorp binnegaan, sal u hom teenkom voordat hy na die offerhoogte opgaan om te eet; want die mense eet nie voordat hy kom nie, omdat hy die een is wat die offer moet seën. Eers daarna eet die genooies. Gaan dan op, want u sal hom nou daar aantref.”

¹⁴Hulle het toe na die dorp opgegaan. Terwyl hulle die dorp binnegaan, kom Samuel juis in hulle rigting uit om na die offerhoogte op te gaan.

¹⁵Die HERE het dit 'n dag voor die koms van Saul aan Samuel bekend gemaak^a en gesê: ¹⁶“Môre teen hierdie tyd sal Ek 'n man uit die landstreek van Benjamin na jou stuur. Jy moet hom salf as 'n leier^{b*} oor my volk Israel,* sodat hy my volk kan verlos uit die hand van die Filistyne. Want

^y9:9 Hierdie vers is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota.

* 9:9 profeet ... genoem: 1 Kron 26:28; 2 Kron 16:7; Jes 30:19; Am 7:12

* 9:11 meisies ... skep: Gen 24:11; Eks 2:16

^z9:12 offerhoogte: 'n Heiligdom op 'n heuwel waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

* 9:12 volk ... is: 1 Kon 3:2-4

^a9:15 Samuel ... gemaak: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “Samuel se oor ontbloot”.

^b9:16 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

* 9:16 salf as 'n leier: 1 Sam 10:1

* 9:15-16 Die ... Israel: 1 Sam 15:1; Hand 13:21

Ek het my volk raakgesien, ja, hulle hulpgeroep het My bereik.”

¹⁷ Toe Samuel vir Saul sien, het die HERE hom verseker: “Hier is die man van wie Ek vir jou gesê het, * ‘Dit is hy wat oor my volk beheer sal uitoefen.’ ” ¹⁸ Saul het Samuel in die dorpspoort genader en gevra: “Sê asseblief vir my waar is die siener se huis?” ¹⁹ Daarop antwoord Samuel toe vir Saul en sê: “Ek is die siener. Gaan voor my op na die offerhoogte en eet vandag saam met my. Ek sal jou môreoggend wegsien en oor alles wat op jou hart druk, vir jou duidelikheid gee. ²⁰ Wat die donkiemerries betref waarna jy vandag drie dae lank al op soek is: Moet jou nie oor hulle bekommer^c nie, want hulle is gevind.* Maar aan wie behoort al die kosbaarhede van Israel? Is dit nie aan jou en jou familie nie?” ²¹ Saul het egter daarop gereageer en gesê: “Is ek nie maar net 'n Benjaminiet, uit die kleinste van die stamme van Israel, en is my familiegroep nie die kleinste van al die familiegroepe van die stam^d van Benjamin nie? Waarom sê u so iets vir my?”

²² Samuel het toe Saul en sy handlanger geneem en hulle in die eetvertrek^e ingebring. Hy het aan hulle 'n ereplek onder die genooies gegee.* Daar was ongeveer dertig man. ²³ Samuel het vir die kok^f gesê: “Bring die porsie vleis wat ek vir jou gegee het, en waarvan ek vir jou

***9:17 Hier ... het:** Vgl 1 Sam 16:12

9:20 oor ... bekommer: Die Hebraëuse idioom kan vertaal word “jou hart (dws gedagtes) op hulle plaas”.

***9:20 donkiemerries ... gevind:** 1 Sam 9:3

9:21 stam: Die •Septuagint en verskillende ou vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “stamme”.

9:22 eetvertrek: By 'n heiligdom was dit gewoonlik 'n vertrek met sitplekke van klip aan drie kante. Die een kant was oop na 'n binnehof.

***9:22 eetvertrek ... gegee:** 1 Sam 9:13

9:23 kok: Dit verwys hier na die persoon wat die vleis van die maaltydoffer uitgedeel het.

gesê het, ‘Hou dit by jou.’ ” ²⁴ Die kok het die skenkel en die vleis daaraan opgetel en dit voor Saul neergesit.⁸ Toe sê Samuel: “Kyk, wat uitgehou is, is voor jou neergesit. Eet dit, want dit is vir hierdie geleentheid vir jou gebêre, al vandat ek gesê het, ‘Ek nooi die volk uit.’ ”

Saul het toe daardie dag saam met Samuel geëet. ²⁵ Hulle het daarna van die offerhoogte na die dorp afgegaan. Samuel het op die dak van sy huis^{h*} met Saul gepraat.

²⁶ Hulle het vroeg opgestaan, en toe die dag breek, het Samuel na Saul op die dak geroep: “Staan op, sodat ek jou kan wegsien.” Saul het opgestaan en hulle twee, hy en Samuel, het saam na buite gegaan.

²⁷ Terwyl hulle besig was om langs die dorp af te gaan, het Samuel vir Saul gesê: “Sê vir die handlanger hy moet voor ons uit gaan; maar jy moet eers 'n bietjie wag, sodat ek jou die woord van God kan laat hoor.” Die handlanger het toe vooruit gegaan.

10

¹ *Samuel het die fles met olie geneem en dit op Saul se kop uitgegiet. Hy het hom gesoen en vir hom gesê: “Is dit nie so dat die HERE jou as leierⁱ oor sy erfdeel* gesalf het nie? ² Wanneer jy vandag van my af weggaan, sal jy twee mans teenkom by die graf van Ragel,* by Selsag, in die gebied

⁸9:24 Die kok ... neergesit: Die regterboud is by maaltydoffers aan die priester afgestaan; vgl Lev 7:32-33. Saul kry die deel wat Samuel toekom.

^h9:25 van sy huis: Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

* 9:25 dak ... huis: Deut 22:8; Hand 10:9

* 10:1 1 Sam 9:16; 16:13; 1 Kon 1:39; 2 Kon 9:3

ⁱ10:1 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

* 10:1 sy erfdeel: Deut 32:9

* 10:2 graf van Ragel: Gen 35:19

van Benjamin. Hulle sal vir jou sê, ‘Die donkiemerries wat jy gaan soek het, is gevind.* Kyk, jou pa het die saak van die donkiemerries al laat vaar. Hy is besorg oor julle* en vra: “Wat moet ek doen oor my seun?” ’

³ “As jy daarvandaan verder gaan, sal jy by die akkerboom van Tabor kom. Daar sal drie mans wat opgaan na God in Bet-el,* jou teenkom. Een dra drie bokkies, een dra drie rondebrode en een dra 'n kruik wyn. ⁴ Hulle sal vra hoe dit met jou gaan en vir jou twee brode gee. Jy moet dit uit hulle hand aanvaar.

⁵ “Daarna sal jy by Gibe van God^j uitkom, waar wagposte van die Filistyne* is. Sodra jy daar die stad binnegaan, sal jy 'n groep profete raakloop wat afkom van die offerhoogte^k af. Voor hulle word daar op harpe, tamboeryne, fluite en liere gespeel, terwyl hulle in geestesvervoering^l is. ⁶ Die Gees van die HERE sal jou oorweldig,* en jy sal saam met hulle in geestesvervoering wees. Jy sal in 'n ander mens verander word.

⁷ “Wanneer hierdie tekens vir jou vervul word, doen dan wat jou hand vind om te doen, want God is met jou. ⁸* Jy moet voor my uit na Gilgal toe afgaan. Kyk, ek sal na jou toe afkom om brandoffers te offer en

*10:2 donkiemerries ... gevind: 1 Sam 9:3

*10:2 jou pa ... julle: 1 Sam 9:5

*10:3 Bet-el: Gen 28:18-19

^j10:5 Gibe van God: Kan ook vertaal word “Heuwel van God”. Dit verwys moontlik na die stad Gibe; vgl 1 Sam 10:10.

*10:5 wagposte ... Filistyne: 1 Sam 13:3-4

^k10:5 offerhoogte: 'n Heiligdom op 'n heuwel waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

^l10:5 in geestesvervoering: Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word “soos profete optree”.

*10:6 Gees ... oorweldig: 1 Sam 11:6; vgl Num 11:25; Rig 14:6,9; 1 Sam 16:13

*10:8 1 Sam 11:14-15

maaltydoffers te slag. Sewe dae lank moet jy wag, totdat ek by jou aankom en jou te kenne gee wat jy moet doen.*”

⁹ Net toe Saul omdraai om van Samuel af weg te gaan, het God sy hart verander. Al hierdie tekens is dieselfde dag nog vervul. ¹⁰ *Toe hulle daar in Gibeon aankom — kyk, daar kom die groep profete hom tegemoet! Die Gees van God het hom oorweldig, en hy was tussen hulle in geestesvervoering. ¹¹ Toe almal wat hom voorheen geken het, sien dat hy sowaar saam met profete profeteer, het hulle vir mekaar gevra: “Wat is dit wat met die seun van Kis gebeur het? Is Saul ook onder die profete?” ¹² Iemand wat daar was, het gevra: “En wie is hulle vader?^m” Daarom het dit 'n spreekwoord geword: “Is Saul ook onder die profete?”* ¹³ Toe Saul uit sy geestesvervoering kom, het hy na die offerhoogte gegaan.

¹⁴ Saul se oomⁿ het vir hom en sy handlangers gevra: “Waarheen het julle gegaan?” “Om die donkies te gaan soek,” het hy geantwoord, “en toe ons sien dat hulle nie daar is nie, het ons na Samuel gegaan.” ¹⁵ Saul se oom sê toe: “Vertel my tog wat het Samuel vir julle gesê.” ¹⁶ Saul het sy oom geantwoord: “Hy het ons maar net verseker dat die donkiemerries gevind is.*” Oor die saak van die koningskap waarvoor Samuel gepraat het, het Saul egter niks vir hom gesê nie.

Aanwysing van Saul as koning

¹⁷ Samuel het die volk opgeroep na die HERE in Mispa.^o ¹⁸ Hy het vir die

*10:8 Sewe ... doen: 1 Sam 13:8

*10:10 1 Sam 10:6

^m10:12 vader: Die titel van 'n geestelike leier.

*10:12 'n spreekwoord ... profete: 1 Sam 19:4

ⁿ10:14 Saul se oom: “Ner”; 1 Sam 14:50.

*10:16 donkiemerries ... is: 1 Sam 9:3,20

^o10:17 Mispa: 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

Israëliete gesê: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Ek is die Een wat Israel uit Egipte laat optrek het. Ek het julle gered uit die hand van die Egiptenare en uit die hand van al die koninkryke wat julle onderdruk het.’

¹⁹ “Julle, egter, het vandag julle God verwerp* wat julle uit alle gevare en benoudhede verlos. Julle het gesê, ‘Nee,^p maar 'n koning moet jy oor ons aanstel.*’ Neem dan nou plek in voor die HERE volgens julle stamme en volgens julle afdelings.”

²⁰ *Samuel het toe al die stamme van Israel laat naderkom, en die stam van Benjamin is aangewys. ²¹ Hy het die stam van Benjamin volgens familiegroepe laat naderkom, en die familiegroep van Matri is aangewys. Toe is Saul, seun van Kis, aangewys. Hulle het hom gesoek, maar hy kon nie gevind word nie. ²² Hulle het die HERE weer geraadpleeg: “Het nog iemand hierheen gekom?” Die HERE het gesê: “Kyk, hy kruip weg by die pakgoed.”

²³ Hulle het gehardloop en hom van daar af gebring. Hy het kop en skouers uitgestaan^q bo die hele volk.*

²⁴ Samuel sê toe vir die hele volk: “Sien julle die een vir wie die HERE gekies het? Ja, daar is niemand soos hy onder die hele volk nie.” Die hele volk het hom toegejuig met die woorde: “Lank lewe die koning!” ²⁵ Samuel het toe met die volk gepraat oor die regte verbonde aan die koningskap,* en dit in 'n boekrol geskryf. Hy het dit voor die HERE neergelê.

*10:19 Julle ... verwerp: 1 Sam 8:7

^p10:19 Julle het ... Nee: Talle Hebreuse mss, die •Septuagint, •Vulgaat en •Siriese vertaling word hier gevolg. Die •bronteks lui “Julle het vir Hom gesê”.

*10:19 'n koning ... aanstel: 1 Sam 8:9; 12:12

*10:20-21 Hand 13:21; vgl Jos 7:14,16-17

^q10:23 kop ... uitgestaan: Die Hebreuse idioom kan vertaal word “van sy skouers boontoe hoër as”.

*10:23 kop ... volk: 1 Sam 9:2

*10:25 regte ... koningskap: Deut 17:14-20; 1 Sam 8:11-18

Daarna het Samuel die hele volk laat gaan, elkeen na sy huis. ²⁶ Ook Saul het na sy huis in Gibeā* gegaan. Bekwame manne wie se harte deur God aangeraak is, het saam met hom gegaan. ²⁷ Maar booswigte het gesê: “Hoe kan hierdie man ons verlos?”* En hulle het hom geminag en geen geskenk vir hom geneem nie,* maar hy het hom doof gehou.

11

Bevryding van Jabes in Gilead

¹ Nagas, die Ammoniet, het opgetrek^r en Jabes in Gilead beleër.* Al die manne van Jabes* sê toe vir Nagas: “Sluit met ons 'n ooreenkoms, dan sal ons u dien.” ² Maar Nagas, die Ammoniet, het vir hulle gesê: “Op hierdie voorwaarde sal ek 'n ooreenkoms met julle sluit: Wanneer ek elkeen van julle se regteroog uitsteek en daardeur skande oor die hele Israel bring.”

³ Die oudstes van Jabes sê toe vir hom: “Laat ons sewe dae toe, sodat ons boodskappers deur die hele gebied van Israel kan stuur. As daar dan niemand is wat ons kan red nie, sal ons ons aan u oorgee.”

⁴ Toe die boodskappers in Gibeā van Saul^s aankom en die voorwaardes ten aanhore van die volk herhaal, het die hele volk hardop begin huil.*

*10:26 sy ... Gibeā: 1 Sam 15:34

*10:27 Hoe ... verlos: 1 Sam 11:12

*10:27 geen ... nie: Vgl 1 Kron 17:5; Matt 2:11

^r11:1 Nagas ... opgetrek: Een van die •Qumrangeskryfte en die Joodse outeur Josefus volg 'n lesing waarin eers vertel word dat Nagas die stamme van Gad en Ruben verdruk het en elke Israelitiese man oos van die Jordaan se regteroog uitgesteek het, en dat 7 000 man ontvlug en in die stad Jabes in Gilead gaan skuil het.

*11:1 Nagas ... beleër: Rig 10:7,11-12; 11:4,15,33; 1 Sam 12:12

*11:1 manne van Jabes: Rig 21:8-12

^s11:4 Gibeā van Saul: Dit verwys na die Gibeā waar Saul gewoon het; vgl 1 Sam 10:26.

*11:4 volk ... huil: Rig 2:4; 21:2

⁵ Juis toe kom Saul van die land af terug, agter die osse aan. Saul vra toe: “Wat is dit met die volk dat hulle huil?” Hulle vertel hom toe wat die manne van Jabes gesê het.

⁶ Die Gees van God het Saul oorweldig* toe hy hierdie woorde hoor, en hy het baie kwaad geword. ⁷ *Hy neem toe twee osse, kap hulle op en stuur dit met boodskappers deur die hele gebied van Israel met die woorde: “Die een wat nie agter Saul en Samuel aan uittrek nie — so sal daar met sy osse gemaak word.”

Vrees wat van die HERE kom, het die manskappe oorval, en hulle het soos een man uitgetrek. ⁸ Saul het hulle in Besek gemonster — die Israeliete was driehonderdduisend, en die manne van Juda was dertigduisend.^t ⁹ Hulle het vir die boodskappers wat daar aangekom het, gesê, “So moet julle vir die manne van Jabes in Gilead sê, ‘Môre sal daar vir julle redding wees wanneer die son warm is.’ ” Die boodskappers het gegaan, en toe hulle die manne van Jabes daaroor inlig, was hulle verheug.

¹⁰ Die manne van Jabes het gesê: “Môre sal ons ons aan julle oorgee, en dan kan julle aan ons doen soos julle goeddink.”

¹¹ Die dag daarna het Saul die manskappe in drie eenhede opgestel.* Hulle het die kamp teen die laaste nagwaak^u binnegeval en die Ammoniete bly neervel tot die dag op sy warmste was. Dié wat oorgebly het, is so uitmekaar gedryf dat daar nie twee van hulle meer bymekaar was nie.

* **11:6 Gees ... oorweldig:** 1 Sam 10:6,10

* **11:7** Vgl Rig 19:29

^t**11:8 300 000 ... 30 000:** Kan ook vertaal word “driehonderd afdelings ... dertig afdelings”.

* **11:11 in ... opgestel:** Vgl Rig 7:16; 9:43; 2 Sam 18:2; Job 1:17

^u**11:11 laaste nagwaak:** Die •bronteks lui “nagwaak van die oggend”.

Herbevestiging van Saul se koningskap

¹² *Die manskappe het vir Samuel gesê: “Wie het gesê, ‘Moet Saul oor ons koning wees?’ Lewer dié manne uit, sodat ons hulle kan doodmaak!”

¹³ Maar Saul het gesê: “Niemand mag op hierdie dag doodgemaak word nie, * want vandag het die HERE redding bewerk in Israel.”

¹⁴ Samuel het vir die manskappe gesê: “Kom, laat ons na Gilgal* gaan en die koningskap daar herbevestig.” ¹⁵ Al die manskappe het toe na Gilgal gegaan en hulle het Saul daar in Gilgal, in die teenwoordigheid van die HERE, as koning ingehuldig.* Hulle het daar voor die HERE maaltydoffers geslag. Saul en al die manne van Israel was baie vrolik daar.

12

Samuel se afskeidsboodskap

¹ Samuel het vir die hele Israel gesê: “Kyk, ek het geluister na alles wat julle vir my gevra het,* en ek het 'n koning oor julle aangestel.* ² Hier is dan nou die koning wat voor julle uit sal loop. Ek self het oud en grys geword, maar my seuns is nog hier by julle.*

“Ek is die een wat van my jeug af tot vandag toe voor julle uit geloop het.

³ *Hier is ek — bring getuienis teen my in voor die HERE en voor sy gesalfde.

*11:12 1 Sam 10:27

*11:13 Niemand ... nie: 2 Sam 19:22

*11:14 Gilgal: 1 Sam 7:16

*11:15 in die ... ingehuldig: Rig 11:11

*12:1 ek het geluister ... gevra het: 1 Sam 8:5,19-20

*12:1 'n koning ... aangestel: 1 Sam 10:24; 11:14-15

*12:2 Ek self ... julle: 1 Sam 8:1-3

*12:3 Hand 20:33

Wie se bees het ek gevat? Wie se donkie het ek gevat? Wie het ek uitgebuit? Wie het ek mishandel? Uit wie se hand het ek 'n omkoopgeskenk aanvaar en so my oë gesluit?* Ek sal dit aan julle teruggee.”⁴ Hulle het gesê: “U het ons nie uitgebuit nie en ons nie mishandel nie. U het nie uit enigiemand se hand iets gevat nie.”

⁵ Hy sê toe vir hulle: “Die HERE is 'n getuie teen julle, en sy gesalfde is op hierdie dag 'n getuie, dat julle niks in my hand gevind het nie.” “Hy is getuie,” het hulle gesê.^v

⁶ Toe sê Samuel vir die volk: “Die HERE is die Een wat Moses en Aäron aangewys^w het en julle voorouers uit Egipteland laat optrek het. ⁷ Staan dan nou gereed, sodat ek voor die HERE met julle die saak kan uitmaak oor al die weldade van die HERE wat Hy aan julle en julle voorouers bewys het: ⁸ Nadat Jakob in Egipte aangekom het, het julle voorouers na die HERE om hulp geroep.* Die HERE het Moses en Aäron gestuur, en hulle het julle voorouers uit Egipte laat wegtrek en hulle op hierdie plek laat woon. ⁹ Hulle het egter die HERE hulle God vergeet, en Hy het hulle oorgelewer in die hand van Sisera,* die leëraanvoerder van Hasor, en in die hand van die Filistyne* en in die hand van die koning van Moab.* Toe hulle teen julle voorouers^x oorlog gevoer het, ¹⁰ het hulle na die HERE om

* **12:3 Wie se bees ... gesluit:** Vgl Num 16:15; Deut 16:19; 1 Thess 2:5

^v**12:5 het hulle gesê:** Talle Hebreëuse mss word hier gevolg. Die •bronteks lui “het hy gesê”.

^w**12:6 aangewys:** Letterlik ‘gemaak’.

* **12:8 julle voorouers na ... geroep:** Eks 2:23

* **12:9 Sisera:** Rig 4:1-2

* **12:9 die Filistyne:** 1 Sam 4:1-2

* **12:9 koning van Moab:** Rig 3:12-13

^x**12:9 julle voorouers:** Die bronteks lui “hulle”.

hulp geroep en gesê, ‘Ons het gesondig, want ons het die HERE verlaat en die Baäls^y en Astartes^z gedien.* Red ons nou uit die hand van ons vyande, dan sal ons U dien.’¹¹ Die HERE het Jerubbaäl,^a Bedan, Jefta* en Samuel^b gestuur, en Hy het julle gered uit die hand van julle vyande aan alle kante, en julle het veilig gewoon.

¹² “Maar toe julle sien dat Nagas, die koning van die Ammoniete, teen julle optrek,* het julle vir my gesê, ‘Nee, maar 'n koning moet oor ons regeer!’ — en dit terwyl die HERE julle God julle koning is.*¹³ Hier is dan nou die koning wat julle verkies het, waarvoor julle gevra het.

“Kyk, die HERE het vir julle 'n koning gegee.¹⁴ As julle ontsag sal hê vir die HERE, Hom sal dien, na sy stem sal luister en nie teen die bevel van die HERE in opstand kom nie, en as julle, en ook die koning wat oor julle regeer, die HERE julle God altyd sal volg — dan is dit goed.^c¹⁵ As julle egter nie na die stem van die HERE luister nie en in opstand kom teen die bevel van die HERE, sal die hand van die HERE teen julle en teen julle koning^d wees.

^y**12:10 Baäls:** 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^z**12:10 Astartes:** 'n Vrugbaarheidsgodin wat met liefde en oorlog geassosieer is. Die meervoud “Astartes” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die godin.

***12:10 Ons ... gedien:** Rig 2:13; 10:10

^a**12:11 Jerubbaäl:** Gideon se bynaam; vgl Rig 6:32; 7:1.

***12:11 Jefta:** Rig 11:1

^b**12:11 Jerubbaäl ... Samuel:** Die oudste vertalings verskil oor die name en volgorde van die rigters, bv die •Septuagint lui “Jerubbaäl, Barak, Jefta en Samuel”.

***12:12 Nagas ... optrek:** 1 Sam 11:1

***12:12 Nee ... koning is:** 1 Sam 8:5-6,19

^c**12:14 dan ... goed:** Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

^d**12:15 teen julle en ... koning:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “teen julle voorouers”.

¹⁶ “*Staan dan nou ook gereed en aanskou hierdie groot daad wat die HERE voor julle oë gaan verrig. ¹⁷ Is dit nie die tyd van die koringoes^e nie? Ek sal die HERE aanroep, sodat Hy donderslae en reën beskik. Besef dan en sien in dat julle boosheid groot is — dit wat julle in die oë van die HERE gedoen het deur 'n koning vir julle te vra.*”

¹⁸ Toe het Samuel die HERE aangeroop, en die HERE het nog dieselfde dag donderslae en reën beskik. Die hele volk het groot ontsag gehad vir die HERE en vir Samuel.* ¹⁹ Die hele volk sê toe vir Samuel: “Bid tot die HERE u God ter wille van u dienaars,* sodat ons nie sterf nie; want by al ons sondes het ons nog die kwaad bygevoeg om 'n koning vir ons te vra.”

²⁰ Samuel het vir die volk gesê: “Moenie bang wees nie! Julle het wel al hierdie kwaad gedoen, maar moet net nie van die HERE af wegdraai nie. Dien die HERE met julle hele hart. ²¹ Julle mag nie wegdraai nie, ja, nie agter nietige afgode aan wat geen voordeel kan bied of kan red nie, omdat hulle nietighede is. ²² *Want die HERE sal sy volk nie in die steek laat nie, ter wille van sy groot Naam. Die HERE het immers besluit om julle sy volk te maak.

²³ “Ook wat my betref — nooit sal ek daaraan dink om teen die HERE te sondig deur op te hou om vir julle te bid nie.* Ek sal julle die goeie en reguit pad leer. ²⁴ Maar julle moet net vir die HERE ontsag hê en Hom in getrouheid dien met julle hele hart. Ja, let op die groot dinge wat Hy vir julle gedoen het. ²⁵ As julle egter aanhou verkeerd optree, sal julle self en

*12:16 Vgl Eks 14:13

^e12:17 tyd ... koringoes: Koring is in die somer geoes wanneer dit in Palestina gewoonlik nie reën nie.

*12:17 Besef ... te vra: 1 Sam 8:7

*12:18 Die hele ... Samuel: Vgl Eks 14:31

*12:19 Bid ... dienaars: 1 Sam 12:23

*12:22 Ps 94:14; Rom 11:1-2

*12:23 op ... bid nie: 1 Sam 12:19

ook julle koning weggevee word.”

13

Saul se ongehoorsaamheid

^{1f}Saul was dertig jaar oud^g toe hy koning geword het, en hy het twee jaar^h lank oor Israel regeer.

²Saul het vir hom drieduisend manⁱ uit Israel gekies. Tweeduisend was by Saul in Mikmas* en in die bergland by Bet-El, en eenduisend was by Jonatan in Gibeas* in Benjamin. Die res van die manskappe het hy weggestuur, elkeen na sy woonplek toe.

³Jonatan het die Filistynse wagpos^j wat in Gibeas^k was, aangeval, en die Filistyne het daarvan te hore gekom. Saul het in die hele land op die ramshoring laat blaas* om te laat weet: “Die Hebreërs^l moet dit hoor!”

⁴In die hele Israel is die nuus versprei: “Saul het die Filistynse wagpos aangeval; maar wat erger is, Israel is veragtelik gemaak^m by die Filistyne.”

^f13:1 Hierdie vers ontbreek in die meeste mss van die •Septuagint.

^g13:1 30 jaar oud: Enkele mss van die Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “n jaar oud”. Daar het waarskynlik op 'n vroeë stadium 'n getal uitgeval in die bronteks.

^h13:1 2 jaar: Daar het waarskynlik 'n getal uitgeval in die bronteks. Volgens Hand 13:21 en die antieke Joodse historikus Josefus het Saul veertig jaar lank regeer.

ⁱ13:2 3 000 man: Kan ook vertaal word “drie afdelings manne”.

*13:2 Mikmas: 1 Sam 14:31

*13:2 Gibeas: 1 Sam 10:26

^j13:3 Filistynse wagpos: Kan ook vertaal word “Filistynse bevelvoerder” of “Filistynse skildwag”.

^k13:3 Gibeas: Die bronteks lui Geba; vgl egter 1 Sam 10:5.

*13:3 op ... blaas: Vgl Rig 3:27

^l13:3 Hebreërs: 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

^m13:4 veragtelik gemaak: Die Hebreuse idioom kan vertaal word “Israel is stink gemaak”.

Die manskappe is toe opgeroep na Saul in Gilgal. ⁵ Die Filistyne het saamgetrek om teen Israel te veg met dertig afdelings strydwaens,ⁿ ses afdelings perderuiters^o en manskappe so talryk soos die sand op die seestrand. Hulle het opgetrek en kamp opgeslaan in Mikmas, oos van Bet-Awen.

⁶ Die manne van Israel sien toe dat daar vir hulle moeilikheid wag, want die manskappe was vasgekeer. Die manskappe het toe in grotte, klipskeure, rotswande, grafkelders en opgaarputte^p gaan wegkruip. ⁷ Van die Hebreërs het die Jordaan oorgesteek na die landstreke van Gad en Gilead.

Saul was egter nog in Gilgal. Al die manskappe het hom bewend gevolg. ⁸ Hy het sewe dae lank gewag vir die vasgestelde tyd waarvan Samuel gepraat het,^q maar toe Samuel nie in Gilgal opdaag nie, het die manskappe van Saul af gedros. ⁹ Saul sê toe: “Bring vir my die brandoffer en maaltydoffers!” En hy het die brandoffer geoffer.

¹⁰ En toe, net toe hy die brandoffer gebring het — daar kom Samuel aan! Saul het uitgegaan om hom te ontmoet en om hom te groet. ¹¹ Maar Samuel het gesê: “Wat het jy gedoen?” Waarop Saul toe antwoord: “Omdat ek gesien het dat die manskappe van my af gedros het, dat u self nie op die vasgestelde tyd opgedaag het nie, en dat die Filistyne by Mikmas saamgetrek het, ¹² het ek gedink: Nou gaan die Filistyne na my toe aftrek in Gilgal, terwyl ek nog nie die HERE se guns gesoek het nie. Ek het toe moed bymekaargeskraap en die brandoffer geoffer.”

ⁿ13:5 30 ... **strydwaens**: Kan ook vertaal word “dertigduisend strydwaens”.

^o13:5 6 ... **perderuiters**: Kan ook vertaal word “sesduisend perderuiters”.

^p13:6 **opgaarputte**: 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

^q13:8 **gepraat het**: Sommige Hebreëuse mss en die Septuagint word hier gevolg; vgl 1 Sam 10:8. 'n Werkwoord ontbreek in die bronteks.

¹³ Toe sê Samuel vir Saul: “Jy het dwaas opgetree. Jy het nie die opdrag van die HERE jou God, dit wat Hy jou beveel het, nagekom nie.* Het jy dit maar gedoen!^r Want dan sou die HERE jou koningskap oor Israel vir altyd bevestig het. ¹⁴* Maar nou sal jou koningskap nie standhou nie.* Die HERE het vir Hom 'n man na sy hart uitgesoek, en die HERE het hom as leier^s volmag oor sy volk gegee, omdat jy dit wat die HERE jou beveel het, nie nagekom het nie.” ¹⁵ Toe het Samuel opgestaan en van Gilgal af opgegaan na Gibeon in Benjamin.

Jonatan se heldedaad

Saul het die manskappe wat nog by hom was, gemonster, ongeveer seshonderd man.* ¹⁶ Terwyl Saul en sy seun Jonatan en die manskappe wat nog by hom was, in Geba in Benjamin gebly het, het die Filistyne kamp opgeslaan in Mikmas. ¹⁷ Stroperbendes* het in drie eenhede uit die Filistyne se kamp uitgetrek. Een eenheid het weggedraai in die rigting van Ofra, in die Sualstreek, ¹⁸ 'n ander eenheid het weggedraai in die rigting van Bet-Goron, en nog 'n eenheid in die rigting van die grensgebied wat uitkyk oor die vallei van Seboïm,^t na die woestyn^u se kant.

*13:13 Jy het nie ... nagekom nie: 1 Sam 15:11

^r13:13 Het jy ... gedoen: Ontbreek in die bronteks, maar word geïmpliseer.

*13:14 Hand 13:22

*13:14 jou ... standhou nie: 1 Sam 15:28

^s13:14 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

*13:15 ongeveer 600 man: 1 Sam 14:2

*13:17 Stroperbendes: 1 Sam 4:15

^t13:18 vallei van Seboïm: Kan ook vertaal word “Vallei van Hiënas”. Hier word die woord “Seboïm” anders gespél as elders in die bronteks, bv Hos 11:8.

^u13:18 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

¹⁹ Daar was nie 'n enkele grofsmid te vinde in die hele land Israel nie,* want die Filistyne het gesê: “Anders maak die Hebreërs^v swaarde of vegspiese.” ²⁰ *Die hele Israel moes na die Filistyne afgaan, elkeen om sy ploegskaar, sy bylpik, sy dissel of sy sekel^w te laat slyp. ²¹ Die fooi daarvoor was 'n pim^x vir 'n ploegskaar, 'n bylpik en 'n drietandvurk,^y asook vir byle en die herstel van 'n osdrywerstok.^z ²² So kom dit dat, in 'n tyd van oorlog, daar nie 'n swaard of vegspies te vinde was in die hande van enige van die manskappe wat by Saul en Jonatan was nie. Saul en sy seun Jonatan het wel wapens gehad.

²³ 'n Garnisoen van die Filistyne het uitgegaan na die bergpas by Mikmas.*

14

¹ Op 'n dag sê Jonatan, seun van Saul, vir die jong man wat sy wapens dra: “Kom ons gaan oor na die garnisoen van die Filistyne daar oorkant.” Maar vir sy pa het hy dit nie vertel nie. ² Saul het aan die buitewyke van Gibea* gesit onder die granaatboom by Migron. Daar was ongeveer seshonderd manskappe* by hom. ³ Agija, seun van Agitub, die broer van

*13:19 nie ... Israel nie: Vgl 2 Kon 24:14

^v13:19 Hebreërs: Vgl voetnoot in 1 Sam 13:3.

*13:20 Vgl Joël 3:10

^w13:20 sekel: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks herhaal die woord “ploegskaar”.

^x13:21 pim: 'n Gewigseenheid van ongeveer 8 g. Dit was $\frac{2}{3}$ van 'n •sikkel. Die gemiddelde maandelikse inkomste van 'n persoon was 1 sikkel; •Geldeenhede.

^y13:21 drietandvurk: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Kan ook vertaal word “en 'n derde (van 'n sikkel) vir 'n vurk”.

^z13:21 osdrywerstok: 'n Stok met 'n skerp metaalpunt waarmee osse gesteek is om hulle aan te dryf.

*13:23 Mikmas: 1 Sam 14:4

*14:2 Gibea: 1 Sam 10:26

*14:2 ongeveer 600 manskappe: 1 Sam 13:15

Ikabod,^{*} seun van Pinehas, seun van Eli, die priester van die HERE in Silo,^{*} het toe die efod^a gedra. Ook die manskappe het nie geweet dat Jonatan gegaan het nie.

⁴ In die middel van die pas^{b*} waar Jonatan wou oorgaan na die garnisoen van die Filistyne, was daar 'n spits rotpunt aan die oorkant, en 'n spits rotpunt aan die duskant. Die naam van die een rotpunt was Boses en die naam van die ander was Senne. ⁵ Die een spits verrys^c aan die noordekant teenoor Mikmas, en die ander aan die suidekant teenoor Geba.

⁶ Jonatan sê toe vir die jong man wat sy wapens dra: “Kom ons gaan oor na die garnisoen van hierdie onbesnedenes.^d Miskien help die HERE ons, want daar is vir die HERE geen beperking om deur baie of deur min te verlos nie.” ⁷ Sy wapendraer antwoord hom: “Doen enigiets wat u wil. As u naderkruip, kyk, ek is by u, wat u ook al besluit.”

⁸ Toe sê Jonatan: “Dis reg; dan gaan ons oor na die manne, maar ons sorg dat hulle ons sien. ⁹ As hulle vir ons sê, ‘Staan stil totdat ons by julle kom!’ dan bly ons staan waar ons is, en klim nie op na hulle toe nie.

¹⁰ Maar as hulle sê, ‘Kom op na ons toe!’ dan gaan ons op, want dan gee die HERE hulle in ons hand. Dit sal vir ons die teken wees.”

¹¹ Hulle twee het toe gesorg dat die garnisoen van die Filistyne hulle

***14:3 Ikabod:** 1 Sam 4:21

***14:3 priester ... Silo:** 1 Sam 1:3

^a**14:3 efod:** 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het; vgl Eks 28:4.

^b**14:4 In ... pas:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “tussen die passe”.

***14:4 pas:** 1 Sam 13:23

^c**14:5 verrys:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^d**14:6 onbesnedenes:** 'n Skeldnaam vir die Filistyne wat nie die besnydenis toegepas het nie.

sien. Die Filistyne sê toe: “Kyk, daar is Hebreërs^e besig om uit die gate te kom waar hulle weggekruip het.*” ¹² Die manne van die garnisoen skreeu toe vir Jonatan en sy wapendraer. Hulle het gesê: “Klim op na ons toe, sodat ons julle 'n les kan leer.^f” Daarop sê Jonatan vir sy wapendraer: “Klim op agter my aan, want die HERE gee hulle in die hand van Israel.”

¹³ Jonatan het hande-viervoet opgeklim, met sy wapendraer agter hom. Die Filistyne het voor Jonatan geval, en sy wapendraer agter hom het hulle die doodsteek toegedien. ¹⁴ Hierdie eerste aanval, waarin Jonatan en sy wapendraer ongeveer twintig man neergevel het, het op naastenby die helfte van 'n ploegstrook^g plaasgevind.

¹⁵ Dit het vrees veroorsaak in die kamp en in die veld, ja, onder al die manskappe. Die garnisoen en die stroperbendes,^{*} selfs hulle was aan die bewe. Die land het gesidder; dit was 'n vrees wat van God kom.^h

¹⁶ Saul se verkenners by Gibeon in Benjamin sien toe: Kyk, die massamense spat uiteen in alle rigtings! ¹⁷ Saul het vir die manskappe by hom gesê: “Monster die manne, en kyk wie van ons af weggegaan het.” Hulle hou toe 'n monsterring en sowaar, Jonatan en sy wapendraer is nie daar nie! ¹⁸ Toe sê Saul vir Agija: “Bring die ark van God nader.” Die ark van God was immers in dié tyd by die Israeliete.

¹⁹ *Terwyl Saul nog met die priester praat, raak die opskudding wat in

^e**14:11 Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

^{*}**14:11 gate ... het:** 1 Sam 13:6

^f**14:12 julle ... leer:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word “julle 'n ding leer ken”.

^g**14:14 helfte ... ploegstrook:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word “die helfte van 'n ploegstrook met 'n span van twee osse in 'n land”.

^{*}**14:15 stroperbendes:** 1 Sam 13:17

^h**14:15 vrees ... kom:** Kan ook vertaal word “'n ontsagwekkende vrees”.

^{*}**14:19** Num 27:21

die kamp van die Filistyne heers, al hoe erger. Saul sê toe vir die priester: “Hou jou hand terug!”²⁰ Saul en al die manskappe wat by hom was, het op sy bevel byeengekom en tot die stryd toetree. En kyk, onder die Filistyneⁱ was daar volslae verwarring: Elkeen se swaard was teen sy makker gerig!^{*}²¹ *En die Hebreërs^j wat vroeër by die Filistyne aangesluit het, wat van oraloor saam met hulle in die leer opgetrek het, selfs hulle was gereed om aan te sluit by die Israeliete wat saam met Saul en Jonatan was.²² Al die manne van Israel wat in die heuweland van Efraim^{*} weggekruip het, het gehoor dat die Filistyne vlug, en ook hulle het in die geveg aan die hakkejag deelgeneem.

²³ Die HERE het Israel daardie dag verlos. Die geveg het voortgewoed tot anderkant Bet-Awen.*

Saul se ondeurdagte eed

²⁴ Die manne van Israel was daardie dag onder druk, want Saul het die manskappe 'n eed opgelê deur te sê: “Vervloek is die man wat iets eet voor vanaand, en voordat ek my op my vyande gewreek het.” Nie een van die manskappe het toe sy mond aan iets gesit nie,²⁵ en so ook die hele land. Hulle kom toe in 'n bos waar daar heuning op die grond was.²⁶ Toe die manskappe by die bos aankom, is daar sowaar heuning in oorvloed!^{*} Maar niemand het daaraan geraak nie,^k want die manskappe was bang vir

ⁱ14:20 onder die Filistyne: Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

^{*}14:20 Elkeen ... gerig: Rig 7:22; Eseg 38:21

^{*}14:21 Vgl 1 Sam 13:7

^j14:21 Hebreërs: Vgl voetnoot in 1 Sam 14:11

^{*}14:22 heuweland van Efraim: Jos 24:33; Rig 2:9; 17:1; 1 Sam 1:1

^{*}14:23 Bet-Awen: 1 Sam 13:5

^{*}14:26 heuning in oorvloed: Eks 3:8

^k14:26 niemand ... nie: Die Hebreuse idioom kan vertaal word “niemand bring sy hand na sy mond nie”.

die eed.

²⁷ *Jonatan het egter nie gehoor toe sy pa die manskappe 'n eed opgelê het nie. Hy het die punt van die staf wat in sy hand was, uitgesteek, dit in 'n heuningkoek gedoop en dit met sy hand na sy mond gebring. Sy oë het daarvan opgehelder.

²⁸ Een van die manskappe reageer toe en sê: “Jou pa het die manskappe streng onder eed geplaas deur te sê, ‘Vervloek is die man wat vandag iets eet.’ Dit is waarom die manskappe moeg geword het.” ²⁹ Daarop sê Jonatan: “My pa dompel die land in ellende. Kyk tog: My oë het opgehelder omdat ek aan hierdie bietjie heuning geproe het — ³⁰ hoeveel te meer die manskappe s'n, as hulle vandag goed kon eet van die buit wat hulle by hulle vyande afgeneem het! Want nou is die slagting onder die Filistyne nie so groot nie.”

³¹ Hulle het daardie dag die Filistyne verslaan van Mikmas* af tot by Ajalon. Die manskappe was baie moeg, ³² en het op die buit toegesak. Hulle het kleinvee, beeste en kalwers geneem en dit op die grond geslag. Hulle het dit met bloed en al geëet.* ³³ Saul is meegedeel: “Kyk, die manskappe is besig om teen die HERE te sondig deur vleis met bloed en al te eet.” Toe sê hy: “Julle was ontrou. Rol dadelik 'n groot klip na my toe!” ³⁴ Saul het ook gesê: “Beweeg tussen die manskappe deur en sê vir hulle, ‘Elkeen moet sy bees of stuk kleinvee hier na my toe bring en dit hier slag en eet, sodat julle nie teen die HERE sondig deur dit met bloed en al te eet nie.’ ” Al die manskappe het toe daardie nag elkeen self sy bees gebring en dit daar geslag. ³⁵ *So het Saul vir die HERE 'n altaar opgerig. Dit was die eerste keer dat hy vir die HERE 'n altaar opgerig het.

*14:27 1 Sam 14:43

*14:31 Mikmas: 1 Sam 1:2

*14:32 bloed ... geëet: Gen 9:4; Lev 3:17; Deut 12:16

*14:35 Vgl 1 Sam 7:17

³⁶ Saul het gesê: “Ons moet in die nag aftrek agter die Filistyne aan, tot ligdag toe onder hulle buit maak, en niemand onder hulle laat oorbly nie.” Die manskappe het gesê: “Doen wat goed is in u oë!” Maar die priester* het gesê: “Laat ons hier eers tot God nader.”

³⁷ Saul het God toe geraadpleeg: “Moet ek aftrek agter die Filistyne aan? Sal U hulle in die hand van Israel oorgee?” Maar God het hom daardie dag nie geantwoord nie.* ³⁸ Toe sê Saul: “Kom hier, al julle steunpilare van die volk! Vind uit, stel vas waarmee hierdie sonde vandag begaan is. ³⁹ Want so waar as die HERE leef, Hy wat Israel verlos — selfs as dit deur my seun Jonatan gedoen is, moet hy beslis sterf.*” Maar van al die manskappe het nie een hom geantwoord nie. ⁴⁰ Toe sê hy vir die hele Israel: “Staan julle aan die een kant, dan sal ek en my seun Jonatan aan die ander kant staan.” Die manskappe het Saul geantwoord: “Doen wat goed is in u oë!” ⁴¹ Saul sê toe vir die HERE: “God van Israel, gee duidelikheid!” Jonatan en Saul is uitgewys,* en die manskappe was vry. ⁴² Toe sê Saul: “Werp die lot tussen my en my seun Jonatan.” En Jonatan is uitgewys.

⁴³ Daarop sê Saul vir Jonatan: “Sê vir my wat jy gedoen het.”* Jonatan het hom toe vertel. Hy het gesê: “Ek het maar net aan 'n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was.* Hier is ek — ek sal

*14:36 priester: 1 Sam 14:3,18-19

*14:37 Maar ... geantwoord nie: 1 Sam 28:6

*14:39 Want ... sterf: 1 Sam 14:45

¹14:41 gee duidelikheid: Kan ook, met vokaalwysiging, vertaal word “gee tummim”; vgl Lev 8:8. Daar het waarskynlik woorde uitgeval in die bronteks. Die Septuagint lui “Waarom het U nie vandag u dienskneg geantwoord nie? As die onreg by my of my seun Jonatan is, HERE, God van Israel, gee dan urim. En as U hier sê, ‘by u volk Israel’, gee dan tummim.”

*14:41 Jonatan ... uitgewys: Vgl Jos 7:16; 1 Sam 10:20-21

*14:43 Sê ... gedoen het: Vgl Jos 7:19

*14:43 Ek ... was: 1 Sam 14:27

sterf.”⁴⁴ Toe sê Saul: “Mag God my swaar straf^m as jy nie beslis sterf nie, Jonatan.”⁴⁵ Maar die manskappe het vir Saul gesê: “Moet Jonatan, wat hierdie groot verlossing in Israel bewerk het, sterf? Hoegenaamd nie! So waar as die HERE leef, nie 'n haar van sy kop sal op die grond val nie!* Want met God se hulp het hy dit vandag gedoen.” So het die manskappe Jonatan laat vrykom, en hy het nie gesterf nie.

⁴⁶ Saul het die agtervolging van die Filistyne gestaak, en die Filistyne het na hulle plek toe gegaan.

Saul se oorloë

⁴⁷ Saul het die koningskap oor Israel onder beheer gekry, en het op alle fronte oorlog gevoer teen al sy vyande: teen Moab, teen die Ammoniete, teen Edom, teen die konings van Soba en teen die Filistyne. Waar hy ook al gekom het, het hy redding gebring.ⁿ ⁴⁸ Hy het dapper opgetree en Amalek verslaan. Hy het Israel gered uit die hand van hulle plunderaars.

⁴⁹ Saul se seuns was Jonatan, Jiswi en Malkisua;* sy twee dogters se name was Merab,* die oudste, en Mikal,* die jongste. ⁵⁰ Saul se vrou se naam was Aginoam, dogter van Agimaäs. Sy leëraanvoerder se naam was Abner, seun van Ner, die oom van Saul.* ⁵¹ Kis,* die pa van Saul, en Ner, Abner se pa, was seuns van Abiël.

⁵² Daar was hewige gevegte met die Filistyne solank Saul geleef het.

^m**14:44 Mag ... straf:** In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking wat vertaal kan word “So sal God doen en so sal Hy byvoeg”.

***14:45 nie 'n haar ... val nie:** 1 Sam 14:39; Matt 10:30; Luk 21:18; Hand 27:34

ⁿ**14:47 redding gebring:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “het hy hom skuldig gemaak”.

***14:49 Saul ... Malkisua:** 1 Sam 31:2

***14:49 Merab:** 1 Sam 18:17-19

***14:49 Mikal:** 1 Sam 18:20,27; 2 Sam 3:14; 6:20-23

***14:50 oom van Saul:** 1 Sam 10:14

***14:51 Kis:** 1 Sam 9:1

Wanneer Saul enige dapper of heldhaftige man gesien het, het hy dié by hom laat aansluit.

15

Verwerping van Saul as koning

¹ Samuel het vir Saul gesê: “Vir my het die HERE gestuur om jou as koning te salf oor sy volk Israel.* Luister dan nou na die woorde van die HERE. ² So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Ek het raakgesien^o wat die Amalekiete aan Israel gedoen het, oor wat hulle vir Israel in die weg gelê het toe hy uit Egipte opgetrek het.* ³ Gaan dan nou en verslaan die Amalekiete. Julle moet alles wat aan hulle behoort, met die banvloek^p tref. Jy mag nie met hulle medelye hê nie. Jy moet man en vrou, kind en suigeling, bees en skaap, kameel en donkie, laat doodmaak.’ ”

⁴ Daarop het Saul die manskappe opgeroep en hulle gemonster in Telaïm — tweehonderdduisend voetsoldate en tienduisend^q uit Juda. ⁵ Toe Saul by die stad van die Amalekiete aankom, het hy 'n hinderlaag in die dal opgestel. ⁶ Saul het vir die Keniete* gesê: “Gee pad! Kom weg daar tussen die Amalekiete, anders vernietig ek julle saam met hulle. Julle is die mense wat guns bewys het aan al die Israeliete toe hulle uit Egipte opgetrek het.” Die Keniete het toe onder die Amalekiete uit padgegee.

* **15:1 Vir ... Israel:** 1 Sam 9:16

^o**15:2 Ek het raakgesien:** Word ook vertaal “Ek sal verantwoording eis”.

* **15:2 wat hulle ... opgetrek het:** Eks 17:8,14,16; Num 14:45; Deut 25:17-19

^p**15:3 banvloek:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; •Banvloek.

^q**15:4 200 000 ... 10 000:** Kan ook vertaal word “tweehonderd afdelings ... tien afdelings”.

* **15:6 die Keniete:** Rig 1:16

⁷ Saul het die Amalekiete verslaan van Gawila* af tot by Sur,* wat langs Egipte lê. ⁸ Hy het Agag, die koning van die Amalekiete, lewend gevange geneem, maar die hele volk het hy deur die swaard met die banvloek getref. ⁹ Saul en die manskappe het Agag gespaar, asook die beste kleinvee en beeste, al die naasbestes,^r ook die ramme en alles wat goed was. Hulle wou dit nie met die banvloek tref nie;* maar alles wat verwerplik en swak was, dié het hulle met die banvloek getref.

¹⁰ Toe het die woord van die HERE tot Samuel gekom: ¹¹ “Ek is spyt dat Ek Saul as koning aangestel het,* want hy het van My af weggedraai en my opdragte nie uitgevoer nie.” Samuel was ontsteld en het die hele nag na die HERE om hulp geroep. ¹² Samuel het vroeg die oggend opgestaan om Saul te gaan ontmoet. Samuel is meegedeel: “Saul het in Karmel* aangekom, en hy het sowaar vir homself 'n gedenkteken opgerig. Toe het hy omgedraai en verder gegaan; hy is af na Gilgal* toe.”

¹³ Toe Samuel by Saul kom, sê Saul vir hom: “Mag u geseën wees deur die HERE! Ek het die opdrag van die HERE uitgevoer.” ¹⁴ Maar Samuel vra toe: “Wat is dan die geblêr van kleinvee in my ore en die gebulk van beeste wat ek hoor?” ¹⁵ Saul het geantwoord: “Hulle het dit van die Amalekiete af gebring; want die manskappe het die beste kleinvee en beeste gespaar,* sodat hulle aan die HERE u God kan offer. Die res het ons met die banvloek getref.”

* **15:7 Gawila:** Gen 2:11

* **15:7 Sur:** Gen 16:7; 25:18; Eks 15:22

^r**15:9 die naasbestes:** Die •bronteks lui “die tweedes”. Volgens 'n Joodse geleerde verwys dit na die tweede werpsel diere.

* **15:9 Saul ... tref nie:** 1 Sam 15:3,15; 28:18

* **15:11 Ek ... aangestel het:** 1 Sam 15:35

* **15:12 Karmel:** 1 Kon 18:20

* **15:12 Gilgal:** Jos 4:19; 1 Sam 7:16

* **15:15 want ... gespaar:** 1 Sam 15:9,21

¹⁶ Toe sê Samuel vir Saul: “Hou op, dat ek aan jou kan bekend maak wat die HERE vannag vir my gesê het.” Waarop Saul vir hom sê: “Praat!”

¹⁷ Samuel sê toe: “Is jy nie, alhoewel jy klein is in jou eie oë,* die hoof van die stamme van Israel nie? En het die HERE jou nie as koning gesalf oor Israel nie? ¹⁸ Die HERE het jou op 'n pad gestuur. Hy het gesê, ‘Gaan tref die sondaars, die Amalekiete, met die banvloek. Veg teen hulle totdat jy hulle uitgewis het.’ ¹⁹ Waarom het jy dan nie na die stem van die HERE geluister nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE?”

²⁰ Saul sê toe vir Samuel: “Ek het geluister na die stem van die HERE. Ek het gegaan op die pad waarop die HERE my gestuur het. Ek het Agag, die koning van die Amalekiete, saamgebring, maar die Amalekiete het ek met die banvloek getref. ²¹ Die manskappe het egter uit die buit kleinvee en beeste geneem, die beste van die bangoed,^s om aan die HERE u God in Gilgal te offer.”

²² *Daarop het Samuel geantwoord:

“Is daar vir die HERE vreugde
in •brandoffers en •maaltydoffers,*
soos in gehoorsaamheid
aan die stem van die HERE?
Kyk, om gehoorsaam te wees
is beter as maaltydoffers,
om te luister beter
as die vet van ramme.*

*15:17 jy klein ... oë: 1 Sam 9:21

^s15:21 bangoed: Dit is wat in 'n heilige oorlog aan die HERE gewy is en heeltemal vernietig moet word.

*15:22 Mark 12:33

*15:22 Is ... en maaltydoffers: Ps 40:7; Spr 21:3; Jes 1:11-17; Jer 6:20; Heb 10:6-9

*15:22 om gehoorsaam ... ramme: Hos 6:6; Miga 6:6-8; Matt 9:13; 12:7; Mark 12:33

²³ Ja, opstandigheid is soos die sonde van waarsêery, en eiesinnigheid soos die euwel van huisgode.^{tu} Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.*”

²⁴ Toe sê Saul vir Samuel: “Ek het gesondig, ja, ek het die bevel van die HERE en u opdragte oortree,* omdat ek bang was vir die manskappe en na hulle geluister het. ²⁵ Vergewe nou asseblief my sonde en gaan saam met my terug, sodat ek voor die HERE in aanbidding kan buig.” ²⁶ Maar Samuel het vir Saul gesê: “Ek sal nie saam met jou teruggaan nie, want jy het die woord van die HERE verwerp, en die HERE het jou verwerp as koning oor Israel.”

²⁷ Toe Samuel omdraai om te loop, gryp Saul die soom van sy bokleed,^v en dit het geskeur. ²⁸ Samuel sê toe vir hom: “Die HERE het vandag die koningskap van Israel van jou afgeskeur en Hy het dit aan jou medemens gegee wat beter as jy is.* ²⁹ Verder, die Ewige van Israel breek nie sy woord nie, en Hy is nie spyt daaroor nie; Hy is immers nie 'n mens nie, dat Hy spyt sou kry nie.*”

³⁰ “Ek het gesondig,” het Saul gesê. “Handhaaf nou asseblief my eer voor die oudstes van my volk en voor Israel, en gaan saam met my terug, dat ek voor die HERE, u God, in aanbidding kan buig.” ³¹ Samuel het toe

^t**15:23 eiesinnigheid ... huisgode:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^u**15:23 huisgode:** Beeldjies wat mense in hulle afgodsdienste gebruik het.

^{*}**15:23 Omdat ... koning verwerp:** 1 Sam 13:14

^{*}**15:24 bevel ... oortree:** 1 Sam 15:3

^v**15:27 bokleed:** 'n Deel van die priester se kleredrag wat oor die efod gedra is; vgl Eks 28:4,31.

^{*}**15:28 koningskap ... jy is:** 1 Sam 18:17-18

^{*}**15:29 die Ewige ... kry nie:** Num 23:19; Heb 6:18

teruggegaan, agter Saul aan, en Saul het voor die HERE in aanbidding gebuig.

³² Samuel het gesê: “Bring Agag, die koning van die Amalekiete, na my toe.” Terwyl Agag in boeie^w na hom toe loop, het hy gedink: “Waarlik, die bitterheid van die dood het gewyk!^x” ³³ Maar toe sê Samuel:

“Soos jou swaard vroue kinderloos gemaak het,
so word jou moeder kinderloos onder die vroue.”

Samuel het Agag toe in stukke gekap voor die HERE in Gilgal.

³⁴ Samuel het na Rama* gegaan, terwyl Saul opgegaan het na sy huis in Gibeaa* van Saul. ³⁵ Samuel het tot die dag van sy dood nie weer vir Saul gesien nie, alhoewel Samuel oor Saul getreur het. Die HERE was spyt dat Hy Saul koning gemaak het oor Israel.*

16

Salwing van Dawid as koning

¹ Die HERE het vir Samuel gesê: “Hoe lank gaan jy nog treur oor Saul?* Dit is Ek wat hom verwerp het as koning oor Israel.* Vul jou horing met

^w**15:32 in boeie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal. Die •Septuagint vertaal die woord met “bewend”, terwyl die •Targum en ander ou Griekse vertalings dit met “vrolik” weergee.

^x**15:32 bitterheid ... gewyk:** Die Septuagint, die •Siriese en •Ou-Latynse vertalings lui “die dood is bitter”.

* **15:34 Rama:** 1 Sam 1:19

* **15:34 Gibeaa:** 1 Sam 10:26

* **15:35 Die ... Israel:** 1 Sam 15:11

* **16:1 Hoe ... Saul:** 1 Sam 15:35

* **16:1 Ek wat ... Israel:** 1 Sam 15:23,26

olie en vertrek. Ek stuur jou na Isai* van Betlehem, want tussen sy seuns het Ek vir My 'n koning gesien.*”

²Maar Samuel het gesê: “Hoe kan ek gaan? As Saul daarvan hoor, sal hy my doodmaak.” Toe sê die HERE: “'n Verskalf moet jy saam met jou neem en dan moet jy sê, ‘Om aan die HERE 'n offer te bring — dit is waarvoor ek gekom het.’”³ Nooi dan vir Isai na die offer. Ek self sal jou meedeel wat jy moet doen. Jy moet vir My die een salf wat Ek vir jou sal sê.*”

⁴Samuel het gedoen wat die HERE gesê het. Toe hy in Betlehem aankom, kom die oudstes van die stad hom bewend tegemoet en vra: “Beteken u koms vrede?”⁵ Hy het gesê: “Ja, vrede! Om aan die HERE 'n offer te bring — dit is waarvoor ek gekom het. Heilig julleself^y en kom saam met my na die •maaltydoffer.” Hy het Isai en sy seuns toe geheilig en hulle na die maaltydoffer genooi.

⁶Toe hulle inkom en hy vir Eliab sien, het hy gedink: “Sekerlik, hier staan, voor die HERE, sy gesalfde!”⁷ Maar die HERE het vir Samuel gesê: “Moenie na sy voorkoms en sy rysige gestalte kyk nie, want Ek het hom afgekeur. Dit gaan immers nie oor wat die mens sien nie, want:

“Die mens kyk na wat hy sien,^z
maar die HERE kyk na die hart.”*

⁸Isai roep toe vir Abinadab en laat hom voor Samuel verbygaan; maar

*16:1 Isai: Luk 3:31-32

*16:1 Ek vir ... gesien: Ps 78:70; 89:20-21; Hand 13:22

*16:2 Om ... gekom het: Vgl 1 Sam 9:12

*16:3 Jy ... sê: Vgl 1 Sam 9:16

^y16:5 Heilig julleself: Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

^z16:7 kyk na ... sien: Die •bronteks lui “volgens die oë”.

*16:7 Moenie ... hart: Ps 147:10-11; Joh 8:15

hy het gedink: “Ook hierdie een het die HERE nie gekies nie.”⁹ Daarna het Isai vir Samma laat verbygaan; maar hy het gedink: “Ook hierdie een het die HERE nie gekies nie.”

¹⁰ So het Isai dan sy sewe seuns* voor Samuel laat verbygaan, maar Samuel het vir Isai gesê: “Die HERE het hulle nie gekies nie.”¹¹ Samuel vra toe vir Isai: “Is dit al die jong manne?” Hy het geantwoord: “Die jongste is nog oor, maar kyk, hy is besig om die kleinvee op te pas.” Toe sê Samuel vir Isai: “Laat haal hom,* want ons gaan nie eet^a voordat hy hier aankom nie.”

¹²* Hy het dit gedoen en hom toe laat inkom. Die seun was rooierig, met mooi oë en 'n goeie voorkoms.* Die HERE sê toe: “Staan op, salf hom, want dit is hy.”*¹³ Samuel het die horing met olie geneem en hom daar tussen sy broers gesalf. Die Gees van die HERE het van daardie dag af en ook verder van Dawid besit geneem.

Samuel het toe opgestaan en na Rama* gegaan.

Dawid in Saul se diens

¹⁴* Die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n bose gees wat van die HERE af kom, het hom beangs gemaak.¹⁵ Saul se amptenare het vir hom gesê: “Kyk, dit is 'n bose gees van God wat u beangs maak.¹⁶ U Majesteit moet maar net praat. U dienaars hier voor u sal iemand soek

* **16:10 7 seuns:** 1 Kron 2:13-15

* **16:11 Laat haal hom:** Ps 78:70-71

^a**16:11 gaan nie eet:** Die bronteks lui “rondom gaan”. Die •Septuagint vertaal die woord met “aanleun”; dit wil sê ‘vir 'n ete aanleun’.

* **16:12-13** Luk 3:31-32; Hand 13:22

* **16:12 Die seun ... voorkoms:** 1 Sam 17:42

* **16:12 Die HERE ... hy:** Vgl 1 Sam 9:17

* **16:13 Rama:** 1 Sam 1:19

* **16:14** 1 Sam 18:12; 28:15

wat weet hoe om op 'n lier te speel. Wanneer die bose gees van God oor u kom, kan hy dit bespeel en dit sal goed wees vir u.*”

¹⁷ Saul sê toe vir sy amptenare: “Kyk asseblief vir my uit vir iemand wat goed kan speel, en bring hom na my.” ¹⁸ Een van die jong manne antwoord toe en sê: “Kyk, ek het 'n seun van Isai, van Betlehem, gesien wat weet hoe om te speel. Hy is 'n dapper kryger, 'n krygsman; hy kan sy woord goed doen en is aantreklik. En die HERE is met hom.*”

¹⁹ Saul stuur toe boodskappers na Isai met die versoek: “Stuur Dawid, jou seun wat by die kleinvee is, na my.” ²⁰ Isai neem toe 'n donkie en stuur dit met brood, 'n leersak^b wyn en 'n boklam, met sy seun Dawid na Saul.

²¹ Dawid het by Saul aangekom en in sy diens getree.^c Saul het baie van hom gehou, en Dawid het sy wapendraer geword. ²² Saul het vir Isai laat weet: “Dawid moet asseblief in my diens bly, want hy het guns gevind in my oë.”

²³ Telkens wanneer die gees van God oor Saul gekom het, het Dawid die lier geneem en daarop gespeel. Dit het vir Saul verligting gebring; dit het hom goed gedoen. Die bose gees het dan van hom gewyk.

17

Dawid en Goliat

¹ Die Filistyne het hulle leër laat saamtrek vir oorlog. Hulle het byeengekom by Soko, wat aan Juda behoort, en het kamp opgeslaan tussen Soko en Aseka by Efes-Dammim. ² Saul en die manne van Israel het

***16:16 Wanneer ... vir u:** 1 Sam 18:10; 19:9

***16:18 En ... hom:** 1 Sam 18:12,14

^b**16:20 leersak:** Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

^c**16:21 in sy ... getree:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “voor hom gaan staan”.

saamgetrek en kamp opgeslaan in die Ela-vallei.^d Hulle het die gevegslinies opgestel vir die oorlog teen die Filistyne.³ Die Filistyne het teen die een heuwel stelling ingeneem, en die Israëliete teen die ander heuwel, met die vallei tussen hulle.

⁴ Daar tree toe 'n baasvegter^e uit die kampe van die Filistyne na vore met die naam Goliat, afkomstig uit Gat.* Sy lengte was ses el en 'n span.^f ⁵ Daar was 'n helm van brons op sy kop, en hy het 'n geskubde harnas aangehad. Die gewig van die harnas was vyfduisend sikkels^g brons. ⁶ Daar was bronsplate voor sy skene en 'n kromswaard van brons tussen sy skouers. ⁷ Die skag van sy vegspies was soos die dwarsbalk van 'n weefraam en die lem van sy vegspies was van seshonderd sikkels^h yster. Iemand wat 'n grootskildⁱ dra, het voor hom uit geloop.

⁸ Hy het gaan staan en vir die gevegslinies van Israel geskreeu. Hy het vir hulle gesê: “Waarom trek julle uit om gevegslinies vir oorlog op te stel? Is ek nie 'n Filistyn, en julle Saul se slawe^j nie?*" Kies vir julle 'n man uit, dat hy na my toe afkom. ⁹ As hy in staat is om teen my te veg, en hy verslaan my, sal ons julle slawe word; maar as ek oor hom die oorhand

^d**17:2 Ela-vallei:** Die naam beteken ‘vallei van die •terebintboom’. Hierdie bome is geassosieer met heilige plekke.

^e**17:4 baasvegter:** Letterlik ‘tussen-in man’. Dit was iemand wat 'n teenstander uitdaag tot 'n tweeveg voordat die oorlog begin.

***17:4 Gat:** Jos 11:22; 13:3; 1 Sam 5:8; 2 Sam 1:20

^f**17:4 6 el ... span:** Ongeveer 3 m. Volgens die •Septuagint en een van die •Qumrangeskrifte was sy lengte 4 el en 'n span, dit wil sê ongeveer 2 m; •Lengtemate.

^g**17:5 5 000 sikkels:** Ongeveer 57 kg; •Geldeenhede.

^h**17:7 600 sikkels:** Ongeveer 7 kg.

ⁱ**17:7 grootskild:** 'n Lang, ovaalvormige skild van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

^j**17:8 Saul se slawe:** Vgl 1 Sam 8:11-17. Die Filistynse regeerders was nie alleenheersers soos die koning van Israel nie.

***17:8 Is ... slawe nie:** 1 Sam 8:17

kry en hom verslaan, sal julle ons slawe word en moet julle ons dien.”

¹⁰ *Die Filistyn het gesê: “Ek, ja ek, maak vandag van die gevegslinies van Israel 'n bespotting! Stuur vir my 'n man, sodat ons kan veg!”

¹¹ Toe Saul en die hele Israel hierdie woorde van die Filistyn hoor, was hulle paniekbevange en baie bang.

¹² ^kDawid was die seun van hierdie man uit Efrata, uit Betlehem in Juda, met die naam Isai. Hy het agt seuns gehad. * In Saul se tyd was die man al oud, gevorderd in jare.¹ ¹³ *Die drie oudste seuns van Isai het Saul gevolg na die oorlog. Die name van sy drie seuns wat oorlog toe is, was Eliab die eersgeborene, sy tweede was Abinadab, en die derde was Samma.

¹⁴ Dawid was die jongste.

Die drie oudstes het Saul gevolg, ¹⁵ maar Dawid het telkens van Saul af teruggekeer om sy pa se kleinvee op te pas in Betlehem. * ¹⁶ Intussen het die Filistyn vroegoggens en smiddags laat nader gekom en stelling ingeneem — veertig dae lank.

¹⁷ Isai het vir sy seun Dawid gesê: “Neem tog vir jou broers hierdie efa^m geroosterde graan en hierdie tien brode. Vat dit gou na jou broers in die kamp. ¹⁸ Hierdie tien blokke kaas moet jy vir die bevelvoerder van die

***17:10** 1 Sam 17:25-26,36,45

^k**17:12-31** Ontbreek in die Septuagint.

***17:12 Dawid ... gehad:** 1 Sam 16:10-11; 2 Kron 2:13-15

¹**17:12 gevorderd in jare:** 'n Weergawe van die Septuagint, die •Siriese vertaling en die •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “hy het gegaan onder die manne”.

***17:13** 1 Sam 16:6,8-9

***17:15 kleinvee ... Betlehem:** 1 Sam 6:19

^m**17:17 efa:** Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

afdeling gee. En oor jou broers moet jy uitvind hoe dit gaan, en 'n bewys van hulle afⁿ saambring.*”¹⁹ Saul en die broers en al die manne van Israel was steeds besig om teen die Filistyne oorlog te maak in die Ela-vallei.

²⁰ Dawid het die oggend vroeg opgestaan en die kleinvee by 'n wagter agtergelaat. Hy het gepak en vertrek, soos Isai hom beveel het. Toe hy by die oornagkamp^o aankom, was die leër besig om uit te gaan na die gevegslinies. Hulle het die oorlogskreet aangehef vir die geveg,²¹ en Israel en die Filistyne was besig om hulle gevegslinies teenoor mekaar op te stel.

²² Dawid het die pakgoed wat hy gedra het by die oppasser van die pakgoed afgegee en na die gevegslinie gehardloop. Toe hy daar aankom, vra hy sy broers hoe dit gaan.²³ Hy was nog besig om met hulle te praat, toe die baasvegter* met die naam Goliat die Filistyn, uit Gat, juis na vore tree uit die gevegslinies van die Filistyne, en dieselfde woorde* sê. Dawid het dit gehoor.

²⁴ Maar al die manne van Israel het, toe hulle die man sien, voor hom padgegee. Hulle was baie bang.²⁵ Die manne van Israel het gesê: “Sien julle hierdie man wat na vore tree? Ja, dit is net om 'n bespotting te maak van Israel dat hy na vore tree! Die man wat hom verslaan — vir hom sal die koning met groot rykdom oorlaai, sy dogter aan hom gee en sy familie vrystel van verpligtinge in Israel.”

²⁶ Dawid vra toe vir die manne wat by hom staan: “Wat sal gedoen word vir die man wat hierdie Filistyn verslaan en die bespotting van Israel laat

ⁿ**17:18 bewys ... af:** Een of ander teken wat bewys dat hulle nog lewe en dat hulle die kos ontvang het.

***17:18 oor ... saambring:** Vgl Gen 37:13-14

^o**17:20 oornagkamp:** In Hebreeus dui die woord op 'n sirkelvormige kamp; vgl 1 Sam 26:5,7. Sommige verklaar dit as 'n kamp waar die waens met voorrade was.

***17:23 baasvegter:** 1 Sam 17:4

***17:23 dieselfde woorde:** 1 Sam 17:8

wyk? Want wie is hierdie onbesnede Filistyn* nogal dat hy 'n bespotting maak van die gevegslinies van die lewende God?”²⁷ Die manskappe het hom met dieselfde woorde geantwoord: “Dit is wat gedoen sal word vir die man wat hom verslaan.”

²⁸ Sy oudste broer, Eliab, het gehoor toe hy met die manne praat. Eliab het hom vir Dawid vererg en gesê: “Waarom het jy hierheen afgekom, en by wie het jy daardie klompie kleinvee in die woestyn^p agtergelaat? Ek ken jou verwaandheid en die boosheid van jou hart.^q Ja, dit is met die doel om die geveg te sien, dat jy hierheen afgekom het.”

²⁹ Dawid het geantwoord: “Wat het ek nou gedoen? Is dit nie maar net 'n vraag nie?”^r ³⁰ Dawid het van Eliab weggedraai na iemand anders en dieselfde vraag gevra.* Die manskappe het hom dieselfde antwoord* gegee as die eerste.

³¹ Die woorde wat Dawid gesê het, het rugbaar geword; en toe hulle dit vir Saul vertel, het hy hom laat haal.

³² Dawid het vir Saul gesê: “'n Mens moenie moed verloor oor hom nie. U dienaar sal gaan en teen hierdie Filistyn veg.”³³ Maar Saul sê vir Dawid: “Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is nog maar 'n seun, en hy is 'n krygsman van sy jeug af.”

³⁴ *Toe sê Dawid vir Saul: “U dienaar het nog altyd vir sy pa die kleinvee opgepas. Wanneer daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n lam uit die trop wegdra,³⁵ gaan ek uit agter hom aan, slaan hom plat en ruk die lam uit sy

***17:26 onbesnede Filistyn:** Vgl Rig 14:3

^p**17:28 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^q**17:28 hart:** Die setel van die gedagtes.

^r**17:29 Is ... vraag nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

***17:30 dieselfde ... gevra:** 1 Sam 17:26

***17:30 dieselfde antwoord:** 1 Sam 1:25

***17:34-36** Heb 11:33

bek. As hy opstaan en my aanval, gryp ek hom aan sy kaak, slaan hom plat en maak hom dood. ³⁶ U dienaar het al 'n leeu en selfs ook 'n beer doodgeslaan. Met hierdie onbesnede Filistyn^s sal dit net soos met een van hulle gaan, omdat hy 'n bespotting maak van die gevegslinies van die lewende God. ³⁷ Die HERE wat my gered het uit die klou van 'n leeu en die klou van 'n beer,” het Dawid gesê, “dit is Hy wat my sal red uit die hand van hierdie Filistyn.”* Toe sê Saul vir Dawid: “Gaan, en mag die HERE met jou wees!”

³⁸ Saul het Dawid sy eie uitrusting laat aantrek. Hy het 'n helm van brons op sy kop gesit en hom 'n harnas laat aantrek. ³⁹ Dawid het ook Saul se swaard oor sy uitrusting vasgegord en probeer om te loop, want hy het dit nog nooit probeer nie. Dawid sê toe vir Saul: “Ek kan nie hiermee loop nie, want ek het dit nog nooit probeer nie.” Toe haal Dawid dit van hom af.

⁴⁰ Hy het sy staf in sy hand geneem, vir hom vyf gladde klippe in die spruit uitgesoek en dit in die skaapwagtersak wat hy gehad het, in die kantsak,^t gesit. Met sy slingervel in sy hand het hy die Filistyn genader.

⁴¹ Die Filistyn het al hoe nader aan Dawid gekom, met voor hom die man wat die grootskild dra. ⁴² Toe die Filistyn mooi kyk en Dawid sien, het hy hom geminag, want hy was nog maar 'n seun, rooierig, en met 'n mooi voorkoms.*

⁴³ Die Filistyn sê toe vir Dawid: “Is ek 'n hond dat jy met stokke na my toe kom?” En die Filistyn het Dawid vervloek by sy gode. ⁴⁴ Verder sê die Filistyn vir Dawid: “Kom na my toe, sodat ek jou vleis vir die voëls van

^s**17:36 onbesnede Filistyn:** 'n Skeldnaam vir die Filistyne wat nie die besnydenis toegepas het nie.

^{*}**17:37 Die HERE ... Filistyn:** Vgl 2 Kor 1:10; 2 Tim 4:17-18

^t**17:40 kantsak:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

^{*}**17:42 rooierig ... voorkoms:** 2 Sam 16:12

die hemel en die diere in die veld kan gee.”

⁴⁵ Maar Dawid het vir die Filistyn gesê: “Jy kom na my met 'n swaard en met 'n vegspies en met 'n kromswaard, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE, Heerser oor alle magte, die God van die gevegslinies van Israel, van wie jy 'n bespotting maak.* ⁴⁶ Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, en ek sal jou verslaan en jou kop afkap. Ek sal die lyke van die Filistyne se leer vandag nog aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde gee, sodat die hele aarde sal weet dat Israel 'n God het. ⁴⁷ Dan sal almal wat hier byeen is, moet erken dat dit nie deur swaard en vegspies is wat die HERE verlos nie.* Ja, die oorlog behoort aan die HERE, en Hy sal julle in ons hand gee.”

⁴⁸ Toe die Filistyn gereedmaak en al nader kom om Dawid tegemoet te loop, het Dawid die Filistyn vinnig tegemoetgehardloop in die rigting van die gevegslinie. ⁴⁹ Dawid het sy hand in die sak gesteek en 'n klip daaruit geneem, met die slingervel gegooi, en die Filistyn op sy voorkop getref. Die klip het sy voorkop binnegedring, en hy het op die grond op sy gesig geval.

⁵⁰ Dawid het die oorhand gekry oor die Filistyn met 'n slingervel en 'n klip. Hy het die Filistyn verslaan en hom doodgemaak, al was daar nie 'n swaard in Dawid se hand nie. ⁵¹ Dawid hardloop toe en gaan staan by die Filistyn, vat sy swaard* vas, en trek dit uit die skede. Hy het hom die doodslag toegedien deur sy kop met die swaard af te kap.

Toe die Filistyne sien dat hulle held dood is, het hulle gevlug. ⁵² Die manne van Israel en Juda het opgespring, die oorlogskreet aangehef en die Filistyne agtervolg tot by die ingang van Gat^u en tot by die poorte van

*17:45 God ... maak: 1 Sam 17:10

*17:47 nie deur ... verlos nie: Ps 44:7; Hos 1:7; Sag 4:6

*17:51 sy swaard: 1 Sam 21:9

^u17:52 Gat: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “vallei”.

Ekron. Die gesneuweldes van die Filistyne het op die pad na Saärajim en tot by Gat en Ekron gelê. ⁵³ Daarna het die Israëliete teruggekeer van die hakkejag op die Filistyne en hulle kampe geplunder.

⁵⁴ Dawid het die kop van die Filistyn geneem en dit na Jerusalem gebring. Die Filistyn se wapens het hy in sy eie tent neergesit.

Aanstelling van Dawid as bevelvoerder

⁵⁵ Net toe Saul sien dat Dawid uitgaan om die Filistyn aan te durf, het hy vir Abner, * die bevelvoerder van die leër gevra: “Wie se seun is hierdie jong man, Abner?” Abner het geantwoord: “So waar as wat u leef, o koning, ek weet nie!” ⁵⁶ Die koning sê toe: “Vra jý wie se seun die jongeling is.”

⁵⁷ Net toe Dawid terugkom nadat hy die Filistyn verslaan het, het Abner hom geneem en hom voor Saul gebring. Die kop van die Filistyn was nog in sy hand. ⁵⁸ Saul vra toe vir hom: “Wie se seun is jy, jong man?” Dawid het geantwoord: “Die seun van u dienaar Isai, uit Betlehem.”

18

¹ Nadat Dawid klaar met Saul gepraat het, het Jonatan baie geheg geraak aan Dawid. Jonatan het hom liefgekry soos homself. ² Saul het hom op daardie dag saamgeneem en hom nie toegelaat om na sy familie terug te gaan nie.* ³ Jonatan het met Dawid 'n verbond gesluit, omdat hy hom liefgehad het soos homself. ⁴ Jonatan het die mantel wat hy aangehad het, uitgetrek en dit vir Dawid gegee, ook sy uitrusting, ja selfs sy swaard, sy boog en sy gordel.

⁵ Dawid het aan al die veldtogte deelgeneem, waarheen Saul hom ook al gestuur het. Hy het sukses behaal, en Saul het hom aangestel oor die weerbare manne. Die hele volk en ook Saul se amptenare het dit goedgevind.

^v17:55 — 18:5 Ontbreek in die Septuagint.

*17:55 Abner: 1 Sam 14:50

*18:2 nie ... nie: 1 Sam 17:15

Saul se jaloesie

⁶ *Met hulle aankoms, toe Dawid terugkeer van sy oorwinning oor die Filistyn, het vroue uit al die stede van Israel gekom om te sing en koning Saul met kringdansen^w tegemoet te gaan, met tamboeryne, vreugderoepe en driesnarige instrumente.^x ⁷ Die dansende vroue het gesing en gesê:

“Saul het sy duisende verslaan,
maar Dawid sy tienduisende.”*

⁸ Saul was woedend. Hierdie saak was verkeerd in sy oë. Hy het gesê: “Aan Dawid gee hulle tienduisende, maar aan my gee hulle die duisende. Hy moet nou nog net die koningskap kry.”*

⁹ Van daardie dag af het Saul vir Dawid wantrouig dopgehou.

¹⁰ ^yDie volgende dag het 'n bose gees van God van Saul besit geneem, en hy was rasend^z in sy huis. Terwyl Dawid soos gewoonlik besig was om op die lier te speel, was daar 'n vegspies in Saul se hand.* ¹¹ Toe gooi Saul die vegspies.* Hy het gedink: “Ek sal Dawid teen die muur vaspen!” Maar

***18:6** Vgl Eks 15:20; Rig 11:34; 21:21

^w**18:6 kringdansen:** Die Hebreeuse woord dui gewoonlik aan dat daar deur meisies in 'n kring gedans word.

^x**18:6 driesnarige instrumente:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord, en dit word verskillend weergegee deur die vroeë vertalings. Die woord hou verband met die telwoord ‘drie’.

***18:7 Saul ... tienduisende:** 1 Sam 21:11; 29:5

***18:8 Hy moet ... kry:** 1 Sam 15:28

^y**18:10-11** Ontbreek in die •Septuagint.

^z**18:10 was rasend:** Dieselfde Hebreeuse woord word in 1 Sam 10:5-6,10,13 gebruik vir die geestesvervoering waarin profete soms was. Dit word ook vertaal “geprofeteer”.

***18:10 Terwyl ... hand:** 1 Sam 16:16; 19:9

***18:11 Toe ... vegspies:** 1 Sam 19:10; 20:33

Dawid het twee keer vir hom weggekoes.

¹² Saul het bang geword vir Dawid, want die HERE was met hom,* maar van Saul het Hy gewyk.* ¹³ Saul het Dawid toe uit sy onmiddellike omgewing verwyder en hom aangestel as aanvoerder van 'n leërafdeling.^a

Dawid was op die voerpunt van die manskappe wanneer hulle uitgetrek en teruggekeer het. ¹⁴ Dawid het oral waar hy gegaan het, sukses behaal, en die HERE was met hom. ¹⁵ Toe Saul sien dat hy baie voorspoedig is, het hy hom gevrees. ¹⁶ Die hele Israel en Juda was lief vir Dawid, omdat hy op die voerpunt was wanneer hulle uitgetrek en teruggekeer het.

Dawid as Saul se skoonseun

¹⁷ ^bSaul het vir Dawid gesê: “Hier is my oudste dogter Merab.* Haar sal ek aan jou as vrou gee.* Wees net vir my 'n heldhaftige soldaat en voer die oorloë van die HERE.*” Saul het gedink: “Laat my hand nie teen hom wees nie, maar laat die hand van die Filistyne teen hom wees.” ¹⁸ Dawid het vir Saul gesê: “Wie is ek, en wie is my bloedverwante,^c die familiegroep van my vader in Israel, dat ek 'n skoonseun van die koning sou word?” ¹⁹ Teen die tyd dat Saul se dogter Merab aan Dawid gegee moes word, is sy egter aan Adriël van Megola, as vrou gegee.*

*18:12 die HERE ... hom: 1 Sam 16:18

*18:12 van ... gewyk: 1 Sam 16:14

^a18:13 aanvoerder ... leërafdeling: Dit kan ook vertaal word “aanvoerder van duisend”.

^b18:17-19 Ontbreek in die Septuagint.

*18:17 Merab: 1 Sam 14:29

*18:17 Haar ... gee: 1 Sam 17:25

*18:17 oorloë ... HERE: 1 Sam 17:47; 25:28

^c18:18 bloedverwante: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

*18:19 aan Adriël ... gegee: 2 Sam 21:8

²⁰ Maar Mikal,^{*} Saul se dogter, was verlief op Dawid. Hulle het dit vir Saul vertel, en die saak was reg in sy oë. ²¹ Saul het gedink: “Ek sal haar aan hom gee, sodat sy vir hom 'n valstrik kan wees, en die hand van die Filistyne dan teen hom sal wees.” Saul het toe vir Dawid gesê: “Deur die tweede dogter kan jy vandag my skoonseun word.”

²² Saul het sy amptenare beveel: “Sê stilletjies vir Dawid, ‘Kyk, die koning hou van jou, en al sy amptenare is lief vir jou. Word nou die koning se skoonseun.’ ” ²³ Die amptenare van Saul het hierdie woorde vir Dawid in die oor gefluister, maar Dawid het gesê: “Is dit in julle oë so 'n ligte saak om 'n skoonseun van die koning te word? Ek is arm en 'n nikswerd.”

²⁴ Saul se amptenare het aan hom berig gebring: “Dit is die woorde wat Dawid gesê het.” ²⁵ Toe sê Saul: “So moet julle vir Dawid gaan sê, ‘Die koning wil geen ander bruidsprys hê as 'n honderd voorhuide van Filistyne nie om wraak te neem op die koning se vyande.’ ” Saul het beplan om Dawid te laat sneuwel deur die hand van die Filistyne.

²⁶ Toe sy amptenare hierdie woorde aan Dawid oordra, was die saak reg in Dawid se oë om so die koning se skoonseun te word.

Voor die bepaalde tyd om was,^d ²⁷ het Dawid gereedgemaak en gegaan, hy en sy manne. Hy het tweehonderd man^e onder die Filistyne doodgeslaan. Dawid het hulle voorhuide gebring en die volle getal is aan die koning oorhandig, sodat hy die koning se skoonseun kon word. Daarop het Saul sy dogter Mikal vir hom as vrou gegee.

²⁸ Saul het ingesien en besef dat die HERE met Dawid is, en dat Mikal,

***18:20 Mikal:** 1 Sam 14:49

^d**18:26 Voor ... was:** Letterlik ‘die dae was nie vol nie’. Hierdie woorde ontbreek in die Septuagint.

^e**18:27 200 man:** Die Septuagint lui “eenhonderd”; vgl ook 1 Sam 18:25; 2 Sam 3:14.

Saul se dogter, hom liefhet. ²⁹ Saul was toe nog banger vir Dawid, en hy het vir altyd 'n vyand van Dawid gebly.

³⁰ Die aanvoerders van die Filistyne het uitgetrek om oorlog te voer, maar telkens wanneer hulle uitgetrek het, het Dawid meer sukses behaal as al Saul se offisiere. Sy naam het groot agting afgedwing.

19

Jonatan se voorspraak vir Dawid

¹ Saul het vir sy seun Jonatan en vir al sy amptenare gesê om Dawid dood te maak, maar Jonatan, Saul se seun, het baie van Dawid gehou.*

² Jonatan het dit vir Dawid gaan vertel: “My pa, Saul, is daarop uit om jou dood te maak. Wees daarom asseblief môreoggend versigtig. Gaan sit op 'n geheime plek; kruip weg. ³ Ek sal uitkom en langs my pa gaan staan in die veld waar jy is. Ek sal met my pa oor jou praat. As ek iets agterkom, sal ek jou laat weet.”

⁴ Jonatan het toe vir Dawid voorspraak gedoen by sy pa, by Saul. Hy het vir hom gesê: “Die koning moet tog nie verkeerd doen wat sy dienaar Dawid betref nie, want hy het niks verkeerds teenoor u gedoen nie. Trouens, sy optrede was grootliks tot u voordeel. ⁵ Hy het sy lewe in sy hand geneem en die Filistyn verslaan;* en die HERE het 'n groot oorwinning bewerk vir die hele Israel. U het dit gesien en was verheug. Waarom sal u dan verkeerd doen deur onskuldige bloed te stort en Dawid sonder rede doodmaak?” ⁶ Saul het na Jonatan geluister; en Saul het 'n eed afgelê: “So waar as die HERE leef, hy sal nie doodgemaak word nie!”

⁷ Jonatan het Dawid geroep, en Jonatan het hom alles vertel wat gesê is. Jonatan het Dawid na Saul geneem, en hy was in sy diens soos voorheen.*

*19:1 Jonatan, Saul ... gehou: 1 Sam 18:1

*19:5 die Filistyn verslaan: 1 Sam 17:49-50

*19:7 hy ... voorheen: 1 Sam 16:21; 18:2,13

⁸ Daar het weer oorlog uitgebreek, en Dawid het uitgetrek en teen die Filistyne geveg. Hy het 'n groot slagting onder hulle aangerig, en hulle het voor hom gevlug.

Dawid se ontsnapping

⁹ 'n Bose gees van die HERE het oor Saul gekom terwyl hy in sy huis gesit het met sy vegspies in sy hand. Dawid was besig om op die lier te speel.*

¹⁰ Saul het probeer om Dawid met die vegspies teen die muur vas te pen, maar hy het hom ontwyk, en Saul het die vegspies in die muur vas gegooi. Dawid het toe padgegee en daardie nag ontvlug.

¹¹ Saul het gesante na Dawid se huis gestuur om dit dop te hou en hom die volgende oggend dood te maak. Maar Dawid se vrou, Mikal, het hom ingelig en gesê: “As jy nie vannag vir jou lewe vlug nie, is jy môre dood.”*

¹² Mikal het Dawid toe deur 'n venster laat afsak. Hy het weggegaan, gevlug en ontsnap. ¹³ Mikal neem toe die huisgod,^f sit dit in die bed met 'n net van bokhaar^g by sy kop, en bedek dit met 'n kledingstuk.^h

¹⁴ Toe Saul gesante stuur om Dawid te vang, het sy gesê: “Hy is siek”.

¹⁵ Saul stuur toe die gesante om self vir Dawid te sien, en sê: “Bring hom met bed en al na my toe, sodat ek hom kan doodmaak.” ¹⁶ Toe die gesante ingaan — daar lê die huisgod in die bed met die net van bokhaar by sy kop!

¹⁷ Saul sê toe vir Mikal: “Waarom het jy my op so 'n manier mislei en my vyand laat gaan dat hy kon ontsnap?” Maar Mikal het Saul geantwoord: “Hy het vir my gesê, ‘Laat my wegkom! Waarom moet ek jou doodmaak?’ ”

***19:9 Dawid ... speel:** 1 Sam 16:16

***19:11 Mikal ... dood:** Ps 59:1

^f**19:13 huisgod:** 'n Beeld wat mense in hulle afgodsdienste gebruik het.

^g**19:13 net van bokhaar:** Daar bestaan onsekerheid oor die betekenis van die Hebraïese woord wat met “net” vertaal is.

^h**19:13 kledingstuk:** Kledingstukke het soms as komberse gedien; vgl 1 Kon 1:1.

Saul tussen die profete

¹⁸ Dawid het gevlug. Hy het ontsnap en by Samuel in Rama* aangekom. Hy het Samuel alles vertel wat Saul aan hom gedoen het. Hy en Samuel het toe gegaan en in Najotⁱ gaan bly. ¹⁹ Saul is toe meegedeel: “Kyk, Dawid is in Najot in Rama.”

²⁰ Daarop stuur Saul gesante om Dawid te gaan vang. Toe hulle die groep profete in geestesvervoering^j sien, met Samuel wat daar staan as hulle voorganger, het die Gees van God oor Saul se gesante gekom, en ook hulle het in geestesvervoering geraak.*

²¹ Toe dit aan Saul meegedeel is, het hy ander gesante gestuur, maar ook hulle het in geestesvervoering geraak. Saul het weer, vir die derde keer, gesante gestuur, en ook hulle het in geestesvervoering geraak.

²² Hy het toe ook self na Rama gegaan. Toe hy aankom by die groot opgaarput^k wat by Seku is, vra hy: “Waar is Samuel en Dawid?” Iemand het geantwoord: “Daar in Najot in Rama.”

²³ Hy gaan toe daarheen, na Najot in Rama. Maar die Gees van God het ook oor hom gekom, en terwyl hy aanstap, het hy in geestesvervoering geraak — totdat hy in Najot in Rama aangekom het. ²⁴ Ook hy het sy klere uitgetrek, en ook hy was in geestesvervoering in Samuel se teenwoordigheid. Daardie hele dag en nag het hy kaal daar gelê. Daarom word daar gesê: “Is Saul ook onder die profete?”*

***19:18 Rama:** 1 Sam 1:19

ⁱ**19:18 Najot:** Op grond van 1 Sam 19:20-24 word die Hebreeuse woord *najot* soms vertaal met “profetekwartiere”.

^j**19:20 in geestesvervoering:** Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word “soos profete optree”.

***19:20 Toe ... geraak:** 1 Sam 10:5-6,10

^k**19:22 opgaarput:** 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

***19:24 Is ... profete:** 1 Sam 10:11-12

Jonatan se waarskuwing aan Dawid

¹ Dawid het uit Najot in Rama gevlug. Hy het by Jonatan gekom en hom reguit gevra: “Wat het ek gedoen? Wat is my skuld, wat is my sonde voor jou pa, dat hy my lewe soek?” ² Hy het hom geantwoord: “Moenie eers daaraan dink nie! Jy sal nie sterf nie! Kyk, my pa doen niks, groot of klein, sonder om my in te lig¹ nie. Waarom sou my pa hierdie saak vir my wegsteek? Dit kan nie wees nie.”

³ Maar Dawid het verder onder eed verklaar en gesê: “Jou pa weet baie goed dat ek jou guns gewen het, daarom dink hy, ‘Jonatan mag nie hiervan weet nie, anders is hy ontsteld.’ Maar so waar as die HERE leef en jy leef: Daar is maar net een tree tussen my en die dood!”

⁴ Jonatan sê toe vir Dawid: “Wat jou wens ook al is, sal ek vir jou doen.”

⁵ Dawid het vir Jonatan gesê: “Kyk, môre is dit nuwemaan,^m dan is ek verplig om saam met die koning aan te sit vir ete. Maar laat my gaan, dan sal ek in die veld skuilhou tot die derde aand. ⁶ As jou pa uitdruklik oor my navraag doen, moet jy sê, ‘Dawid het my dringend versoek om gou na Betlehem, na sy tuisdorp,* te gaan, want daar is 'n maaltydoffer vir die hele familie.’ ⁷ As hy sê, ‘Goed!’, is jou dienaar veilig; maar as hy baie kwaad word, weet dan dat die onheil, wat hom betref, vasstaan. ⁸ Bewys trou aan jou dienaar, want in 'n verbond voor die HERE het jy jou dienaar aan jou verbind.* As ek skuld dra, maak jy my dan dood. Maar aan jou pa — om watter rede sou jy my aan hom uitlewer?”

⁹ Toe sê Jonatan: “Dit sal hoegenaamd nie met jou gebeur nie! Want, as

¹20:2 in te lig: Die Hebreuse idioom kan vertaal word “my oor te ontbloot”.

^m20:5 nuwemaan: Die verskyning van die nuwe maan was die begin van 'n kort fees; vgl Num 10:10; 28:11-15; Am 8:5.

*20:6 Betlehem ... tuisdorp: 1 Sam 16:1

*20:8 in ... verbind: 1 Sam 18:3

ek vir seker weet dat dit by my pa vasstaan om die onheil oor jou te bring — sal ek jou dan nie daarvan vertel nie?”¹⁰ Dawid vra toe vir Jonatan: “Wie sal my kom vertel of jou pa jou 'n harde antwoord gegee het?”¹¹ Toe sê Jonatan vir Dawid: “Kom, laat ons uitgaan veld toe.”

Toe hulle twee buite in die veld was,¹² sê Jonatan vir Dawid: “Voor die HERE, die God van Israel: Ek sal môre of oormôre ongeveer hierdie tyd my pa uitvra. En kyk, as dit gunstig is vir Dawid — sal ek dan nie iemand na jou stuur om jou in te lig nie?”¹³ Mag die HERE vir my, Jonatan, swaar strafⁿ as ek dít nie doen nie:^o As onheil oor jou my pa se keuse is, sal ek jou inlig en jou wegstuur, dat jy veilig kan weggaan. En mag die HERE dan by jou wees, soos Hy by my pa was.¹⁴ En mag dit nie gebeur dat, terwyl ek nog leef, jy die trou van die HERE nie aan my bewys nie, en ook nie dat, wanneer ek dood is,¹⁵ jy jou guns aan my huis onttrek nie^{p*} — ook nie wanneer die HERE elke vyand van Dawid van die aardbodem af verdelg het nie.”

¹⁶ ^qJonatan het 'n verbond gesluit met die huis van Dawid, en die HERE het wraak geneem op Dawid se vyande.¹⁷ Jonatan het weer vir Dawid 'n eed laat sweer by sy liefde vir hom; want hy het hom innig liefgehad.*

¹⁸ Jonatan sê toe vir hom: “Môre is dit nuwemaan. Jy sal gemis word, want jou plek sal leeg wees.*¹⁹ Maar op die derde dag, wanneer dit weer

ⁿ20:13 **Mag ... straf:** In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking wat vertaal kan word “So sal die HERE aan Jonatan doen en so sal Hy byvoeg”.

^o20:13 **as ... doen nie:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

^p20:14-15 **En mag ... onttrek nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*20:15 **jou ... onttrek nie:** 1 Sam 9:1,3,7; 21:7

^q20:16 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*20:17 **want ... liefgehad:** 1 Sam 18:1

*20:18 **Môre ... wees:** 1 Sam 20:5

'n gewone werksdag^r is, moet jy ver afgaan, tot jy kom by die plek waar jy weggekruip het. Gaan sit dan langs die Ezel-rots. ²⁰ Ek aan die ander kant, sal self drie pyle daar langsaan skiet, asof ek na 'n teiken skiet. ²¹ Kyk, dan gaan ek my jong dienaar stuur met die woorde,^s ‘Gaan soek die pyle!’ As ek duidelik vir die jong dienaar sê, ‘Kyk, die pyle is van jou af duskant toe; kry dit!’ kom dan, want jy is veilig en daar is geen probleem nie, so waar as die HERE leef! ²² Maar as ek dít vir die jong man sê, ‘Kyk, die pyle is van jou af anderkant toe’, gaan, want die HERE stuur jou weg. ²³ *Wat die saak betref waarom ons, ek en jy, gepraat het, kyk, die HERE is vir ewig getuie^t tussen my en jou.”

²⁴ Dawid het toe in die veld gaan wegkruip. Dit was nuwemaan en die koning het by die maaltyd gaan sit om te eet. ²⁵ Toe die koning op sy plek gaan sit soos die vorige kere, op die plek teen die muur, het Jonatan opgestaan. Abner het langs Saul gesit, en Dawid se plek was leeg.

²⁶ Saul het dié dag egter niks gesê nie, want hy het gedink: “Tets het voorgeval dat hy nie rein is nie; ja, hy is nie rein nie.”^u ²⁷ Op die dag ná nuwemaan, die tweede dag, was Dawid se plek weer leeg. Saul vra toe vir sy seun Jonatan: “Waarom het die seun van Isai nie gister en ook nie vandag na die maaltyd gekom nie?”

²⁸ *Jonatan het Saul geantwoord: “Dawid het my ernstig versoek om na Betlehem te gaan. ²⁹ Hy het gesê, ‘Laat my asseblief gaan, want dit is die

^r**20:19 gewone werksdag:** Word ook vertaal “op die dag van die insident”; vgl 1 Sam 19:2-6.

^s**20:21 met die woorde:** Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

^{*}**20:23** 1 Sam 20:13-15

^t**20:23 getuie:** Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel wanneer 'n eed afgelê word. Die •Septuagint lui “getuie”.

^u**20:26: nie rein nie:** Vir deelname aan gewyde maaltye, soos met nuwemaan, moes die persone kulties rein wees; vgl Lev 7:21.

^{*}**20:28** 1 Sam 20:6

offer van ons familiegroep in die dorp en my broer het my self die opdrag gegee. As jy my dan nou goedgesind is, laat ek asseblief vrygestel word, sodat ek my familielede kan sien.’ Daarom het hy nie aan die koning se tafel gekom nie.”

³⁰ Saul het hom bloedig vererg vir Jonatan en vir hom gesê: “Jou eiewys klein misbaksel! Weet ek nie maar te goed dat jy die seun van Isai verkies, tot jou eie skande en tot skande van jou ma wat aan jou geboorte gegee het^v nie? ³¹ Want solank die seun van Isai op aarde leef, sal nie jy of jou koningskap staande bly nie. En nou, stuur iemand en bring hom na my! Hy is so goed soos dood!” ³² Jonatan het egter sy pa, Saul, geantwoord en vir hom gesê: “Waarom moet hy sterf? Wat het hy gedoen?”

³³ Toe gooi Saul sy vegspies na hom om hom te tref.* Jonatan het besef dat, wat sy pa betref, dit 'n uitgemaakte saak was om Dawid dood te maak. ³⁴ Jonatan het woedend van die tafel af opgestaan. Hy het nie enige kos geëet op tweede nuwemaan^w nie; want hy was ontsteld oor Dawid, omdat sy pa hom verneder het.

³⁵ In die oggend het Jonatan, volgens die afspraak met Dawid, uitgegaan na die veld. 'n Jong dienaarjie was saam met hom. ³⁶ Hy sê toe vir die jong dienaar: “Hardloop; gaan haal die pyl wat ek afskiet!” Die jong dienaar het gehardloop, en hy het 'n pyl bo-oor hom afgeskiet. ³⁷ *Toe die jong dienaar by die plek kom waarheen Jonatan die pyl geskiet het, roep Jonatan agter die jong dienaar aan en sê: “Lê die pyl nie verder van jou af nie?” ³⁸ Jonatan het ook agter die jong dienaar aan geroep: “Maak baie gou! Moenie gaan staan nie!”

Die jong dienaar van Jonatan het die pyl opgetel en by sy heer gekom.

^v20:30 jou ma ... gegee het: Letterlik ‘jou ma se skaamdele’.

*20:33 gooi ... tref: Vgl 1 Sam 18:11; 19:10

^w20:34 tweede nuwemaan: Dit verwys na die tweede dag ná nuwemaan.

*20:37 1 Sam 20:22

³⁹ Die jong dienaar self het niks geweet nie. Net Jonatan en Dawid het van die saak geweet. ⁴⁰ Jonatan gee toe sy wapens vir die jong dienaar wat by hom was en sê vir hom: “Gaan, neem dit stad toe!”

⁴¹ Toe die jong dienaar weg is, staan Dawid langs die kliphoop^x op, val met sy gesig teen die grond, en buig drie maal diep neer. Hulle het mekaar gesoen en saam gehuil totdat Dawid buite homself was.^y

⁴² Jonatan sê toe vir Dawid: “Gaan in vrede,^{*} want ons twee het in die Naam van die HERE 'n eed afgelê en gesê, ‘Die HERE self sal getuie^z wees tussen my en jou, en tussen my nageslag en jou nageslag vir ewig.’^{**}”

⁴³ ^aDaarna het hy opgestaan en weggegaan, en Jonatan het die stad binnegegaan.

21

Dawid by Agimelek

¹ ^b*Dawid het in Nob by Agimelek, die priester,^{*} aangekom. Agimelek het Dawid vreesbevange tegemoetgegaan en hom gevra: “Waarom is u alleen en is daar niemand by u nie?”

² Dawid sê toe vir Agimelek, die priester: “Die koning self het 'n saak aan my opgedra, maar hy het vir my gesê, ‘Niemand mag iets weet van die

^x**20:41 kliphoop:** Die Septuagint word hier gevolg; vgl ook 1 Sam 20:19. Die bronteks lui “die suide”.

^y**20:41 totdat ... homself was:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “tot Dawid moed geskep het”.

^{*}**20:42 Gaan in vrede:** Mark 5:34

^z**20:42 getuie:** Vgl voetnoot in 1 Sam 20:23.

^{*}**20:42 ons ... ewig:** 1 Sam 20:14-16

^a**20:43** Die bronteks nommer hierdie vers as 1 Sam 21:1.

^b**21:1-15** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 1 Sam 21:2-16.

^{*}**21:1-6** Matt 12:3-4; Mark 2:25-26; Luk 6:3-4

^{*}**21:1 Nob ... priester:** 1 Sam 22:9,11,19

saak waaroor ek jou stuur en jou opdrag gee nie.’ Ek het met my jong dienaars afgespreek om mekaar op 'n sekere plek te ontmoet.^c ³ En nou, wat het u beskikbaar? Vyf brode? Gee dit vir my; of wat u ook al het.”

⁴ Die priester het Dawid geantwoord en gesê: “Gewone brood het ek nie byderhand nie, maar heilige brood is hier wel, as die jong dienaars hulleself maar net van vroue weerhou het.*” ⁵ Dawid antwoord toe die priester en sê vir hom: “Ek verseker jou, niemand van ons het naby 'n vrou gekom nie, soos dit altyd is wanneer ek op 'n veldtog uittrek. Die toerusting van die jong dienaars^d is heilig. Dit is 'n gewone sending — hoeveel te meer sal hulle dan nie, met hulle toerusting, vandag heilig wees nie.”

⁶ Toe gee die priester vir hom heilige brood, omdat daar geen ander brood daar was nie, behalwe die vertoonbrode^e wat voor die HERE verwyder word om dit met warm brood te vervang op die dag wanneer dit weggeneem word.

⁷ Op daardie dag was een van Saul se amptenare wat afgesonder is voor die HERE^f egter ook daar. Sy naam was Doëg die Edomiet,^{*} die voorman

^c**21:2 afgespreek ... ontmoet:** Een van die •Qumrangeskrifte word hier deels gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{*}**21:4 as ... weerhou het:** Lev 15:18

^d**21:5 toerusting ... dienaars:** Die woord “toerusting” kan in hierdie geval verwys na geslagsorgane. Die •Septuagint en een van die •Qumrangeskrifte lui slegs “al die jong manne”.

^e**21:6 vertoonbrode:** Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die tempel uitgestal is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet; vgl Eks 25:30; Lev 24:5-9.

^f**21:7 afgesonder ... HERE:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Kan ook vertaal word “wat, in die heiligdom, teruggehou is voor die HERE”. Dit sou dan verband hou met 'n gelofte van toewyding aan die HERE.

^{*}**21:7 Doëg die Edomiet:** 1 Sam 22:9-10,18,22; Ps 52

van Saul se veewagters.

⁸ Dawid het ook vir Agimelek gevra: “U het nie dalk hier 'n vegspies of 'n swaard byderhand nie? Ek het nie my swaard of my wapens met my saamgeneem nie, omdat die saak van die koning so dringend is.” ⁹ Toe sê die priester: “Die swaard van Goliat die Filistyn, vir wie u in die Ela-vallei^g verslaan het, * kyk, dit is in 'n bokleed toegedraai agter die efod.^h As u dít vir u wil neem, neem dit; want hier is geen ander swaard behalwe dié een nie.” Dawid sê toe: “Daar is nie nog so een nie. Gee dit vir my.”

Dawid in Gat

¹⁰ Dawid het gereedgemaak en dieselfde dag nog vir Saul gevlug, en by Akis* die koning van Gat* aangekom. ¹¹ Akis se amptenare het vir hom gesê: “Is dit dan nie Dawid dié, die koning van die land nie? Is dit nie vir hom wat hulle in hulle kringdansenⁱ gesing het nie?

“ ‘Saul het sy duisende verslaan,
maar Dawid sy tienduisende!’ ” *

¹² Dawid het hierdie woorde ter harte geneem en baie bang geword vir

^g**21:9 Ela-vallei:** Die naam beteken ‘vallei van die •terebintboom’. Hierdie bome is geassosieer met heilige plekke.

^{*}**21:9 Die ... verslaan het:** 1 Sam 17:51

^h**21:9 efod:** 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

^{*}**21:10 Akis:** 1 Sam 27:8-12; 29:2-3; 1 Kon 2:39-42

^{*}**21:10 Gat:** 1 Sam 17:4; Ps 56:1

ⁱ**21:11 kringdansen:** Die Hebreeuse woord dui gewoonlik aan dat daar deur meisies in 'n kring gedans word.

^{*}**21:11 Saul ... tienduisende:** 1 Sam 18:7

Akis, die koning van Gat. ¹³ *Hy het hom toe voor hulle oë kranksinnig gehou.^j Hy het voorgegee dat hy waansinnig is terwyl hy in hulle mag was, en het merke gemaak op die poortdeure en die kwyl in sy baard laat afloop. ¹⁴ Akis het vir sy amptenare gesê: “Kyk, julle sien die man gedra hom soos 'n mal mens — waarom bring julle hom na my toe? ¹⁵ Het ek 'n tekort aan mal mense dat julle hierdie man gebring het om sy mal streke hier by my te kom uithaal? Moet hierdie man in my huis inkom?”

22

Dawid in Adullam en Misper

¹ Dawid is toe daar weg en het ontvlug na die grot van Adullam.^k Toe sy broers en sy hele familie dit hoor, het hulle daarheen afgetrek na hom toe. ² Elkeen wat in die moeilikheid was, wat geld geskuld het, of verbitterd was, het by hom aangesluit, en hy het hulle aanvoerder geword. Daar was ongeveer vierhonderd man by hom.

³ Van daar af is Dawid na Misper in Moab. Hy het vir die koning van Moab gesê: “Laat my pa en ma asseblief na julle uitwyk, totdat ek weet wat God met my wil doen.” ⁴ Hy het hulle toe by die koning van Moab besorg, en hulle het by hom gebly so lank as wat Dawid in die bergskuiling was.

⁵ Die profeet Gad* het egter vir Dawid gesê: “Jy mag nie in die bergskuiling bly nie. Gaan weg! Sorg dat jy in die gebied van Juda kom.” Dawid het toe vertrek en die bos van Geret binnegegaan.

*21:13 Ps 34:1

^j21:13 **kranksinnig gehou:** Die Hebreëuse idioom kan vertaal word “sy houding verander”; vgl Ps 34:1.

^k22:1 **grot van Adullam:** 'n Grot digby Adullam, ongeveer 16 km suidoos van Gat; vgl Gen 38:1; Jos 12:15; 15:35.

*22:5 **Gad:** 2 Sam 24:11,18-19; 1 Kron 29:29; 2 Kron 29:25

Saul se wraak op die priesters van Nob

⁶ Saul het gehoor dat Dawid, en ook die manne wat by hom was, opgemerk is. Saul het in Gibe^a * op die hoogte^l onder 'n tamarisk gesit met sy vegspies in sy hand, met al sy amptenare wat daar by hom staan. ⁷ Saul sê toe vir sy amptenare wat by hom staan: “Luister, Benjaminiete! Gaan die seun van Isai ook vir julle almal landerye en wingerde gee, julle almal aanstel as aanvoerders van duisend en aanvoerders van honderd? ⁸ Want julle smee almal 'n komplot teen my, en niemand lig my in^m wanneer my eie seun met die seun van Isai 'n ooreenkoms sluit nie;* ja, niemand van julle het simpatie met my en maak dit aan my bekend dat my eie seun my dienaar teen my laat opstaan nie, om my voor te lê soos dit op die oomblik is.” ⁹ Doëg, die Edomiet,* wat daar by Saul se amptenare staan, reageer toe daarop en sê: “Ek het gesien die seun van Isai kom in Nob aan, by Agimelek,* seun van Agitub. ¹⁰ Hy het die HERE vir hom geraadpleeg en padkos vir hom gegee; ook die swaard van Goliat, die Filistyn, het hy vir hom gegee.*”

¹¹ Die koning ontbied toe Agimelek, die priester, seun van Agitub, en sy hele familie, die priesters wat in Nob was. Hulle het almal na die koning gekom. ¹² “Luister mooi, seun van Agitub!” het Saul gesê. “Tot u diens,ⁿ my heer!” het hy geantwoord. ¹³ Saul sê toe vir hom: “Waarom het jy 'n komplot teen my gesmee, jy en die seun van Isai, deur vir hom brood en 'n swaard te gee en God vir hom te raadpleeg, sodat hy teen my in

*22:6 Gibe^a: 1 Sam 10:10,26

^l22:6 die hoogte: Dit verwys waarskynlik na 'n aanbiddingsplek.

^m22:8 lig my in: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “ontbloot my oor”.

*22:8 my eie ... sluit nie: 1 Sam 18:3

*22:9 Doëg, die Edomiet: 1 Sam 21:7; Ps 52:2-5

*22:9 Nob ... Agimelek: 1 Sam 21:1

*22:10 padkos ... hy vir hom gegee: 1 Sam 21:6,9

ⁿ22:12 Tot u diens: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “Hier is ek”.

opstand gekom het om my voor te lê, soos dit op die oomblik is?”

¹⁴ Agimelek het die koning geantwoord en gesê: “Maar wie onder al u amptenare is so betroubaar soos Dawid, die skoonseun van die koning,^{*} aanvoerder van u lyfwag,^o en geëer in u huis? ¹⁵ Het ek nou eers God vir hom begin raadpleeg? Hoegenaamd nie! Die koning moet nie sy dienaar en sy hele familie by die saak betrek nie, want u dienaar het van hierdie hele saak, groot of klein, niks geweet nie.”

¹⁶ Maar die koning sê: “Jy moet beslis sterf, Agimelek; jy en jou hele familie.” ¹⁷ Toe sê die koning vir die hardlopers^p wat by hom staan: “Draai om! Maak die priesters van die HERE dood, want ook hulle ondersteun Dawid. Hulle het immers geweet dat hy aan die vlug is, maar hulle het my nie daarvoor ingelig nie.”

Die dienaars van die koning wou egter nie hulle hand uitsteek om die priesters van die HERE aan te val nie. ¹⁸ Toe sê die koning vir Doëg: “Draai jy om en val die priesters aan!” Toe draai Doëg, die Edomiet, om en val self die priesters aan. Hy het daardie dag vyf-en-tagtig manne wat die linne-efod^q dra,^{*} doodgemaak. ¹⁹ Hy het Nob, die dorp van die priesters, met die skerpte van die swaard verslaan: van man tot vrou, kinders tot suigeling; beeste, donkies en skape — alles met die skerpte van die swaard.

²⁰ 'n Seun van Agimelek, seun van Agitub, het egter ontkom. Sy naam

^{*}22:14 skoonseun ... koning: 1 Sam 18:20-27

^o22:14 aanvoerder ... lyfwag: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “en hy het afgewyk na u lyfwag”. Die Hebreeuse woord vir “hy het afgewyk” en “aanvoerder” klink dieselfde.

^p22:17 hardlopers: Persone wat as 'n soort lyfwag opgetree het en beskikbaar was om opdragte van die koning onmiddellik uit te voer.

^q22:18 linne-efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

^{*}22:18 wat ... dra: 1 Sam 2:28

was Abjatar.* Hy het agter Dawid aan gevlug;²¹ en toe Abjatar vir Dawid vertel dat Saul die priesters van die HERE uitgemoor het,²² het Dawid vir Abjatar gesê: “Ek het daardie dag toe Doëg, die Edomiet, daar was, gewet dat hy dit beslis vir Saul gaan vertel.* Eintlik het ek teen elke persoon in jou familie gedraai.²³ *Bly by my, moenie bang wees nie, want hy wat my lewe soek, soek ook jou lewe. Ja, jy is veilig by my.”

23

Dawid se bevryding van die dorp Keïla

¹ Daar is aan Dawid berig gebring: “Kyk, die Filistyne is besig om teen Keïla te veg, en hulle plunder die dorsvloere!”² *Dawid het die HERE geraadpleeg: “Moet ek gaan en daardie Filistyne aanval?” Die HERE het vir Dawid gesê: “Gaan, val die Filistyne aan en bevry Keïla!”³ Maar die manne van Dawid het vir hom gesê: “Kyk, hier in Juda leef ons reeds in vrees — hoeveel te meer as ons na Keïla toe gaan, na die gevegslinies van die Filistyne?”

⁴ *Dawid het weer die HERE geraadpeeg, en die HERE het hom geantwoord en gesê: “Maak gereed, gaan af na Keïla, want Ek gaan die Filistyne in jou hand gee.”

⁵ Dawid en sy manne het toe na Keïla gegaan en teen die Filistyne geveg. Hy het hulle vee weggedryf en 'n groot slagting onder hulle aangerig. So het Dawid die inwoners van Keïla bevry.

⁶ *Toe Abjatar, seun van Agimelek, na Dawid in Keïla gevlug het, het hy

*22:20 Abjatar: 1 Sam 23:6,9; 30:7

*22:22 daardie dag ... vertel: 1 Sam 21:7; 22:9

*22:23 1 Kon 2:26

*23:2 Num 27:21; 1 Sam 14:3; 23:4,12; 28:6; 2 Sam 2:1; 5:1,23

*23:4 Jos 8:7; Rig 7:7; 20:28; 1 Sam 23:2

*23:6 1 Sam 2:28; 22:20

afgegaan met die efod^r by hom. ⁷ Toe daar aan Saul berig gebring is dat Dawid in Keïla aangekom het, het Saul gesê: “God het hom in my hand oorgelewer, want hy het homself toegesluit deur in 'n dorp met poortdeure en 'n sluitbalk in te gaan.” ⁸ Daarop het Saul al die manskappe opgeroep vir die geveg om af te trek na Keïla en Dawid en sy manne te beleër.

⁹ *Dawid het egter geweet dat Saul besig is om kwaad teen hom te beplan. Hy sê toe vir Abjatar, die priester: “Bring die efod nader!” ¹⁰ Toe sê Dawid: “HERE, God van Israel, u dienskneg het betroubaar verneem dat Saul van plan is om na Keïla te kom en om vanweë my die dorp te verwoes. ¹¹ Sal die burgers van Keïla my oorlewer in die hand van Saul? Gaan Saul afkom, soos u dienskneg verneem het? HERE, God van Israel, maak dit tog aan u dienskneg bekend!” Die HERE het geantwoord: “Hy gaan afkom.”

¹² *Toe vra Dawid: “Sal die burgers van Keïla my en my manne oorlewer in die hand van Saul?” Die HERE het geantwoord: “Hulle sal.”

¹³ *Daarop het Dawid en sy manne — ongeveer seshonderd man — gereedgemaak en uit Keïla weggetrek. Hulle het toe bly rondbeweeg.^s Aan Saul is berig dat Dawid ontvlug het uit Keïla. Hy het toe sy veldtog gestaak.

Dawid in die woestyn van Sif

¹⁴ *Dawid het in die woestyn,^t in die bergskuilings, gebly. Daarna het hy

^r**23:6 efod:** 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

***23:9** 1 Sam 23:6; 30:7

***23:12** 1 Sam 23:2,20

***23:13** 1 Sam 13:15; 25:13

^s**23:13 bly rondbeweeg:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “hulle het gegaan waar hulle gegaan het”.

***23:14** Ps 54:2

^t**23:14 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

in die berggebied van die woestyn van Sif^u gaan bly. Saul het hom die hele tyd gesoek, maar God het hom nie in sy hand oorgegee nie. ¹⁵ Dawid het besef dat Saul uitgetrek het om sy lewe te neem.

Terwyl Dawid in Goresa was, in die woestyn van Sif, ¹⁶ *het Jonatan, Saul se seun, gereedgemaak en na Dawid in Goresa gegaan. Hy het hom in die Naam van God bemoedig^v ¹⁷ * en vir hom gesê: “Moenie bang wees nie, want Saul, my pa, sal jou nie in die hande kry nie. Jy is die een wat koning sal word oor Israel, en ek self sal tweede in bevel wees. Selfs my pa, Saul, weet dat dit so is.” ¹⁸ * Nadat hulle twee voor die HERE 'n ooreenkoms gesluit het, het Dawid in Goresa gebly, en Jonatan het na sy huis teruggegaan.

¹⁹ * Sifiete het na Saul in Gibeon opgegaan en gesê: “Hou Dawid hom nie daar by ons skuil in die bergskuilings by Goresa, op die heuwel van Gakila suid van Jesimon^w nie? ²⁰ As u, o koning, dan nou graag wil afkom na ons, kom gerus af! Dit sal ons verantwoordelikheid wees om hom in die hand van die koning oor te lewer.”

²¹ * Saul het gesê: “Mag julle deur die HERE geseën word, omdat julle medelye met my het. ²² Gaan tref verdere voorbereidings. Maak seker en bekijk sy plek — waar sy spore is, wie hom daar gesien het. Want hulle sê vir my hy is baie geslepe. ²³ Gaan kyk, en maak seker van al die plekke waar hy wegkruip, en kom dan terug na my toe met betroubare inligting. Ek sal dan met julle saamgaan, en as hy wel in die landstreek is, sal ek

^u**23:14 Sif:** 'n Dorp in die suide van Juda, ongeveer 5 km suid van Hebron.

***23:16** 1 Sam 18:1; 20:41-42

^v**23:16 hom ... bemoedig:** Die •bronteks lui “sy hand sterk gemaak in/met God”.

***23:17** 1 Sam 20:30-31; 24:20-22

***23:18** 1 Sam 18:3

***23:19** 1 Sam 26:1; Ps 54:2

^w**23:19 Jesimon:** 'n Onherbergsame gebied in die •Negev naby Sif en Maon.

***23:21** 1 Sam 22:8; 2 Sam 2:5

hom opspoor tussen al die familie-groepe van Juda.”²⁴ Hulle het toe gereedgemaak en voor Saul uit na Sif gegaan.

Dawid en sy manne was in die woestyn van Maon, in die Araba,^x suid van Jesimon.²⁵ Saul en sy manne het hom toe gaan soek. Dawid is daarvoor ingelig, en hy het na die rotsskuiling afgetrek en in die woestyn van Maon gebly. Toe Saul dit hoor, het hy Dawid in die woestyn van Maon agtervolg.

²⁶* Saul het al langs die een kant van die berg getrek, en Dawid en sy manne al langs die ander kant van die berg. Dawid het haastig op die vlug geslaan om van Saul af weg te kom, maar Saul en sy manne was besig om Dawid en sy manne te omsingel om hulle gevange te neem.²⁷ 'n BoodsAPPER het egter by Saul aangekom en gesê: “Maak tog gou en kom, want die Filistyne het 'n aanval geloods op die land!”

²⁸ Saul het Dawid toe nie verder agtervolg nie en die Filistyne tegemoetgetrek. Daarom noem hulle daardie plek Sela-Hammaglekot.^y

24

Dawid in die woestyn by En-Gedi

¹ Dawid het toe daarvandaan opgegaan en in die bergskuilings by En-Gedi^z gaan bly.

²* Nadat Saul teruggekeer het vanwaar hy die Filistyne agtervolg het, is daar aan hom berig gebring: “Kyk, Dawid is in die woestyn by En-Gedi.”

^x**23:24 die Araba:** Dit verwys hier na die dor vlakte suid van die Dooie See.

^{*}**23:26** Ps 17:9; 31:22

^y**23:28 Sela-Hammaglekot:** Die naam beteken ‘rots van skeiding’.

^z**24:1 En-Gedi:** 'n Oase in die woestyn op die suidwestelike oewer van die Dooie See, 45 km suid van Jerigo. Die naam beteken ‘bokfontein’; vgl Jos 15:2; 2 Kron 20:2; Hoogl 1:14.

^{*}**24:2** 1 Sam 24:1; 26:2

³ *Saul het drieduisend^a uitgesoekte manne uit die hele Israel geneem en gegaan om by *Sure-Hajjeëlim*^b na Dawid en sy manne te gaan soek.

⁴ *Op pad het hy by die veekrale aangekom, waar daar 'n grot was. Saul het daar ingegaan om sy voete te bedek.^c Dawid en sy manne het in die agterste deel van die grot gesit. ⁵ *Die manne van Dawid sê toe vir hom: “Kyk, dit is die dag waarvan die HERE vir jou gesê het, ‘Kyk, Ek gaan jou vyande in jou hand gee.’ Maak dan met hom soos jy goeddink.”

Dawid het opgestaan en stilletjies 'n soom van Saul se bokleed afgesny. ⁶ Maar daarna het Dawid se gewete hom gepla,^d omdat hy 'n soom van Saul se bokleed afgesny het. ⁷ *Hy het vir sy manne gesê: “Mag die HERE dit verhoed dat ek so iets doen aan my heer, die gesalfde van die HERE, deur my hand teen hom uit te steek. Hy is immers die gesalfde van die HERE.” ⁸ *Met dié woorde het Dawid sy manne berispe^e en hulle nie toegelaat om teen Saul op te staan nie.

Saul het opgestaan, uit die grot gegaan en koers gekry. ⁹ *Daarna het Dawid opgestaan en uit die grot gegaan. Hy het agter Saul aan geroep: “My heer die koning!” Toe Saul omkyk, kniel Dawid en buig diep neer

*24:3 1 Sam 25:29-30

^a24:3 3 000: Kan ook vertaal word “drie afdelings”.

^b24:3 *Sure-Hajjeëlim*: Die naam beteken ‘rotse van die klipbokke’.

*24:4 Rig 3:24; Ps 57:1; 142:1

^c24:4 **voete te bedek**: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “om te ontlas”.

*24:5 1 Sam 26:8

^d24:6 **Dawid ... gepla**: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “Dawid se hart het hom geslaan”; vgl 2 Sam 24:10.

*24:7 1 Sam 10:1; 25:11; 26:9-11

*24:8 1 Sam 26:11; Matt 5:44; Rom 12:17,19

^e24:8 **berispe**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse werkwoord; dit kan ook vertaal word “uitmekaar laat gaan”.

*24:9 1 Sam 25:23-24; 1 Kon 1:31

met sy gesig teen die grond.

¹⁰ Dawid sê toe vir Saul: “Waarom luister u na die woorde van mense wanneer hulle sê, ‘Kyk, Dawid is daarop uit om u kwaad aan te doen’?”

¹¹ Kyk, u het vandag met u eie oë gesien dat die HERE u vandag in die grot in my hand oorgegee het. Iemand het gesê ek moet u om die lewe bring, maar ek het u jammer gekry. Ek het gesê, ‘Ek sal nie my hand na my heer uitsteek nie, want hy is die gesalfde van die HERE.’ ¹² *En, my vader, kyk, ja, kyk hier, die soom van u bokleed is in my hand. Want toe ek die soom van u bokleed afgesny het, het ek u nie om die lewe gebring nie. Besef dan en sien in dat ek nie kwaad en opstand in die oog het nie.^f Ek het nie teen u gesondig nie, maar u maak jag op my om my lewe te neem. ¹³ *Die HERE sal oordeel tussen u en my, en die HERE sal my op u wreek, maar my hand sal nie teen u wees nie. ¹⁴ Soos die ou spreekwoord sê,

“ ‘Uit goddeloses kom goddeloosheid voort.’* ”

“My hand sal nie teen u wees nie.

¹⁵ “*Agter wie aan het die koning van Israel uitgetrek? Wie is u besig om te agtervolg? U is agter 'n dooie hond aan, agter een vlooi aan! ¹⁶ *Mag die HERE regter wees; mag Hy oordeel tussen u en my; mag Hy kennis neem en my saak verdedig; mag Hy my reg handhaaf deur my uit u hand te red.^g”

*24:12 1 Sam 20:1

^f24:12 ek nie kwaad ... het nie: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “geen kwaad en opstand in my hand is nie”.

*24:13 Rig 11:27; 1 Sam 26:10-11,23

*24:14 Uit ... voort: Vgl Matt 7:16-20; Luk 6:43-45

*24:15 1 Sam 17:43; 26:20; 2 Sam 3:8

*24:16 1 Sam 24:13; 25:39; Ps 35:1; 43:1

^g24:16 deur ... red: Die •bronteks lui “uit u hand”.

¹⁷ *Toe Dawid hierdie woorde klaar vir Saul gesê het, het Saul gevra: “Is dit jou stem, my seun Dawid?” Saul het hardop begin huil ¹⁸ *en vir Dawid gesê: “Jy is regverdiger as ek, want jy het aan my goed gedoen terwyl ek aan jou kwaad gedoen het. ¹⁹ Jy het dit vandag duidelik gemaak dat jy aan my goed doen, dat die HERE my in jou hand oorgelewer het, maar dat jy my nie om die lewe gebring het nie. ²⁰ *As iemand sy vyand teenkom, laat hy hom ongedeerd wegkom?^h Die HERE, Hy sal jou met die goeie beloon vir wat jy vandag aan my gedoen het. ²¹ En nou, kyk, ek weet dat jy beslis koning sal word, en dat die koningskap oor Israel onder jou hand sal standhou. ²² *Lê dan nou vir my 'n eed af by die HERE dat jy nie my nageslag ná my sal uitroei en my naam onder my familie sal uitdelg nie.”

²³ Dawid het toe vir Saul 'n eed afgelê, en Saul het na sy huis toe gegaan. Dawid en sy manne het egter na die bergskuiling opgegaan.

25

Dawid en Abigajil

¹ *Samuel het gesterf. Die hele Israel het byeengekom en oor hom gerou. Hulle het hom by sy huis in Rama begrawe.

Dawid het gereedgemaak en na die woestyn van Paran afgegaan. ² *Daar was 'n man in Maon wie se boerdery in Karmelⁱ was. Dié man was baie

*24:17 1 Sam 26:17

*24:18-19 1 Sam 26:21,23

*24:20-21 1 Sam 13:14; 16:1-13; 23:17

^h24:20 laat ... wegkom: Die Hebreuse idioom kan vertaal word “stuur hy hom weg op 'n goeie pad”.

*24:22 1 Sam 20:14-17; 21:7; 2 Sam 21:7

*25:1 1 Sam 7:17; 28:3 ; Sir 46:13-20

*25:2 1 Sam 23:24

ⁱ25:2 Karmel: Dit is nie die berg Karmel nie, maar 'n plek in die suide van Juda; vgl Jos 15:55.

ryk. Hy het drieduisend skape en duisend bokke gehad. Hy was juis besig om sy skape te skeer in Karmel.

³ Die man se naam was Nabal en sy vrou se naam was Abigajil. Die vrou het 'n goeie verstand en 'n mooi voorkoms gehad; maar die man was hard en 'n boosdoener. Hy was 'n afstammeling van Kaleb.

⁴ Toe Dawid in die woestyn hoor dat Nabal besig is om sy skape te skeer, ⁵ het hy tien jong manne afgevaardig. Dawid het vir die jong manne gesê: “Gaan op na Karmel en gaan dan na Nabal. Vra namens my hoe dit met hom gaan ⁶ en sê dan so, ‘Voorspoed!^j Vrede vir u! Vrede vir u huis en vir alles wat aan u behoort! ⁷ *Ek hoor nou dat hulle besig is om vir u te skeer. Wel, die herders wat aan u behoort, was saam met ons. Ons het hulle nie verneder nie, en hulle het niks vermis die hele tyd wat hulle in Karmel was nie. ⁸ Vra maar vir u jong manne en hulle sal dit vir u bevestig. Laat my jong manne dan nou guns vind in u oë, want dit is 'n goeie dag waarop ons gekom het.^k Gee dan asseblief wat u byderhand het vir u dienaars en vir u seun, vir Dawid.’ ”

⁹ Die jong manne van Dawid het daar aangekom, aan Nabal al hierdie woorde namens Dawid oorgedra, en toe gewag. ¹⁰ *Maar Nabal het die dienaars van Dawid geantwoord en gesê: “Wie is Dawid? Wie is die seun van Isai? Daar is deesdae baie slawe wat dros; amper elkeen loop weg van sy baas af. ¹¹ Moet ek nou my brood en my water en my slaggoed wat ek vir my skeerders geslag het, vat en dit vir manne gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan is nie?”

^j**25:6 Voorspoed:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Letterlik ‘Op die lewe!’ Met die invoeging van 'n konsonant kan die begin van die vers vertaal word “en sê dan so vir my broer”.

***25:7** 1 Sam 25:15,21

^k**25:8 gekom het:** Verskillende Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “gebou het”.

***25:10** Rig 9:28

¹² Die jong manne van Dawid het in hulle spore omgedraai.¹ Hulle het teruggegaan en toe hulle by Dawid aankom, het hulle al hierdie woorde aan hom oorgedra. ¹³ *Dawid sê toe vir sy manne: “Gord elkeen van julle sy swaard aan!” Elkeen het sy swaard aangeord, en ook Dawid het sy swaard aangeord. Ongeveer vierhonderd man het agter Dawid aan opgetrek, en tweehonderd het by die pakgoed gebly.

¹⁴ Vir Abigajil, die vrou van Nabal, het een van die jong manne intussen berig gebring: “Kyk, Dawid het boodskappers uit die woestyn gestuur om ons heer te groet, en hy het hulle uitgeskel. ¹⁵ *Maar die manne was baie goed vir ons. Ons is nie verneder nie, en het niks vermis nie, die hele tyd wat hulle saam met ons rondgetrek het toe ons in die veld was. ¹⁶ *Hulle was 'n muur om ons, snags sowel as bedags, die hele tyd wat ons by hulle was terwyl ons die skape oppas. ¹⁷ *Daarom, oorweeg dit en kyk wat u kan doen, want onheil wag op ons heer en sy hele huis. En hy is te veel van 'n skobbejak dat 'n mens met hom kan praat.”

¹⁸ *Abigajil het gou gemaak; sy het tweehonderd brode, twee kruike wyn, vyf voorbereide skape, vyf sea^m geroosterde graan, honderd blokke saamgeperste rosyne en twee honderd blokke saamgeperste droë vye geneem en dit op donkies gelaai. ¹⁹ *Sy sê toe vir haar diensmeisies: “Gaan voor my uit. Kyk, ek kom agterna.” Vir haar man Nabal het sy egter nie daarvan vertel nie.

¹**25:12 in ... omgedraai:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “na hulle pad omgekeer”.

***25:13** 1 Sam 23:13; 30:9-10

***25:15** 1 Sam 15:7,21

***25:16** Job 1:10

***25:17** 1 Sam 25:25

***25:18** 2 Sam 16:1; 1 Kron 12:40

^m**25:18** 5 sea: Ongeveer 37 ℓ; •Inhoudsmate.

***25:19** Gen 32:20; 1 Sam 25:36

²⁰ Terwyl sy op die donkie ry en onder die beskutting van die berg afgaan, kom Dawid en sy manne juis af in haar rigting, sodat sy hulle ontmoet. ²¹ *Dawid het gedink: “Ek het beslis pure verniet alles wat aan hierdie man behoort, in die woestyn opgepas, sodat daar niks van alles wat aan hom behoort, vermis geraak het nie. Hy vergeld my kwaad vir goed. ²² *Mag God my, Dawid,ⁿ swaar straf^o as ek van almal wat aan hom behoort, een mansmens^p tot môreoggend laat oorbly.”

²³ *Toe Abigajil vir Dawid sien, het sy vinnig van die donkie afgeklim, voor Dawid neergeval en diep neergebuig met haar gesig teen die grond. ²⁴ *Sy het by sy voete neergeval en gesê: “Die blaam rus op my, my heer. Laat my, u dienaars, asseblief direk met u praat en luister na die woorde van u dienaars. ²⁵ *My heer moet hom tog nie steur aan Nabal nie, daardie skobbejak van 'n man, want soos sy naam is, so is hy. Sy naam is Nabal,^q en die dwaasheid loop saam met hom. Maar ek, u dienaars, het nie die jong manne van my heer, wat u gestuur het, gesien nie. ²⁶ *En nou, my heer, so waar as die HERE leef, en u leef — die HERE, wat u daarvan weerhou het om by bloedskuld betrokke te raak deur met u eie hand 'n

***25:21** 1 Sam 15:7,15

***25:22** 1 Kon 14:10; 16:11

ⁿ**25:22 my, Dawid:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “die vyande van Dawid”.

^o**25:22 Mag ... straf:** In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking wat vertaal kan word “So sal God aan Dawid doen en so sal Hy byvoeg.”

^p**25:22 mansmens:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “hy wat teen 'n muur urineer”.

***25:23** Rut 2:10; 1 Sam 20:41; 25:41

***25:24** 2 Kon 14:19

***25:25** 1 Sam 25:3,17; Spr 17:12

^q**25:25 Nabal:** Die naam beteken ‘dwaas’.

***25:26** 1 Sam 25:33; 2 Sam 18:32; Heb 10:30

oorwinning vir uself te behaal — mag dit nou met u vyande en met hulle wat daarop uit is om my heer kwaad aan te doen, gaan soos met Nabal.

²⁷ *En nou, wat hierdie buitengewone geskenk betref wat u slavin vir my heer gebring het, laat dit gegee word aan die jong manne wat in my heer se voetspore volg. ²⁸ *Vergewe asseblief die oortreding van u dienares.

“Aangesien die HERE beslis vir my heer 'n bestendige huis sal vestig, omdat my heer die oorloë van die HERE voer, mag onheil nie naby u kom solank u leef nie! ²⁹ En wanneer mense opstaan om u te agtervolg en u lewe bedreig, mag die lewe van my heer dan toegebind wees in die sakkie van die lewendes by die HERE, u God. Maar die lewens van u vyande, mag Hy dit wegslinger uit die holte van 'n slingervel.

³⁰ “*Wanneer die HERE aan my heer al die goeie doen wat Hy oor u uitgespreek het, en Hy u aanstel as leier^r oor Israel, ³¹ sal hierdie saak nie daar wees as 'n hindernis vir u en as 'n struikelblok in die gedagtes van my heer nie, dat u sonder rede onskuldige bloed vergiet het en dat my heer vir homself 'n oorwinning behaal het nie. En wanneer die HERE aan my heer goed doen, moet u aan u dienares dink.*”

³² *Toe sê Dawid vir Abigajil: “Die HERE, die God van Israel, moet geprys word, Hy wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet! ³³ *Jou goeie oordeel moet geprys word, en jy moet geprys word, omdat jy my vandag daarvan weerhou het om in bloedskuld^s betrokke te raak en met my eie

*25:27 Gen 33:11; 1 Sam 30:26

*25:28 1 Sam 18:17; 2 Sam 7:11,16

*25:30 1 Sam 13:14; 24:20

^r25:30 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

*25:31 En ... dink: Gen 40:14

*25:32 Gen 24:27; Eks 18:10; 1 Sam 25:39

*25:33 1 Sam 25:26,34,39

^s25:33 bloedskuld: Ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

hand vir myself 'n oorwinning te behaal. ³⁴ *Maar aan die ander kant, so waar as die HERE, die God van Israel leef — Hy wat my daarvan weerhou het om jou kwaad aan te doen — sou daar, as jy my nie so gou tegemoetgekom het nie, sonder twyfel teen die môrelik nie 'n enkele mansmens van Nabal oorgebly het nie.”

³⁵ *Dawid het toe dit wat sy vir hom gebring het, uit haar hand aanvaar en vir haar gesê: “Gaan in vrede op na jou huis. Kyk, ek het na jou geluister en ek is jou goedgesind.”^t”

³⁶ *Toe Abigajil by Nabal kom, is hy sowaar besig met 'n feesmaal in sy huis, 'n feesmaal soos dié van 'n koning. Nabal was in 'n gemoedelike bui en hy was baie dronk. Sy het hom toe nie 'n woord, klein of groot, daarvoor vertel voor ligdag die volgende oggend nie.

³⁷ *Die volgende oggend, toe die wyn uit Nabal se lyf was, en sy vrou hom alles vertel, het sy hart in sy binneste gesterf, en hy het soos 'n klip geword. ³⁸ Ongeveer tien dae later het die HERE Nabal getref, en is hy dood.

³⁹ *Toe Dawid hoor dat Nabal dood is, het hy gesê: “Die HERE moet geprys word, Hy wat die regstryd oor my bespotting deur Nabal gevoer het en sy dienskneg weerhou het van kwaad. Die kwaad van Nabal het die HERE op sy eie kop laat neerkom.”

Dawid het toe boodskappers gestuur om met Abigajil te praat om haar vir hom as vrou te neem. ⁴⁰ Dawid se dienaars het by Abigajil in Karmel gekom en vir haar gesê: “Dawid het ons na u gestuur om u vir hom as

*25:34 Rut 3:13; 1 Sam 25:26

*25:35 1 Sam 20:42

^t25:35 ek is jou goedgesind: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “ek lig jou gesig op”.

*25:36 2 Sam 13:23,28

*25:37 Eks 15:16

*25:39 1 Sam 24:15; 25:26,34; 2 Sam 3:28-29

vrou te neem.”⁴¹ *Sy het opgestaan en diep neergebuig met haar gesig teen die grond en gesê: “Hier is u dienaars om as slavin die voete van my heer se dienaars te was.”⁴² *Abigajil het toe gou gereedgemaak en op 'n donkie vertrek met haar vyf diensmeisies wat haar volg. Sy het die boodskappers van Dawid gevolg en sy vrou geword.

⁴³ *Dawid is ook getroud met Aginoam uit Jisreël. Albei van hulle het sy vroue geword. ⁴⁴ *Maar Saul het Mikal, sy dogter, die vrou van Dawid, vir Palti, seun van Lajis, wat uit Gallim was, gegee.

26

Dawid en Saul op die heuwel van Gakila

¹ *Die Sifiete het by Saul in Gibeon gekom en gesê: “Hou Dawid hom nie skuil op die heuwel van Gakila in die omgewing van Jesimon^u nie?”

² *Saul het toe gereedgemaak en afgetrek na die woestyn^v van Sif.^w By hom was daar drieduisend man,^x uitgesoektes van Israel, om na Dawid in die woestyn van Sif te soek. ³ *Saul het op die heuwel van Gakila wat in die omgewing van Jesimon langs die pad lê, kamp opgeslaan.

Dawid het in die woestyn gebly. Toe hy merk dat Saul agter hom aan is

*25:41 1 Sam 15:23

*25:42 Gen 24:61,67; 2 Sam 2:2; 3:3

*25:43 1 Sam 27:3; 30:5

*25:44 1 Sam 18:20,27; 2 Sam 3:14-15

*26:1 1 Sam 23:19,24; Ps 54:2

^u26:1 **Jesimon:** Dit was 'n onherbergsame gebied in die •Negev naby Sif en Maon.

*26:2 1 Sam 24:2-3

^v26:2 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^w26:2 **Sif:** 'n Dorp in die suide van Juda, ongeveer 5 km suid van Hebron.

^x26:2 **3 000 man:** Kan ook vertaal word “drie afdelings manne”.

*26:3 1 Sam 23:19

in die woestyn, ⁴ het hy verkenneers uitgestuur, en uit betroubare inligting agtergekom dat Saul daar aangekom het. ⁵ *Dawid het gereedgemaak en na die plek gegaan waar Saul kamp opgeslaan het. Dawid sien toe die plek waar Saul en Abner, seun van Ner, die bevelvoerder van sy leër, lê. Saul het in die oornagkamp^y gelê, en die manskappe het rondom hom gekamp.

⁶ *Daarop reageer Dawid toe en vra vir Agimelek, die Hetiet, en vir Abisai, 'n seun van Seruja en broer van Joab:^z “Wie gaan saam met my af na Saul, na die kamp toe?” Abisai het geantwoord: “Ek sal saam met jou afgaan.”

⁷ *Dawid en Abisai het in die nag tot by die manskappe gekom, en sowaar, daar lê Saul vas aan die slaap in die oornagkamp, met sy vegspies in die grond gesteek by sy kop, terwyl Abner en die manskappe rondom hom lê. ⁸ *Abisai sê toe vir Dawid: “God het vandag jou vyand in jou hand oorgelewer. Laat ek hom tog nou met die vegspies in die grond vaspen met een steek. Ek sal dit nie 'n tweede keer hoef te doen met hom nie.”

⁹ *Maar Dawid sê vir Abisai: “Moet hom nie uitwis nie. Want wie kan sy hand teen die gesalfde van die HERE uitsteek en onskuldig wees?”

¹⁰ *Verder sê Dawid: “So waar as die HERE leef, die HERE sal hom tref; óf sy dag sal kom en hy sal gewoon sterf, óf hy sal aftrek in die oorlog en

*26:5 1 Sam 14:50-51; 2 Sam 2:8

^y26:5 oornagkamp: In Hebreeus dui die woord op 'n sirkelvormige kamp. Sommige verklaar dit as 'n kamp waar die waens met voorrade was.

*26:6 Rig 7:9-11

^z26:6 seun ... Joab: Seruja was Dawid se suster; vgl 1 Kron 2:16. Haar drie seuns was Joab, Abisai en Asahel; vgl 2 Sam 2:18; 10:10; 23:18.

*26:7 1 Sam 19:13,16

*26:8 1 Sam 18:11; 19:10; 20:33; 24:5

*26:9 1 Sam 24:5-7,11; 26:16

*26:10 1 Sam 25:26,38; 31:6

weggevee word. ¹¹ *Mag die HERE dit verhoed dat ek my hand teen die gesalfde van die HERE uitsteek! Maar vat nou die vegspies wat by sy kop is en die waterkruik, en laat ons padgee.”

¹² *Dawid het die vegspies en die waterkruik by Saul se kop gevat, en hulle het padgegee. Niemand het iets gesien of iets agtergekom of wakker geword nie; maar almal van hulle was aan die slaap, omdat 'n diep slaap, beskik deur die HERE, hulle oorval het.

¹³ Dawid het oorgegaan na die oorkant en ver weg op die top van die heuwel gaan staan. Daar was 'n groot afstand tussen hulle. ¹⁴ Dawid roep toe na die manskappe en na Abner, seun van Ner: “Antwoord jy dan nie, Abner?” Waarop Abner toe antwoord: “Wie is jy wat op die koning skreeu?”

¹⁵ Dawid sê toe vir Abner: “Is jy nie 'n man nie? En wie is jou gelyke in Israel? Waarom het jy dan nie jou heer, die koning, opgepas nie? Want een van die manskappe het ingekom om die koning, jou heer, uit te wis.

¹⁶ *Hierdie ding wat jy gedoen het, is nie goed nie. So waar as die HERE leef, julle verdien die dood,^a omdat julle nie wag gehou het by julle heer, die gesalfde van die HERE nie. Kyk nou 'n bietjie: Waar is die vegspies van die koning en die waterkruik wat by sy kop was?”

¹⁷ *Saul het Dawid se stem herken en gesê: “Is dit jou stem, my seun Dawid?” Waarop Dawid toe antwoord: “Dit is my stem, my heer die koning.” ¹⁸ *Verder sê hy: “Waarom agtervolg my heer sy dienaar? Ja, wat het ek gedoen? Watter kwaad kleef aan my hande?”

*26:11 Deut 32:35; 1 Sam 24:7; Rom 12:17,19

*26:12 Gen 2:21; 15:12

*26:16 1 Sam 26:9

^a26:16 **julle verdien die dood:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “julle is kinders van die dood”.

*26:17 1 Sam 24:17

*26:18 1 Sam 24:10-12

¹⁹ “*Daarom moet my heer die koning asseblief na die woorde van sy dienaar luister: As dit die HERE is wat u teen my aangehits het, laat Hy die geur van 'n •graanoffer ruik. Maar as dit mense is, vervloek is hulle voor die HERE, want hulle het my vandag verdryf, weg van deelname aan die erfenis van die HERE deur te sê, ‘Gaan dien ander gode!’ ²⁰ *Laat my bloed dan nou nie op die aarde val nie, ver van die teenwoordigheid van die HERE. Want die koning van Israel het uitgetrek om na een vlooi te soek soos iemand wat agter 'n patrys aan is in die bergwêreld.”

²¹ *Toe sê Saul: “Ek het gesondig! Kom terug, my seun Dawid, want ek sal jou nie meer kwaad aandoen nie, omdat my lewe vandag kosbaar was in jou oë. Kyk, ek het dwaas opgetree en die spoor heeltemal byster geraak.”

²² Dawid het geantwoord en gesê: “Hier is die vegspies van die koning; laat een van die jong manne oorkom en dit kom haal. ²³ *Die HERE is die Een wat die mens beloon vir sy regverdigheid en sy getrouheid, die HERE wat u vandag in my hand oorgegee het. Maar ek wou nie my hand teen die gesalfde van die HERE uitsteek nie. ²⁴ *Kyk, soos u lewe vandag kosbaar was in my oë, mag my lewe so kosbaar wees in die oë van die HERE, en mag Hy my red uit alle nood.”

²⁵ *Saul sê toe vir Dawid: “Mag jy geseën wees, my seun Dawid. Jy sal nie net baie vermag nie, maar beslis ook seëvier.”

Daarna het Dawid sy koers gegaan, en Saul het teruggekeer na sy woonplek.

*26:19 1 Sam 24:16

*26:20 1 Sam 24:15

*26:21 1 Sam 15:24; 24:18

*26:23 1 Sam 24:10-12; 26:10-11; Ps 7:9

*26:24 Ps 54:9

*26:25 1 Sam 18:14; 24:21

Dawid by die Filistyne

¹ Dawid het vir homself gesê: “Nou gaan ek op 'n dag deur die hand van Saul weggee word. Daar is vir my niks beter nie as om uit te wyk^b na die land van die Filistyne. Dan sal Saul moed opgee oor my, om verder na my te soek in die hele gebied van Israel. Ek sal so aan sy hand ontvlug.”

²*Dawid het toe gereedgemaak, en hy en die seshonderd man wat by hom was, het oorgegaan na Akis, seun van Maok, die koning van Gat.

³*Dawid het toe by Akis in Gat gebly, hy en sy manne, elkeen met sy huisgesin, ook Dawid met sy twee vroue, Aginoam van Jisreël en Abigajil, die weduwee van Nabal^c van Karmel. ⁴Toe daar aan Saul berig gebring is dat Dawid na Gat gevlug het, het hy hom nie verder gesoek nie.

⁵Dawid het vir Akis gesê: “As ek guns gevind het in u oë, laat hulle vir my 'n plek gee in een van die buitedorpe sodat ek daar kan woon. Waarom sou u dienaar in die koninklike stad by u woon?” ⁶*Akis het dieselfde dag nog Siklag vir hom gegee. Daarom behoort Siklag aan die konings van Juda tot vandag toe.

⁷*Die tydperk wat Dawid in die gebied van die Filistyne gewoon het, was een jaar en vier maande. ⁸*Dawid en sy manne het opgetrek en

^b27:1 as ... wyk: Letterlik ‘as dat ek beslis ontvlug’.

*27:2 1 Sam 21:10; 23:13; 29:3; 30:9

*27:3 1 Sam 25:42-44

^c27:3 weduwee van Nabal: Letterlik ‘vrou van Nabal’. Nabal was reeds oorlede.

*27:6 1 Sam 30:1; 1 Kron 12:20

*27:7 1 Sam 29:1-11

*27:8 Eks 15:22; 17:8; Jos 13:2,13; 1 Sam 15:2,7-8

aanvalle geloods op die mense van Gesur;^d op die mense van Geser^e en op die Amalekiete. Ja, hulle was die inwoners van die land wat van altyd af gestrek het van die ingang na Sur tot by Egipteland. ⁹*Wanneer Dawid 'n landstreek aanval, het hy geen man of vrou laat leef nie, maar hy het die kleinvee, beeste, donkies, kamele en klere geneem. Wanneer hy dan terugkeer en by Akis aankom, ¹⁰*vra Akis: “Waar^f het julle vandag 'n aanval geloods?” Dawid sê dan: “In die Negev^g van Juda”, of “teen die mense van Jeragmeël in die Negev”, of “teen die Keniete in die Negev”. ¹¹Dawid het geen man of vrou lewend na Gat geneem nie, want hy het gedink: “Anders kan hulle inligting gee oor ons en sê, ‘So het Dawid gemaak.’ ” Dit was sy gewoonte solank as wat hy in die Filistynse gebied gewoon het.

¹²*Akis het Dawid vertrou, en gedink: “Hy het hom so afstootlik gedra^h by sy volk Israel dat hy vir altyd my dienaar sal wees.”

28

¹ Toe die Filistyne in daardie tyd hulle leërs byeenbring vir oorlog, om teen Israel te veg, het Akis vir Dawid gesê: “Jy moet goed verstaan dat jy

^d**27:8 Gesur:** 'n Klein Aramese staat oos van die see van Galilea en die bloop van die Jordaan.

^e**27:8 Geser:** Verskillende Hebreeuse mss en die •Ou-Latynse vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “Gisriete”.

***27:9** 1 Sam 15:3

***27:10** Rig 1:16; 1 Sam 30:14,29; 1 Kron 2:9,25

^f**27:10 Waar:** Die •Siriese vertaling en •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “Moet nie”.

^g**27:10 Negev:** 'n Droë gebied in die suide van die land Israel.

***27:12** 1 Sam 29:6

^h**27:12 afstootlik gedra:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “heeltemal laat stink”.

saam met my in die leër moet uittrek, jy en jou manne.”² Dawid het Akis geantwoord: “In daardie geval sal u self agterkom wat u dienaar kan doen.” Waarop Akis toe vir Dawid sê: “Goed dan, ek stel jou aan as my permanente lyfwag.”

Saul en die oproeper van geeste

³* Toe Samuel dood is, het die hele Israel oor hom gerou en hom begrawe in sy tuisdorp, in Rama.

Saul het die oproepers van geesteⁱ en die waarsêers* uit die land gesit.

⁴ Die Filistyne het toe byeengekom. Hulle het die land binnegeval en kamp opgeslaan by Sunem.^j Saul het die hele Israel byeengebring, en hulle het kamp opgeslaan by Gilboa.^k

⁵ Toe Saul die leër van die Filistyne sien, was hy bang en het sy hart verskriklik gebewe. ⁶*Saul het die HERE geraadpleeg, maar die HERE het hom nie geantwoord nie, nóg deur drome, nóg deur die urim,^l nóg deur die profete.

*28:3 1 Sam 1:19; 7:17; 25:1; Sir 46:20

ⁱ28:3 **oproepers van geeste:** Die Hebreeuse woord verwys oorspronklik na 'n put waarby die persoon gesit het wanneer sy of hy die gees van 'n dooie uit die onderwêreld oproep. Later word die woord oordragtelik gebruik vir die persoon wat die dooie oproep, en ook vir die gees van die dooie. In vs 7 word verwys na die eienaar van 'n waarsêerput.

*28:3 **oproepers ... waarsêers:** Eks 22:18; Lev 19:31; Deut 18:10-11

^j28:4 **Sunem:** 'n Dorpie langs die Jisreëlvlakte, 12 km noordwes van die berg van Gilboa en 15 km noordwes van Megiddo.

^k28:4 **Gilboa:** Dit is die bergveld suid van die Jisreëlvlakte.

*28:6 1 Sam 14:37; Eseg 20:3; Miga 3:7

^l28:6 **urim:** Die •urim en tummim was vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borstas gedra het en waarmee hy 'n beslissing van God gevra het. Soms word net van die urim gepraat.

⁷*Saul sê toe vir sy amptenare: “Soek vir my 'n vrou wat die eienaar is van 'n waarsêerput, dat ek na haar kan gaan en haar kan raadpleeg.” Sy amptenare sê vir hom: “Kyk, daar is 'n vrou met 'n waarsêerput in Endor.^m”

⁸*Saul het homself vermom en ander klere aangetrek. Hy gaan toe, hy en twee manne saam met hom, en kom in die nag by die vrou aan. Hy sê toe: “Tree asseblief vir my as voorspeller op deur die gees van 'n dooie. Laat vir my dié een opkom wat ek vir jou sal sê.” ⁹Die vrou sê egter vir hom: “Kyk, jy weet self wat Saul gedoen het, dat hy die oproepers van geeste en waarsêers in die land uitgeroei het. Waarom is jy besig om vir my 'n strik te stel om my dood te maak?” ¹⁰Maar Saul het vir haar 'n eed by die HERE afgelê: “So waar as die HERE leef, geen skuld sal op jou rus in hierdie saak nie.”

¹¹Die vrou vra toe: “Wie moet ek vir jou laat opkom?” Hy het gesê: “Laat Samuel vir my opkom.” ¹²Maar toe die vrou Samuel sien, het sy baie hard gegil. Die vrou sê toe vir Saul: “Waarom het u my mislei? U is dan Saul!”

¹³*Toe sê die koning vir haar: “Moenie bang wees nie. Maar wat sien jy?” Die vrou het vir Saul gesê: “Ek sien 'n geestelike weseⁿ besig om uit die grond op te kom.”

¹⁴*Hy vra haar toe: “Hoe lyk hy?” Sy het geantwoord: “'n Ou man is besig om op te kom, en hy het 'n bokleed om hom.” Toe weet Saul dat dit Samuel is. Hy het gekniel en diep neergebuig met sy gesig teen die grond.

*28:7 1 Kron 10:13-14; Hand 17:16

^m28:7 Endor: 'n Dorpie 6 km suidwes van die berg Tabor, noordoos van die Filistynse kamp by Sunem; vgl Jos 17:11.

*28:8 1 Kon 22:30; Jes 8:19-20

*28:13 2 Kron 33:6

ⁿ28:13 geestelike wese: Kan ook vertaal word “gode” of “'n god”.

*28:14 1 Sam 15:27

¹⁵ *Samuel sê toe vir Saul: “Waarom steur jy my deur my te laat opkom?” Saul het geantwoord: “Ek is baie benoud. Die Filistyne voer teen my oorlog en God het van my gewyk. Hy antwoord my nie meer nie, nóg deur die profete, nóg deur drome. Toe het ek u opgeroep om aan my te kenne te gee wat ek moet doen.”

¹⁶ Toe sê Samuel: “En waarom raadpleeg jy my, as die HERE van jou gewyk en jou teenstander geword het?” ¹⁷ *Die HERE het aan jou^p gedoen soos Hy deur my bekend gemaak het: Die HERE het die koningskap uit jou hand geruk en dit aan jou medemens, aan Dawid, gegee. ¹⁸ *Omdat jy nie na die stem van die HERE geluister het nie, en nie sy gloeiende toorn oor Amalek voltrek het nie, daarom doen die HERE dit vandag aan jou. ¹⁹ *Die HERE sal ook Israel saam met jou in die hand van die Filistyne oorgee. En môre sal jy en jou seuns by my wees. Ook die leer van Israel sal die HERE in die hand van die Filistyne oorgee.”

²⁰ Saul het dadelik in sy volle lengte op die grond neergeval. Hy was angsbevange oor die woorde van Samuel. Daar was ook geen krag oor in hom nie, want hy het die hele dag en nag niks geëet nie.

²¹ Die vrou het na Saul gekom, en toe sy sien dat hy heeltemal verskrik is, sê sy vir hom: “Kyk, u slavin het na u geluister. Ek het my lewe gewaag* en u woorde gehoorsaam wat u vir my gesê het. ²² Luister u dan

*28:15 1 Sam 14:37; 16:14; 18:12

°28:16 **jou teenstander ... het:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat met “teenstander” vertaal is. Sommige wysig een letter van die woord en vertaal “wat teen jou is”.

*28:17 1 Sam 15:28

^p28:17 **aan jou:** 'n Aantal Hebreeuse mss, die •Septuagint en die •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “aan hom”.

*28:18 1 Sam 15:1-9; 1 Kron 10:13; vgl 1 Kon 20:42

*28:19 1 Sam 31:2

*28:21 **Ek ... gewaag:** Rig 12:3; 1 Sam 19:5

nou ook asseblief na u slavin. Laat ek 'n stukkie brood voor u neersit, sodat u kan eet. U moet krag hê, omdat u op u pad moet gaan.”

²³ *Maar hy het geweier en gesê: “Ek gaan nie eet nie.” Sy dienaars en ook die vrou het egter by hom aangedring. Hy het toe na hulle geluister, van die grond af opgestaan en op die bed gaan sit.

²⁴ *Die vrou het by die huis 'n kalf op stal^q gehad, en sy het dit gou geslag. Sy het meel geneem, dit geknie en ongesuurde brood gebak. ²⁵ Sy het dit vir Saul en sy dienaars voorgesit en hulle het geëet. Hulle het gereedgemaak en dieselfde nag nog vertrek.

29

Wantroue van die Filistyne teenoor Dawid

¹ *Die Filistyne het hulle hele leër by Afek byeengebring, en Israel het kamp opgeslaan by die fontein in Jisreël. ² Terwyl die Filistynse regeerders in eenhede van honderd en duisend verbytrek, het Dawid en sy manne heel agter saam met Akis verbygetrek. ³ Die bevelvoerders van die Filistyne sê toe: “Wat van hierdie Hebreërs?” Waarop Akis vir die Filistynse bevelvoerders sê: “Is dit nie Dawid, die dienaar van Saul, die koning van Israel, wat al 'n geruime tyd by my is nie? Ek kon niks teen hom vind nie, van die dag af dat hy oorgeloop het tot vandag toe.”

⁴ Die bevelvoerders van die Filistyne was woedend vir hom. Die Filistynse bevelvoerders het vir hom gesê: “Stuur die man terug! Hy moet teruggaan na sy plek wat jy aan hom toegewys het. Hy mag nie saam met

*28:23 1 Kon 21:14; 2 Kon 5:13

*28:24 Gen 18:6-7

^q28:24 kalf op stal: Word ook vertaal “vetgemaakte kalf”.

*29:1-5 1 Sam 4:1; 27:7; 28:1; 1 Kron 12:19-20

^r29:3 Hebreërs: 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

ons aan die geveg deelneem nie, sodat hy nie in die geveg ons teenstander word nie. Waarmee sal dié man homself weer vir sy heer aanvaarbaar maak? Is dit nie met die koppe van hierdie manne nie? ⁵ Is dit dan nie Dawid, vir wie hulle in hulle kringdansen^s sing nie?

“ ‘Saul het sy duisende verslaan,
maar Dawid sy tienduisende!’ ”*

⁶ *Akis het Dawid toe ontbied en vir hom gesê: “So waar as die HERE leef, jy is opreg. Dit is goed in my oë dat jy saam met my in die oorlog uittrek en terugkeer; want ek het niks verkeerds in jou gevind nie, van die dag af dat jy by my aangekom het tot vandag toe. Maar in die oë van die Filistynse regeerders is jy nie goed nie. ⁷ Draai dan nou om en gaan in vrede, en moet niks verkeerds doen in die oë van die Filistynse regeerders nie.”

⁸ Toe sê Dawid vir Akis: “Maar wat het ek gedoen? En wat het u in u dienaar gevind, van die dag af dat ek by u teenwoordig is tot vandag toe, dat ek nie mag gaan en veg teen die vyande van my heer die koning nie?”

⁹ Akis antwoord toe en sê vir Dawid: “Ek weet dit. Ja, jy is in my oë so goed soos 'n boodskapper van God;* maar die Filistynse bevelvoerders het gesê, ‘Hy mag nie saam met ons in die oorlog optrek nie.’ ¹⁰ Staan nou môre vroeg op, jy en die dienaars van jou heer wat saam met jou gekom het.[†] Julle moet vroeg môre opstaan, en as dit lig genoeg is, moet julle

^s**29:5 kringdansen:** Die Hebreeuse woord dui gewoonlik aan dat daar deur meisies in 'n kring gedans word.

***29:5 Saul ... tienduisende:** 1 Sam 18:6-7; 21:11

***29:6** 1 Sam 27:12

***29:9 soos ... God:** 2 Sam 14:17,20; 19:27

[†]**29:10 gekom het:** Daar het waarskynlik woorde hierna uitgeval in die •bronteks. Die •Septuagint lui “en gaan na die plek wat ek aan julle toegewys het. Moenie 'n lelike woord in jou hart dra nie, want wat my betref, is jy goed”.

vertrek.”

¹¹ *Dawid het toe vroeg opgestaan, hy en sy manne, om in die oggend te vertrek en terug te gaan na die land van die Filistyne. Toe het die Filistyne opgeruk na Jisreël.

30

Dawid se oorwinning oor die Amalekiete

¹ *Toe Dawid en sy manne die derde dag by Siklag aankom, het die Amalekiete 'n strooptog uitgevoer in die Negev en in Siklag. Hulle het Siklag aangeval en afgebrand. ² Hulle het die vroue wat daarin was, weggevoer, van die kleinste tot die grootste. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar hulle voor hulle uit aangejaag en padgegee. ³ Toe Dawid en sy manne by die dorp aankom — daar is die dorp afgebrand en die vroue en seuns en dogters weggevoer! ⁴ Dawid en die manskappe by hom het hard begin skreeu en gehuil totdat daar nie meer krag in hulle oor was om te huil nie. ⁵ *Die twee vroue van Dawid, Aginoam van Jisreël en Abigajil, die weduwee van Nabal^u van Karmel, is ook weggevoer. ⁶ Dit was vir Dawid 'n tyd van groot benoudheid, want die manskappe het gedreig om hom te stenig. Al die manskappe was immers bitter ontsteld, elkeen oor sy seuns en dogters. Maar Dawid het krag gevind by die HERE sy God.

⁷ *Dawid sê toe vir Abjatar, die priester, seun van Agimelek: “Bring asseblief vir my die efod^v nader.” Abjatar het die efod na Dawid gebring,

*29:11 1 Sam 29:1

*30:1 1 Sam 27:6,8; 30:14,26; 1 Kron 12:20-21

*30:5 1 Sam 25:42-43; 27:3

^u30:5 weduwee van Nabal: Letterlik ‘vrou van Nabal’. Nabal was reeds oorlede.

*30:7-10 Eks 28:30; 1 Sam 23:2-9; 25:13; 30:21

^v30:7 efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

⁸ en Dawid het die HERE geraadpleeg: “Moet ek hierdie rowerbende agtervolg? Sal ek hulle inhaal?” Die HERE^w het vir hom gesê: “Jy moet, want jy sal hulle beslis inhaal en jy sal beslis jou mense^x bevry.”

⁹ Dawid het toe vertrek, hy en die seshonderd man by hom; en toe hulle by die dal van Besor kom, het die wat agter geraak het, daar agtergebly.

¹⁰ Maar Dawid het die agtervolging voortgesit, hy en vierhonderd man, terwyl tweehonderd man wat te uitgeput was om die dal van Besor oor te steek, agtergebly het.

¹¹ Hulle kry toe 'n Egiptenaar in die veld en neem hom na Dawid. Hulle het vir hom brood gegee, en hy het geëet. Hulle het hom ook water gegee om te drink. ¹² *Toe gee hulle vir hom 'n skyf saamgeperste droë vye en twee blokke saamgeperste rosyne. Hy het dit geëet en sy lewenskrag het teruggekeer, want hy het vir drie dae en drie nagte nie brood geëet of water gedrink nie.

¹³ Dawid vra hom toe: “By wie hoort jy, en waar kom jy vandaan?” Hy het geantwoord: “Ek is 'n jong man van Egipte, die slaaf van 'n Amalekiet. My heer het my agtergelaat, omdat ek drie dae gelede siek geword het.

¹⁴ *Ons het 'n strooptog uitgevoer in die Negev van die Kretensers, en in die Negev wat aan Juda behoort, en in die Negev van Kaleb; en ons het Siklag afgebrand.”

¹⁵ *Toe vra Dawid hom: “Sal jy my af neem na hierdie rowerbende?” Hy het geantwoord: “Sweer eers vir my by God dat u my nie sal doodmaak nie, en dat u my nie sal oorlewer in die hand van my heer nie, dan sal ek u af neem na hierdie rowerbende.”

^w30:8 Die HERE: Die •bronteks lui “Hy”.

^x30:8 jou mense: Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

*30:12 1 Sam 25:18

*30:14 Jos 14:13; 1 Sam 21:11-12; 27:10; 30:1

*30:15 Deut 23:15

¹⁶ Hy het hom af geneem, en daar is hulle toe, versprei oor die hele gebied, besig om te eet en te drink en fees te vier met die hele groot buit wat hulle uit die gebied van die Filistyne en die gebied van Juda geneem het. ¹⁷ *Dawid het hulle aangeval, van ligdag af tot die aand van die volgende dag. Niemand van hulle het ontkom nie, behalwe vierhonderd jong manne wat op kamele geklim en gevlug het. ¹⁸ *Dawid het alles wat die Amalekiete gevat het, teruggevat. Dawid het ook sy twee vroue gered. ¹⁹ Niks van wat aan hulle behoort, is vermis nie, klein of groot, seun of dogter, of enigiets van die buit nie — alles wat die bende vir hulle gevat het, dit alles het Dawid teruggebring. ²⁰ Dawid het ook op al hulle kleinvee en beeste beslag gelê. Die manne het dit voor die ander vee aangejaag en gesê: “Dit is Dawid se buit.”

²¹ *Toe Dawid by die tweehonderd manne aankom wat te moeg was om Dawid te volg en vir wie hulle in die dal van Besor agtergelaat het, het hulle Dawid en die manskappe wat by hom was, tegemoetgegaan. Toe Dawid by die manskappe kom, het hy gevra hoe dit met hulle gaan.

²² Maar al die slegtes en deugniete onder die manne wat saam met Dawid gegaan het, het gereageer en gesê: “Omdat hulle nie saam met ons gegaan het nie, sal ons nie vir hulle van die buit gee wat ons teruggevat het nie; behalwe elkeen se vrou en kinders — dié mag hulle weglei, en dan moet hulle gaan.”

²³ *Maar Dawid het gesê: “My broers, julle mag nie so maak met wat die HERE vir ons gegee het nie. Hy het ons beskerm en die rowerbende wat teen ons te staan gekom het, in ons hand gegee. ²⁴ *Wie sal na julle luister

*30:17 1 Sam 15:3; 27:9; 2 Sam 1:1

*30:18-19 1 Sam 30:8

*30:21 1 Sam 30:9-10

*30:23 Deut 20:4,14

*30:24 Num 31:26-27; Jos 22:8; 1 Sam 25:13

in hierdie saak? Want die deel van die een wat aan die geveg deelneem, is dieselfde as die deel van die een wat by die pakgoed bly; hulle deel gelykop.”²⁵ Van daardie dag af en verder was dit toe so. Hy het dit as 'n vaste reël en gebruik vir Israel neergelê tot vandag toe.

²⁶ *Toe Dawid by Siklag aankom, het hy, as 'n vriend, van die buit vir die oudstes van Juda gestuur met die woorde: “Hier is 'n buitengewone geskenk vir julle uit wat gebuit is van die HERE se vyande.”²⁷ Hy het dit gestuur aan dié wat in Bet-El, in Ramot in die Negev en in Jattir is,²⁸ aan dié wat in Aroër, in Sifmot en in Estemoa is,²⁹ *aan dié wat in Rakal, aan dié wat in die dorpe van Jeragmeël se mense en in die dorpe van die Keniete is,³⁰ en aan dié wat in Gorma, in Bor-Asan en in Atak is,³¹ *en aan dié wat in Hebron is — al die plekke waar Dawid rondgetrek het, hy en sy manne.

31

Dood van Saul

(1 Kron 10:1-12)

¹ *Intussen het die Filistyne teen Israel geveg en die manne van Israel het voor die Filistyne uit gevlug; die gesneuweldes het op die berg van Gilboa gelê. ² *Die Filistyne het op Saul en sy seuns se hakke gebly en hulle het Jonatan, Abinadab en Makisua, Saul se seuns, neergevel.

³ Die geveg het verhewig in Saul se rigting, en toe die skutters, die manne met die boog, op hom afkom, het hy onbedaarlik gebewe vir die boogskutters.^y

*30:26 1 Sam 25:27-28

*30:29 1 Sam 15:6; 27:10

*30:31 Jos 21:11-13; 2 Sam 2:1,4

*31:1 1 Sam 28:4; 2 Sam 1:6-10

*31:2 1 Sam 14:49; 28:19

^y31:3 onbedaarlik ... boogskutters: In aansluiting by die •Septuagint word ook vertaal “is hy ernstig gewond deur die boogskutters”.

⁴*Saul sê toe vir sy wapendraer: “Trek jou swaard en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes, en deurboor my en martel my.” Maar sy wapendraer wou nie, want hy was angsbevange. Toe vat Saul sy swaard en val daarin. ⁵*Toe sy wapendraer sien dat Saul dood is, val ook hy in sy swaard en sterf saam met hom. ⁶ So het Saul, sy drie seuns en sy wapendraer, asook al sy manne, op daardie dag saam gesterf.

⁷ Toe die manne van Israel wat oorkant die vallei was, en dié wat oorkant die Jordaan was, agterkom dat die manne van Israel gevlug het, en dat Saul en sy seuns dood is, het hulle die dorpe verlaat en gevlug. Die Filistyne het toe gekom en daar gaan woon.

⁸ Die volgende dag, toe die Filistyne kom om die gesneuweldes te plunder, kry hulle Saul en sy drie seuns waar hulle op die berg van Gilboa lê. ⁹*Hulle het sy kop afgekap en hom van sy wapens gestroop. Hulle het boodskappers in die land van die Filistyne rondgestuur om in die tempels van hulle afgode en aan die volk die goeie nuus te bring. ¹⁰ Hulle het sy wapens in die tempel van die Astartes^z neergesit, maar sy lyk het hulle teen die muur van Bet-San vasgeslaan. ¹¹*Toe die inwoners van Jabes in Gilead dit hoor — wat die Filistyne aan Saul gedoen het — ¹² het al die bedrewe manne gereedgemaak en die hele nag lank geloop. Hulle het die lyk van Saul en die lyke van sy seuns van die muur van Bet-San verwyder, na Jabes gegaan en hulle daar verbrand. ¹³ Toe het hulle hulle beendere geneem en dit onder die tamarisk by Jabes begrawe. Hulle het sewe dae lank gevas.

*31:4 Rig 9:54

*31:5-6 1 Sam 26:9-10

*31:9 1 Sam 17:51,54; 2 Sam 1:20

^z31:10 die Astartes: 'n Vrugbaarheidsgodin wat met liefde en oorlog geassosieer is. Die meervoud “Astartes” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die godin; vgl 1 Sam 7:3.

*31:11-13 1 Sam 11:1-11; 2 Sam 2:4-7; 21:12-14